

DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN KWANYAMA

Oorsig oor die vorm en inhoud

deur

W O L F G A N G Z I M M E R M A N N

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Departement

BANTOETALE

van die Universiteit van Suid-Afrika

INHOUDSOPGAWE.

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
Voorwoord	(vi)
INLEIDENDE HOOFSTUK	(vii)
Doelstelling	(vii)
Afkortings en simbole	(viii)
Verwysing na bylaes	(ix)
I. DIE VORME VAN DIE KLASPREFIKSE	1
Oorsigtelike inleiding.	
Die klasse	1
Die klasprefikse	4
Verwysing na toon	5
KLAS 1.	
Prefiks <u>om-</u> , <u>omw-</u>	7
Morfologiese afleidings	10
KLAS 1a.	
Prefiks	12
KLAS 2.	
Prefiks <u>ova-</u>	12
Morfologiese afleidings	13
KLAS 2a.	
Prefiks <u>oo-</u>	13
KLAS 3.	
Prefiks <u>om-</u> , <u>omw-</u>	13
Morfologiese afleidings	14
KLAS 4.	
Prefiks <u>omi-</u> , <u>omy-</u>	15

HOOFSTUKBLADSY

KLAS 5.

Prefiks <u>e-</u>	16
Morfologiese afleidings	17

KLAS 6.

Prefiks <u>oma-</u>	18
Morfologiese afleidings	18

KLAS 7.

Prefiks <u>oshi-</u>	20
Morfologiese afleidings	21

KLAS 8.

Prefiks <u>oi-</u> , <u>oy-</u>	22
Morfologiese afleidings	22

KLAS 9.

Prefiks <u>o(N)-</u>	23
Morfologiese afleidings	31

KLAS 10/(9).

Prefiks <u>ee(N)-</u> , soms <u>oyo(N)-</u>	32
Morfologiese afleidings	33

KLAS 11.

Prefiks <u>olu-</u> , <u>olw-</u>	34
Morfologiese afleidings	34

KLAS 12.

Prefiks <u>oka-</u>	35
Morfologiese afleidings	35

KLAS 14.

Prefiks <u>ou-</u> , <u>ow-</u>	36
Morfologiese afleidings	37

HOOFSTUK.BLADSY

KLASSE 15 en 15a.

Prefiks <u>oku-</u> , <u>okw-</u>	37
Morfologiese afleidings	38

LOKATIEFKLASSE 16, 17 en 18.

Prefikse <u>pu-</u> , <u>pw-</u> ; <u>ku-</u> , <u>kw-</u> ; <u>mu-</u> , <u>mw-</u>	39
Morfologiese afleidings	41
Enklitiese vorme <u>po</u> , <u>ko</u> , <u>mo</u>	43
Kombinasies van klasprefikse	44
Die aanvangsvokaal <u>o-</u> en dië se verband met die kopula	48
Weglatings van die aanvangsvokaal <u>o-</u>	51

II. DIE INHOUD VAN DIE KLASSE

Inleiding	54
KLAS 1	57
KLAS 1a	57
KLAS 2	58
KLAS 2a	58
KLAS 3	59
KLAS 4	64
KLAS 5	64
KLAS 6	72
KLAS 7	73
KLAS 8	79
KLAS 9	80
KLAS 10(9)	88
KLAS 11	89
KLAS 12	92
KLAS 14	95
KLAS 15 en 15a	97
LOKATIEFKLASSE 16, 17 en 18	98

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
III. <u>AFGELEIDE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE</u>	100
Deverbatiewe	
Algemene opmerkings en reëls	100
In klas 1	101
In klas 3	103
In klas 5	104
In klas 7	105
In klas 9	107
In klas 11	109
In klas 14	110
Deadjektiewe	111
A. S.nwe. wat van adjektiefstamme afgelei is	112
B. Adjektiewe wat naamwoordelik gebruik word	114
Deïdeofone	117
IV. <u>AANVOEGSELS VAN DIE S.NW.</u>	118
A. Voorvoegsels	118
Besitskakels	119
Negatiewe kopulatiewe vormelemente <u>ha-</u> en <u>ke-</u>	122
Voegwoordelike vormelement <u>na-</u>	123
Vormelement <u>ku-</u> saam met passiewe	125
Vormelemente <u>nga-</u> , <u>molwa-</u> / <u>polwa-</u> en <u>pa-</u>	125
Kombinasies van voorvoegsels	126
B. Agtervoegsels	127
Intensiewe agtervoegsel <u>-elela</u>	127
Diminutiewe agtervoegsel <u>-ona</u> of <u>-ena</u> ..	127

HOOFSTUKBLADSY

Persoonlike v.nwe. <u>ove</u> en <u>nye</u> as	
agtervoegsels	128
Die agtervoegsel <u>-nhu</u>	128
Die agtervoegsel <u>-edi</u>	129
Die agtervoegsel <u>-onwa</u>	130
C. Invoegsels	130
Die invoegsel <u>-na-</u>	130
Die invoegsel <u>-kwa-</u>	131
V. <u>OPSOMMING</u>	133
Bronnelys	137
Bylaag: Vokaal- en konsonantkaart	
van Kwanyama	139

V O O R W O O R D.


Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van koste van hierdie navorsing word hierby erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Opregte dank word betuig aan

my studieleier, prof. D.Ziervogel,
vir sy raad en leiding

mnr. G.S.Taapopi vir sy waardevolle
wenke en kontrolering van die
KWANYAMA-woorde en

aan mev. J.E.Louw wat onvermoeid die
tikwerk onderneem het.



INLEIDENDE HOOFSTUK.

0.1 In die verre noorde van Suidwes-Afrika is 'n aantal inboorlinggebiede geleë wat vanaf die westkus tot by die Caprivistroom in die ooste strek. In die weste, met die Kunenerivier as noordelike en die Atlantiese Oseaan as westelike grens, lê 'n ruwe bergagtige gebied wat as die Kaokoveld, of deesdae Kaokoland bekend staan. Dit is die tuisland van die Hererosprekende Himba. In die ooste, afgesien van die nog verder oos geleë Caprivistroom, lê die Kavango-tuisland. Hier woon die Kwangali, Shambyu, Gciriku en Mbukushu. Tussen hierdie twee gebiede lê Owambo, tuiste van die Wambo¹⁾. Dit is verreweg die digsbewoonde gebied in S.W.A. en het 'n bevolking van meer as 300,000. Ofskoon politieke en etniese saamgesnoer, word die Wambo in agt stamme verdeel waarvan die KWANYAMA en Ndonga, hoofsaaklik vanweë hul getalsonoorwig en as gevolg van sendingaktiwiteite, die vernaamstes is. Indien die grens tussen Angola en S.W.A. buite rekening gelaat word, sou die KWANYAMA na skatting twee keer soveel as die Ndonga kon tel, ongeveer 140,000 teenoor 70,000. Die tale van die onderskeie groepe is dialekties aan mekaar verwant en is onderling verstaanbaar. Sowel KWANYAMA as Ndonga word in Owambo as amptelike tale erken. Die vernaamste verskille tussen die twee lê in die eerste plek in die klankstelsel en fonologie en in die tweede plek in die woordeskate, terwyl die morfologie slegs enkele wesenlike verskille toon. In hierdie studie sal verwysings na Ndonga soms onvermydelik wees.

Doelstelling.

0.2 'n Aanhaling uit 'n uitgawe van "Bantu-Studies" (Doke, Maart 1933, p.26) mag die toestand van ons kennis van prof. Doke se suidwestelike Bantoetaalgroep paslik...
(viii)...

¹⁾ 'Owambo' was tot onlangs as 'Ovamboland' bekend en die 'Wambo' as 'Ovambo'.

illustreer: "We confess, however, that in this field we are sadly lacking in information, as to the population involved and the relative importance to-day of these languages, and can make no definite suggestions of value until the necessary survey has been undertaken."

Die behoefte aan meer ontsluitende kennis van genoemde taalgroep bestaan in n groot mate vandag nog. Ofskoon die selfstandige naamwoord in KWANYAMA maar een aspek is, en daar slegs aan geraak word, mag dit moontlik n bydrae tot ons kennis van die Suidwestale lewer.

Afkortings en simbole

0.3 B.	Oer-Bantoe
Kw.	Kwanyama
Nd.	Ndonga
Her.	Herero
Kwg.	Kwangali
Mb.	Mbukushu
Z.	Zoeloe
defkte.(wwe.)	defektiewe werkwoorde
teenw.	teenwoordige (tyd)
ind.	indikatatief
abs. (vnw.)	absolute voornaamwoord
dem. (I, II, III)	demonstratief I, II, III)
verl. (tyd)	verlede (tyd)
1ste pers. ekv.	eerste persoon enkelvoud
o/sk.	onderwerpskakel
b/sk.	besitskakel
lok.	lokatief
Afr.	Afrikaans
Eng.	Engels
Port.	Portugees

0.4 Die skuinsstreep (/) word o.a. gebruik om morfeem-skeidings aan te dui. Die asterisk (*) vooraan woorde dui op hipotetiese vorme. Die sillabiese nasaal word met m aangedui.

BYLAES.

0.5 Vir die gerief word agter in die studie n vokaal- en konsonantkaart van KWANYAMA en n bronnelys ingesluit.

HOOFSTUK I.

DIE VORME VAN DIE KLASPREFIKSE.

Oorsigtelike inleiding.

Die Klasse.

1.1 Om die selfstandige naamwoord kategorie in te deel, maak KWANYAMA gebruik van 18 klasprefikse waarvan klasse 16 pu-, 17 ku- en 18 mu- lokatiefklasse is.¹⁾ 'n Opsomming van die klasse soos hulle hieronder volg, is in pare gegee volgens hul enkel- en meervoudsgebruik in die taal. Die volgorde is gebaseer op Meinhof se indeling¹⁾:

<u>Enkelvoud</u>	<u>Meervoud</u>
1 <u>om-</u> , <u>omw-</u>	2 <u>ova-</u>
1a -	2a <u>oo-</u>
3 <u>om-</u> , <u>omw-</u>	4 <u>omi-</u> , <u>omy-</u> ; <u>soms</u> 10/3 <u>ee/mw-</u>
5 <u>e-</u>	6 <u>oma-</u>
7 <u>oshi-</u>	8 <u>oi-</u> , <u>oy-</u>
9 <u>o(N)</u>	10/(9) <u>ee(N)-</u> , <u>soms oyo(N)-</u>
11 <u>olu-</u> , <u>olw-</u>	6/11 <u>oma/lu-</u> , <u>oma/lw-</u> ; <u>soms</u> 10/(9) <u>ee(N)-</u>
12 <u>oka-</u>	14 <u>ou-</u> , <u>ow-</u>
14 <u>ou-</u> , <u>ow-</u>	6/14 <u>oma/u-</u> , <u>oma/w-</u>
15 <u>oku-</u> , <u>okw-</u>	-
15a <u>oku-</u> , <u>okw-</u>	6/(15a) <u>oma/(ku-)</u> , <u>oma/(kw-)</u>
16 <u>pu-</u> , <u>pw-</u> } 17 <u>ku-</u> , <u>kw-</u> } lokatiefklasse <u>mu-</u> , <u>mw-</u> }	

OPMERKINGS:

- (i) Die nasaal m van die klasprefikse van klasse .
2/.....

¹⁾ Die verwysing na klasse met syfers (en hul volgorde) is gebaseer op die indeling in Phonology, C.Meinhof en N.J. van Warmelo, Berlyn 1932, pp. 39-40

1 en 3 is sillabies. Meer besonderhede hieroor volg in par. 1.8.

- (ii) Klasse 12 en 13: Die volgorde van die betrokke klasse is by Meinhof en Bleek omgekeerd. Volgens die sisteem, nl. om eers die enkelvouds- en daarna die ooreenstemmende meervoudsprefiks te gee, het Guthrie (1967, p.37) die oorspronklike nommertoenings omgeruil sodat die nommer '12' aan die enkelvoudsprefiks oka- gekoppel is. Klas 13, wat 'n meervoudsprefiks is, kom nie in die WAMBO-tale voor nie.¹⁾

1.2 Elke klasprefiks word hieronder afsonderlik behandel. Naas die vorme wat die klasprefikse aanneem, is dit ook nodig en insiggewend om telkens na daardie morfeem te verwys wat van die betrokke prefiks afgelei is. Dit bring die verband tussen sommige klasse duideliker na vore. Hierdie afgeleide morfeme kan, wat hul funksies betref, in twee hoofgroepe verdeel word: In die een geval dien dit as skakel tussen die naamwoord en ander dele van die sin en sou die term SKAKEL-MORFEEM gebruik kon word. Anders gestel: die skakelmorfeem help die verband tussen die naamwoord en ander sinsdele bepaal. In die ander geval word dit gebruik om alle pronomina te vorm en word in dié geval na die PRONOMINALE WORTELMORFEEM verwys. Die volgende skematiese voorstelling bied 'n verduideliking in 'n breër verband:-

3/...

1) Klas 13 kom wel in ander Suidwestale voor:
Herero: otu-
Kwangali: tu-

AFGELEIDE KLASPREFIKSMORFEEM

- | | |
|--|--|
| A. <u>Skakelmorfeem</u>
(ter vorming van) | B. <u>Pronominale wortelmorfeem</u>
(ter vorming van) |
| 1. Verbale skakelmorfeme | 1. Absolute voornaamwoorde |
| 2. Kwalifikatiewe skakelmorfeme
(ter vorming van) | 2. Demonstratiewe |
| besitskakels | |
| adjektiefskakels | |
| enumeratiewe skakels | } |
| kwantitatiewe skakels | } |
| interrogatiewe skakels) | } |

OPMERKINGS:

(i) Kwalifikatiewe skakels:

Morfologies kan ons slegs drie reekse skakels onderskei, nl.

1. n besitskakelreeks
2. n adjektiefskakelreeks
3. n enumeratiewe, kwantitatiewe, interrogatiewe skakelreeks

Die terme enumeratief, kwantitatief en interrogatief word gerieflikheids- en volledigheidshalwe gegee.

(ii) Ons het in hierdie hoofstuk met die vorme van die klasprefikse te make. n Uiteensetting van alle skakelreekse is dus nie ter sake nie en sou dit buitendien n afsonderlike hoofstuk kon regverdig. Vir vergelykende doeleindes sou dit voldoende wees om telkens slegs die verbale skakelvariante en die pronomina te gee.

Die klasprefikse

1.3 KWANYAMA behoort tot daardie Bantoetale waarvan die meerderheid klasprefikse deur 'n aanvangsvokaal voorafgegaan word. Die uitsonderings is klasse 1a(-), 5(e-) en die lokatiefklasprefikse pu-, ku- en mu-. Meinhof se verklaring dat die preprefiks in Oer-Bantoe ʃa- moes gewees het (1948, pp.68-69), lyk ook vir KWANYAMA aanneemlik. In Zoeloe het die aanvangskonsonant ʃ verdwyn en die vokaal -a- het in die meeste gevalle volkome met die vokaal van die prefiks geassimileer. In KWANYAMA (asook in die ander WAMBO-dialekte en Herero) het slegs gedeeltelike vokaalassimilasie plaasgevind, vergelyk:

(a)	klas 1	: Z. <u>umuntu</u>	Kw. * <u>omunhu</u> 'mens'
	klas 3	: Z. <u>umuthi</u>	Kw. * <u>omuti</u> 'boom'
	klas 11	: Z. <u>u(lu)bambo</u>	Kw. <u>olupati</u> 'rib'
	Klas 14	: Z. <u>ubusuku</u>	Kw. <u>oufiku</u> 'nag'
	Klas 15	: Z. <u>ukudla</u>	Kw. <u>okulya</u> 'om te eet'
	klas 17	: Z. <u>ku-</u>	Kw. <u>(o)ku-</u>)
	klas 18	: Z. -	Kw. <u>(o)mu-</u>) lokatief

(b) Vir klasse 2 ova-, 2a oo-, 7 oshi-, 6 oma-, 8 oi-, 9 o(N)- en 12 oka- kan geen ander verklaring vir die aanvangsvokaal o- gevind word nie as dat dit na analogie van die voorbeelde onder groep (a) hierbo gevorm is. In die gevalle onder (a) het die oorspronklike vokaal -a- (< Bʃa-) met die daaropvolgende -u- van die prefiks tot -o- geassimileer. In die gevalle onder (b) is -a- deur -o- vervang na analogie van e.g. voorbeelde (Meinhof, 1948, pp.68-69).

Die funksie en identiteit van die aanvangsvokale van die klasprefikse word later bespreek.¹⁾

Wanneer in die studie na klasprefikse verwys word of voorbeelde daarvan gegee word, word die aanvangsvokale altyd bygeskryf. Waar dit egter verlang word, sal spesifiek na die een of die ander verwys word.

Verwysing na toon.

1.4 Ofskoon hierdie studie nie n. hoofstuk insluit waar die toonpatrone van die s.nw. in besonder behandel word nie, mag dit sy nut hê om kortliks daarna te verwys:

Die s.nw. toon drie hooftoonkategorieë wat bepaal word deur sy posisie en funksie in die sin. Die kategorieë is:

- (i) die s.nw. as onderwerp
- (ii) die s.nw. as voorwerp
- (iii) die s.nw. in sy kopulatiewe vorm.

Elke kategorie volg sy eie toonpatroon. Daar moet op gelet word dat wanneer n s.nw. as voorwerp van n sin aan die begin daarvan staan, dit die patroon van die onderwerpsposisie volg, d.w.s. onder (i) hierbo ressorteer, vergelyk:

as onderwerp van die sin:

óshikòmbó otashili eemwiidi diwa 'die bok eet goeie gras'.

6/.....

¹⁾ Vergelyk die opskrif "Die aanvangsvokaal en die se verband met die kopula", par. 1.102

as voorwerp in die preverbale posisie:

óshíkòmbó, ondishiwete 'die bok, ek sien hom'.

as voorwerp in die na-verbale posisie:

ondiwete óshíkòmbò 'ek sien die bok'.

1.5 Wanneer n woord in isolasie gesê word, volg dit deurgaans die toonpatroon van die s.nw. in sy kopulatiewe vorm. Aangesien ons slegs met die s.nw. in isolasie te make het, is die aanduiding van toon nie van wesenlike belang nie, behalwe in gevalle waar dit n doel moet dien, o.a. om sekere semantiese of grammatiese implikasies te illustreer.¹⁾ Wanneer toon wel aangedui word, sal dit deurgaans die van die s.nw. in sy kopulatiewe vorm wees.

1.6 Enkele verdere opmerkings:

- (i) Vir doeleindes van toonaanduiding word die klasprefiksvariante van klas 1 en 3, nl. om-, van n enkele toonteken voorsien omdat die sillabiese nasaal m deurgaans die toon van die aanvangsvokaal o- aanneem.
- (ii) Dieselfde is van toepassing op klasprefikse wat uit twee naasmekaarstaande vokale bestaan soos ee(N)-, oi-, oo- en ou-, d.w.s. die tweede vokaal het altyd dieselfde toon as die eerste een.
- (iii) Ook geld dit vir gevalle waar volledige assimilasie van die uitgangsvokaal van die klasprefiks met die daaropvolgende aanvangsvokaal van die stam plaasgevind.

7/....

¹⁾ Vergelyk bv. paragrawe 1.12 en 1.105

het, óf waar die uitgangsvokaal van die prefiks gevolg word deur 'n enersse vokaal aan die begin van 'n stam.

Voorbeeld van assimilasie:

òshúundà < *òshiúndà 'veekraal' 7

Voorbeeld van twee naasmekaarstaande, enersse vokale:

òmáandà < *òmáándà 'graanmandjies' 6

KLAS 1, prefiks om-, omw- (< *omu-).

1.7 Die realisering om- kom voor by alle s.nw.-stamme in hierdie klas wat op konsonante begin, bv.

<u>omnhu</u>	'mens'	<u>ommati</u>	'seun'
<u>omhong</u> i	'leraar'	<u>omkongo</u>	'jagter'
<u>omlong</u> i	'werker'	<u>ompiya</u>	'kneg'
<u>omtale</u> li	'opsiener'	<u>omshangi</u>	'skrywer'

Sillabiese m:

1.8 Ons kan aanneem dat die klasprefiks van klas 1 vroeër *omu- gelui het (vergelyk die hieropvolgende paragrawe). Die sillabiese karakter van die nasaal -m- kan toegeskryf word aan die weglating van die vokaal -u- van sy sillabiese eienskappe op die voorafgaande nasaal oorgedra het.¹⁾

1.9 Die realisering omw- kom voor by alle stamme wat op vokale begin, behalwe -u-, bv.

8/....

¹⁾ In die amptelike ortografie word die vokaal -u- van *omu- geskrywe, bv. omunhu 'mens', omumati 'seun', omuhongi 'leraar', ens... In ander Suidwestale word -u- wel uitgespreek, vgl. Herero en Mbukushu respektiewelik [omundu ,mumu 1].

<u>omwalikadi</u> 'vrou'	<u>omweenda</u> 'reisiger, gas'
<u>omwiinga</u> 'persoon sonder vee'	<u>omwaameni</u> 'beskermer'
<u>omweeheli</u> 'bedelaar'	<u>omwiimbi</u> 'sanger'
<u>omwooni</u> 'snorker'	<u>omweengeli</u> 'engel'

Konsonantalisasie:

1.10 Wanneer die prefiks *omu- te staan kom voor stamme wat op vokale begin (buiten -u-) konsonantaliseer die uitgangsvokaal van die prefiks tot die semivokaal -w-. In die meeste gevalle verleng die aanvangsvokaal van die stam wat na die semivokaal volg. In sulke gevalle maak die ortografiese reëls voorsiening om die verlengde vokaal met 'n dubbelsimbool voor te stel. (Dept. van Onderwys, S.W.A., 1966, p.18) Vergelyk die voorbeeld:

*omuenda > *omwenda > omweenda 'gas'

Hierdie verskynsel doen hom voor by alle klasse waarvan die vokale van die prefikse tot -w- of -y- konsonantaliseer en sou dit nie nodig wees om tydens die behandeling van elke afsonderlike prefiks telkens daarop te wys nie. Die betrokke klasse is: 1 omw-, 3 omw-, 4 omy-, 8 oy-, 11 olw-, 14 ow-, 15 en 15a okw-, 16 pw-, 17 kw- en 18 mw-.

*omu- gevolg deur 'n stam wat op -u- begin

1.11 Wanneer *omu- deur 'n stam gevolg word wat op -u- begin, kom die oorspronklike uitgangsvokaal van die klasprefiks, nl. -u-, weer terug. Morfologies sou ons dan te doen hê met voorbeelde soos

*omu-umbi > omuumbi 'boogskut'
*omu-udifi > omuudifi 'verkondiger'
*omu-ulumi > omuulumi 'haastige persoon'
*omu-unguli > omuunguli 'kontrakarbeider'
*omu-ungaungi > omuungaungi 'persoon wat aan sy
besittings kleef'
9/....

*omu-uhaleli > omuhaleli 'iemand wat die hele dag werk, oortydwerker'

1.12 Assimilasie van twee vokale kan op drie vlakke plaasvind, te wete

- (i) op fonetiese vlak (die vokale word aan mekaar gelyk)
- (ii) op prosodiese vlak (die tone word aan mekaar gelyk)
- (iii) op sillabiese vlak (twee sillabes vorm een lang sillabe)

In die voorbeelde hierbo kan ons aanneem dat assimilasie van fonetiese reeds enerses vokale op die prosodiese en sillabiese vlakke plaasgevind het. In so 'n geval realiseer hulle as langvokale. Anders gestel: . . . die vokaal van die klasprefiks, -u-, het t.o.v. sy sillabedraende eienskap en toon aan die aanvangsvokaal van die stam gelyk geword, vergelyk:

- [ǝmú:mbi] < * ǝmúúmbi 'boogskut'
- [ǝmú:difi] < * ǝmúúdifí 'verkondiger'
- [ǝmú:lùmi] < * ǝmúúllùmi 'haastige persoon'
- [ǝmú:ngùli] < * ǝmúúngùli 'kontrakarbeider')¹⁾

Omdat op fonologiese en tonologiese vlakke dus 'n skeiding tussen die klasprefiks en die stam in hierdie gevalle haas onmoontlik is, word dit as 'n derde, afsonderlike realisasie van die klasprefiks nie genoem nie. Daar sal egter telkens na soortgelyke gevalle verwys word waar dit in ander klasse mag voorkom.

10/...

¹⁾ Vergelyk die meervoudsvorme van dieselfde voorbeelde waar die betrokke naasmekaarstaande vokale elk 'n afsonderlike sillabe vorm en van toon kan verskil, bv. ǝváuúmbi 'boogskuts', ǝváuúdifí 'verkondigers', ǝváuúllùmi 'haastige persone', ens..

Morfologiese afleidings.

1.13 Skakelmorfeme

afgeleide klasprefiksmorfeem	Onderwerpskakels ¹⁾			voorwerpskakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defekte werkwoorde	
<u>-u-</u> , <u>-m-</u> (<u><*<u>-mu-</u></u>) (<u>-a-</u> , <u>-ku-</u>)	<u>-a-</u> (<u>-e-</u>)	<u>-kwa-</u> (<u>-kwe-</u>)	<u>-ku-</u>	<u>-mu-</u>

(i) Die afgeleide klasprefiksmorfeem -u-:
Hierdie morfeem word gebruik by die vorming van die enumeratiewe-, besit- en kwantitatiewe skakels. Dit dien ook as wortelmorfeem vir alle pronomina

(ii) Die afgeleide klasprefiksmorfeem -m-, -mw-
(<*-mu-):

Die morfeem -m-, -mw- fungeer as adjektief- en voorwerpskakel.

(iii) Die morfeem -ku-:

Hierdie morfeem hou geen verband met die prefiks van klas 1 nie. Tot dusver kon sy herkoms of oorsprong nog nie met sekerheid bepaal word nie. Dit tree op as onderwerpskakel in die teenwoordige tyd saam met die werkwoordvorme -na 'besit', -li 'wees' en .

11/...

1) Onderwerpskakels: In KWANYAMA word onderwerpskakels in die meeste tye en modi deur preverbale morfeme voorafgegaan. In 'n voorbeeld soos otavalongo 'hulle werk', is o- 'n element wat die indikatiewe modus help bepaal; -ta- is 'n temporale morfeem wat die teenwoordige tyd kenmerk en -va- is die onderwerpskakel wat hier na klas 2 ova- verwys. Van belang is die feit dat die morfeem -ta- in die teenw. tyd-ind. reëlmatig voor alle defektiewe werkwoorde wegval.

alle defektiewe wwe. In die verlede tyd.(indikatief) word -ku- as enigste alternatief gebruik.

(iv) Die onderwerpskakel -a-:

Die -a- skakelmorfeem is nie van die klas-prefiks *omu- herleibaar nie, maar het sy oorsprong in B. ya- (Meinhof, 1949, p.68). In KWANYAMA word dit net in verbale sinskonstruksies gebruik, en wel as onderwerpskakel in die meeste tydsvorme en modi.

Algemene reël:

Alle onderwerpskakels (die -a- skakelmorfeem van klas 1 ingesluit) wat op -a- uitgaan, verander na -e- wanneer hulle voor

- (i) die hulpwerkwoord -li- 'wees', die werkwoord -na 'besit'
- (ii) die defektiewe wwe. soos -uya 'kom', -fike 'reik', -shii 'ken, weet', -udite 'verstaan', -wete 'sien'
- (iii) die refleksief -li- en alle voorwerpskakels te staan kom.

Hierdie reël is sonder uitsondering en geld vir alle klasse.

1.14 Pronomina

afgeleide klas-prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>u</u>	<u>ye</u>	<u>ou</u> < */a/U/	<u>owo</u> < */o/U/o/	<u>winya</u> < */U/inya/

-ye dien ook as persoonlike selfstandige v.nw. vir die 3de per. ekv. Die klasprefiksmorfeem speel geen rol in sy vorming nie.

KLAS 1a.

1.15 Hierdie klas besit geen klasprefiks nie. Uit die aard van die saak het dit ook nie sy eie morfologiese afleidings of skakelsisteme nie en maak in hierdie opsig ten volle gebruik van die afleidings en sisteme van klas 1. Die opvallende kenmerke wat die stamme van woorde in klas 1a toon, word in paragrawe 1.98 - 2.12 en 2.16 gegee.

KLAS 2, prefiks ova-:

1.16 Die enigste realisasie van hierdie prefiks word in die enkele voorbeelde hierna geïllustreer:

<u>ovaenda</u>	'gaste'	<u>ovanhu</u>	'mense'
<u>ovamati</u>	'seuns'	<u>ovakwetu</u>	'bloed- verwante, vriende'
<u>ovaimbi</u>	'sangers'	<u>ovaumbi</u>	'boogskuts'

ova- gevolg deur stamme wat op -a- begin.

1.17 Wanneer ova- deur stamme gevolg word wat op -a- begin, assimileer die twee vokale wat op dié wyse naasmekaar te staan kom, tot een langvokaal, bv.

[ɔ̀vá:mèni]	<	* <u>ɔ̀váámèni</u>	'beskermers'
[ɔ̀vá:lùki]	<	* <u>ɔ̀váálúki</u>	'terugkeerders'
[ɔ̀vá:nì]	<	* <u>ɔ̀vááni</u>	'sweerders, gelofte- aflêers'
[ɔ̀vá:nji]	<	* <u>ɔ̀váányi</u>	'mense wat weier, koppig is'

Die aantal voorbeelde van hierdie aard is gering.

Morfologiese afleidings.

1.18 Skakelmorfeme

afgeleide klas- prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp- skakels
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte werkwoorde	
<u>va</u>	<u>-va-</u> (<u>-ve-</u>)	<u>-va-</u> (<u>-ve-</u>)	<u>-ve-</u>	<u>-va-</u> (<u>-ve-</u>)

1.19 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>va</u>	<u>vo <</u> */VA/o/	<u>-ava <</u> */a/VA/	<u>-ovo <</u> */o/VA/o/	<u>venya <</u> */VA/inya/

KLAS 2a, prefiks -oo-:

1.20 In par. 1.6(ii) is reeds melding gemaak dat hierdie prefiks van een toonteken voorsien sou kon word; met ander woorde, dit vorm n langvokaal [ɔ:].

Soos in die geval van klas 1a, vorm ook klas 2a nie sy eie morfologiese afleidings nie en maak ten volle gebruik van die afleidings en skakelsisteem van klas 2.

KLAS 3, prefiks om-, omw- (< *omu-):

1.21 Vormlik bestaan geen verskil tussen die prefikse van klas 1 en klas 3 nie. Ook die realisasies om- en 'omw- bestaan onder dieselfde fonetiese omstandighede soos in klas 1:

om- voor stamme wat op konsonante begin.

omti 'boom'

omshi 'stamper'

omfitu 'bos'

ompini 'steel'

omadilo 'vuur'

omkalo 'lewenswyse'

Daar is reeds in par. 1.8 melding gemaak van die sillabiese karakter van die nasaal -u- van die prefiks.

1.22 omw- voor stamme wat op vokale begin:

<u>omwif</u> 'rook'	<u>omwandi</u> 'jakkalsbessieboom'
<u>omwenyo</u> 'siel, lewe'	<u>omwenge</u> 'suikerriet'
<u>omwoongo</u> 'maroelaboom'	<u>omwiidi</u> 'gras'

Ten opsigte van konsonantalisasie van -u- van die *omu- prefiks en die verlenging van die aanvangsvokale van sommige stamme word na par. 1.10 verwys.

Geen voorbeelde kon gevind word nie waar *omu- gevolg word deur stamme wat op -u- begin.

Morfologiese afleidings.

1.23 Skakelmorfeme

afgeleide klas-prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp-skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte werkwoorde	
<u>u</u>	<u>-u-</u>	<u>-wa-</u> (<u>-we-</u>)	<u>-u-</u>	<u>-u-</u>

Die afgeleide klasprefiksmorfeem -u-:

In teenstelling met klas 1 is hier net een morfeem wat vir alle skakeldoelindes gebruik word en ook as pronominale wortelmorfeem dien.

1.24 Pronomina.

afgeleide klas-prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>u</u>	* $\frac{wo}{U/o}$ <	* $\frac{ou}{a/U}$ <	$\frac{oo}{owo}$ < * $\frac{o}{o/U/o}$	* $\frac{winya}{U/inya}$ <

KLAS 4, prefiks omi-, omy-:

1.25 Die omi- realisasie verskyn voor stamme wat op konsonante begin, bv.

omiti 'bome'

omishi 'stampers'

omindilo 'vure'

omikonda 'dolke'

omipini 'stele'

omido 'jare'

1.26 omy- verskyn voor stamme wat op vokale begin, bv.

omyoongo 'maroelabome'

omyandi 'jakkalsbessie-
bome'

omyoonde 'kameeldoringbome' omyenyo 'siele, lewes'

Konsonantalisasie:

1.27 Wanneer die prefiks omi- te staan kom voor stamme wat op vokale begin, buiten -i-, konsonantaliseer die uitgangsvokaal van die prefiks tot die semivokaal -y-. Daar is egter min sulke voorbeelde in die taal. In nog minder gevalle vind verlenging van die aanvangsvokaal van die stam na -y- plaas, vergelyk:

* omiongo > *omyongo > omyoongo 'maroelabome'.

omi- gevolg deur stamme wat op -i- begin.

1.28 Voorbeelde hiervan is uiters skaars:

[òmí:mí] < *òmíímí 'vrugdraende bome'

[òmí:ndàkàní] < *òmííndàkàní 'bome waarvan die takke mekaar kruis, d.w.s. in-mekaar vleg'

Morfologiese afleidings.

1.29 Alle skakels en afleidings van die prefiks rig hulle volgens klas 10/(9). (Vergelyk die morfologiese afleidings van klas 10/(9), paragraaf 1.57).

Die skakelmorfeem -i- < omi- word vandag nog net deur enkele ouer persone gebruik.

KLAS 5. prefiks e-:

1.30 In die eerste plek word opgemerk dat die prefiks nie deur die aanvangsvokaal o- voorafgegaan word nie. Dit kan verklaar word as aangeneem word dat die prefiks vroeër *ali- geheet het. Die fonologiese prosesse wat e- as resultaat teweegbring, kon soos volg verloop het:

*ali- > *ai, en a + i > e - †)

1.31 Elisie van die konsonante van die klasprefikse is redelik algemeen in KWANYAMA, vergelyk:

klas 2a, prefiks oo- < *aβa/u
klas 5, prefiks e- < *ali- (B.ʒa li)
klas 8, prefiks oi- < *avi- (B.ʒa β i)
klas 10, prefiks ee- < *adi- (B.ʒa li)
klas 14, prefiks ou- < *aβu- (B.ʒa β u)²⁾

In die geval van klasse 5 en 10 het die konsonante van die prefikse in die onderskeie klasprefiksmorfeme behoue gebly nl. respt. li en di.

17/...

1) Vergelyk die Lunyoro woord erinyo 'tand'. Lunyoro Grammar, London, deur H.E.Maddox.

2) In Ndonga het ook die konsonant van klas 2 weggeval waar die prefiks nou aa- heet, vgl. KWANYAMA ova-.

Vokaalassimilasië.

1.32 Soms assimileer die prefiks met die daaropvolgende aanvangsvokaal van stamme as die aanvangsvokaal n -a- of n -o- is, bv.

- eonga > oonga 'spies'
eandu > aandu 'koue, ryp'
eondo > oondo 'vetheid'
eolongo > oolongo 'pyl'

Ofskoon albei vorme in die uitspraak voorkom, word slegs die ongeassimileerde vorme vir skriftelike doeleindes erken.

Prefiks e- gevolg deur stamme wat op -e- begin.

1.33 Daar is min voorbeelde waar die prefiks met n daaropvolgende -e- tot n langvokaal assimileer:

- [ɛ:kɛlɛlɔ] < *ɛskɛlɛlɔ 'misnoë'
 [ɛ:ndɛlɛlɔ] < *ɛndɛlɛlɔ 'haas, spoed'
 [ɛ:hɛlɔ] < *ɛshɛlɔ 'die stoot van houtstompe verder die vuur in
 [ɛ:hɛnɔ] < *ɛshɛnɔ 'nadering, naderkommery'

Morfologiese afleidings.

1.34 Skakelmorfeme

afgeleide klas- prefiks morfeem	onderwerpskakels			voorwerp- skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte. werkwoorde	
<u>li</u>	<u>-li-</u>	<u>-la-</u> (<u>-le-</u>)	<u>-li-</u>	<u>-li-</u>

1.35 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>li</u>	* <u>lo</u> < */LI/o/	<u>eli</u> < */a/LI/	<u>olo</u> < */o/LI/o/	<u>linya</u> < */LI/inya/

KLAS 6, prefiks oma-:

1.36 oma- gevolg deur stamme wat op -a- begin. Die vokale wat so naasmekaar te staan kom, assimileer tot n langvokaal:

[ǝmá:ndà]	<	* <u>ǝmàándà</u>	'graanmandjies'
[ǝmá:dì]	<	* <u>ǝmàádi</u>	'vet'
[ǝmá:lùkǝ]	<	* <u>ǝmàálùkǝ</u>	'terugkomste'
[ǝmá:mènǝ]	<	* <u>ǝmàámènǝ</u>	'skuilings'

Morfologiese afleidings.

1.37 Skakelmorfeme

afgeleide klas- prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defekte. werkwoorde	
<u>a</u> , <u>ma</u> , (<u>ku</u>)	<u>-a-</u> (<u>-e-</u>)	<u>-kwa-</u> (<u>-kwe-</u>)	<u>-ku-</u>	<u>-a-</u> (<u>-e-</u>)

(i) Die skakelmorfeem -ku-:

Die gebruik van -ku- as skakel vind plaas onder dieselfde grammatiese omstandighede soos in die geval van klas 1, d.w.s. dit dien as onderwerpskakel saam met defektiewe werkwoorde in die teenw. tyd ind. en is die enigste alternatief in die verlede tyd indikatief¹⁾.

19/....

¹⁾ Vergelyk paragraaf 1.13, no. (iii)

Die morfeem stem ooreen met die skakelmorfeme van klasse 15, 15a en 17, maar dit kan nie bepaal word of daar 'n verband is tussen die skakelmorfeme van genoemde klasse en die -ku- skakel van klasse 1 en 6 nie.

(ii) Die skakelmorfeem -ma-:

Dit kom slegs as adjektiefskakel voor. Op grond van die feit dat die adjektiefskakels van klasse 1 (*omu-), 3(*omu-), 6(oma-) en 18 (mu-) die nasaal -m- van die onderskeie prefikse waarvan dit afgelei is, behou, kon 'n afsonderlike enumeratiewe skakelreeks geïdentifiseer word, vgl.

adj. skakel: omambo manene 'groot boeke'
enum. skakel: omambo avali 'twee boeke'

(iii) In par. 1.13 is die reël uiteengesit waarvolgens alle onderwerpskakels van alle klasse wat op -a- uitgaan, onder bepaalde omstandighede na -e- verander. Wat die skakelmorfeem -a- van klas 6 betref, moet die volgende bygevoeg word:

Die kwantitatiewe skakel -a- verander na -e- voor die kwantitatiewe stamme -ke 'slegs', 'alleenlik' en -she 'die hele', 'almal', 'alles', bv.

omambo aeke < */a/A/ke/ 'net die boeke'
omambo aeshe < */a/A/she/ 'al die boeke!'¹⁾
20/...

¹⁾ Dit is op hierdie stadium nie duidelik waarvoor die a- van aeke en aeshe staan nie.

1.38 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>a</u>	$\frac{oo}{*o/\Lambda/o/} <$	$\frac{aa}{*a/\Lambda/o} <$	$\frac{oo}{*o/\Lambda/o} <$	$\frac{\text{enya}}{*A/inya/} <$

Die abs. vnw. oo :

Die absolute voornaamwoorde in KWANYAMA kan in 'n sinskonstruksie met of sonder die prefigale kopulatiewe morfeem /o-/ gebruik word. Vir klas 2 bv. mag dit vo of ovo wees na gelang van grammatiese vereistes. By die vorming van abs. vnw. word die vokaal van die wortelmorfeem telkens deur die daaropvolgende morfeem /o/ verdring. Hiervolgens behoort die abs. vnw. vir klas 6 slegs uit die vokaal -o- te bestaan:

$$*o < */A/o/$$

Die feit egter dat dit oo is kan alleenlik aan die prefigering van die kopulatiewe o- toegeskryf word, dus

$$\underline{oo} < */o/\Lambda/o/$$

Daar is gevolglik geen morfologiese verskil tussen die kopulatiewe en nie-kopulatiewe vorme nie¹⁾

KLAS 7, prefiks oshi-:

Assimilasie:

1.39 Wanneer oshi- gevolg word deur stamme wat op vokale begin, buiten -i-, assimileer die uitgangsvokaal van die prefiks met die daaropvolgende aanvangsvokaal van die stam, bv.

21/...

¹⁾ Vergelyk die ooreenstemmende nie-kopulatiewe en kopulatiewe vorms in Ndonga, nl. yo en oyo respt.

- [ðʃú:ndà] < ðshíúndà 'veekraal'
 [ðʃʃ:ngalèlè] < ðshíóngalèlè 'vergadering'
 [ðʃʃ:mbð] < ðshíómbð 'soort siekte, koors'
 [ðʃé:ndð] < ðshíéndð 'n reis'

LET WEL: die ongeassimileerde sowel as geassimileerde vorms bestaan as gelykberegtigde wisselvorme in die taal.

oshi- gevolg deur stamme wat op i begin:

1.40 Wanneer oshi- voor stamme te staan kom wat op -i- begin, assimileer die twee naasmekaarstaande i's tot n lang vokaal. Daar is min voorbeelde van hierdie aard:

- [ðʃʃ:mbð] < ðshíimbð 'lied'
 [ðʃʃ:ndà] < ðshííndà 'mat'
 [ðʃʃ:ngidɪfð] < ðshííngidɪfð 'uitroepteken'

Morfologiese afleidings.

1.41 Skakelmorfeme

afgeleide klas- prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp- skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte werkwoorde	
<u>shi</u>	<u>-shi-</u>	<u>-sha</u> (<u>-she</u>)	<u>-shi-</u>	<u>-shi-</u>

1.42 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>shi</u>	<u>sho</u> < */SHI/o/	<u>eshi</u> < */a/SHI/	<u>osho</u> < */o/SHI/o/	<u>shinya</u> */SHI/inya/

KLAS 8, prefiks oi-, oy-:

1.43 oi- voor stamme wat op konsonante begin:

<u>oinima</u> 'dinge'	<u>oilemo</u> 'wolke'
<u>oikombe</u> 'besems'	<u>oimbale</u> 'mandjies'
<u>oifilo</u> 'stampblokke'	<u>oipundi</u> 'stoele'

1.44 oy- voor stamme wat op vokale begin (buiten -i-):

<u>oyongo</u> 'fuike'	<u>oyuunda</u> 'veekrale'
<u>oyuungu</u> 'eetbare ruspes'	<u>oyoongalele</u> 'vergaderings'
<u>oyana</u> '"oshannas"'	

1.45 Konsonantalisasie van die vokaal -i- van die prefiks na die semivokaal -y- vind plaas voor stamvokale met die gebruikelike verlenging van die aanvangsvokaal van sommige stamme na die semivokaal.

oi- gevolg deur stamme wat op -i- begin:

1.46 [ɔf:màtɪ]	<	* <u>ɔiimàti</u> 'vrugte'
[ɔf:mbɔ]	<	* <u>ɔliimbò</u> 'liedere'
[ɔf:ndà]	<	* <u>ɔlindà</u> 'matte'
[ɔf:ngɪdɪfɔ]	<	* <u>ɔlingidifò</u> 'uitroeptekens'

Die vokaal -i- van die klasprefiks neem dieselfde toon as die daaropvolgende aanvangs -i- van die stam, maar wanneer die stamme op konsonante begin, neem die prefiks(-i-) altyd die toon van die aanvangsvokaal o-.¹⁾

Morfologiese afleidings.

1.47 Skakelmorfeme

afgeleide klas-prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte. werkwoorde	
<u>i</u>	<u>-i-</u>	<u>-ya-</u> (<u>-ye-</u>)	<u>-i-</u>	<u>-i-</u>

¹⁾ Vergelyk par. 1.6, . . . (ii) en (iii)

1.48 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>i</u>	* <u>vo</u> < */I/o/	<u>èi</u> < */a/I/	<u>oyo</u> < */o/I/o/	<u>inya</u> < */I/inya/

KLAS 9, prefiks o(N)-:

1.49 Daar kan aangeneem word dat die klasprefiks vroeër *oni- geheet het. Die vokaal -i- is nog te vinde in die onderskeie skakelmorfeme, die pronominale wortelmorfeem en in enkele fonologiese veranderings wat deur -i- veroorsaak is (vergelyk . . . (i) hieronder). In die huidige vorme het -i- verdwyn. Die oorblywende nasaal van die prefiks, nl. -n-, het

- (i) óf in n aantal woorde in sy oorspronklike vorm behoue gebly,
- (ii) óf verdwyn,
- (iii) óf homorganies aan die daaropvolgende konsonant geword.

- (i) Die nasaal -n- het behoue gebly in alle gevalle waar *oni- voor n stam te staan gekom het wat op n vokaal begin, bv.

onyati 'buffel' < *oniati
onyofi 'ster' < *oniofi
onyalilo 'rietfluit' < *onialilo
onyiki 'by; 'heuning' < *oniiki¹⁾
onyamu 'boomgom' < *oniamu
onyango 'gal' < *oniango
onyome 'ystermondstuk van n pypsteel' < *oniome

24/....

1) *oni-iki: n Mens sou eintlik die vorm *oniiki verwag, tensy die stam -nyiki was.

Diachronies gesien het die -i- van *oni- tot -y- gekonsonantaliseer voor stamme wat op vokale begin. Vanuit 'n foneties-sinchroniese benadering egter, is alle gekonsonantaliseerde (of geassimileerde) vorme van die vokale van klasprefikse deel van die stam, vergelyk:

<u>fonetiese verdeling</u>	<u>morfologiese verdeling</u>
klas 1 <u>o-mwali</u>	<u>omw/ali</u> 'soogmoeder'
klas 3 <u>o-mwandi</u>	<u>omu/andi</u> 'jakkalsbessieboom'
klas 4 <u>o-myoonde</u>	<u>omy/oonde</u> 'kameeldoringbome'
klas 7 <u>o-shuunda</u>	<u>oshi/unda</u> 'veekraal'
Klas 8 <u>o-yuunda</u>	<u>oy/uunda</u> 'veekrale'
klas 9 <u>o-nyati</u>	<u>*oni/ati</u> , <u>ony/ati</u> 'buffel'
klas 11 <u>o-lwiidi</u>	<u>olw/iidi</u> 'koors'
klas 15 <u>o-kwiimba</u>	<u>okw/iimba</u> 'om te sing'

Dit is slegs in klas 9 waar die vokaal van die prefiks *i < *oni- nooit in sy vokaalvorm verskyn nie maar alleenlik as ny [ɲ] < *ni.

- (ii) Die nasaal -n- het weggeval voor stamme wat op d, f, h, m, n, sh [ʃ] en x begin, bv.

<u>odila</u> 'voël'	<	<u>*onidila</u>
<u>odi</u> 'skaap, vlieg'	<	<u>*onidi</u>
<u>odalele</u> 'inboorling'	<	<u>*onidalele</u>
<u>ofingo</u> 'nek'	<	<u>*onifingo</u>
<u>ofuka</u> 'veld'	<	<u>*onifuka</u>
<u>ofa</u> 'vlieënde mier'	<	<u>*onifa</u>
<u>ohani</u> 'maan'	<	<u>*onihani</u>
<u>ohamba</u> 'kaptein'	<	<u>*onihamba</u>
<u>ohonde</u> 'bloed'	<	<u>*onihonde</u>
<u>omenye</u> 'springbok'	<	<u>*onimenye</u>
<u>omwe</u> 'muskiet'	<	<u>*onimwe</u>

<u>ona</u> 'luis'	<	* <u>onina</u>
<u>one</u> 'fyn kaf'	<	* <u>onine</u>
<u>oshi</u> 'vis'	<	* <u>onishi</u>
<u>oshe</u> 'kruisbessie'	<	* <u>onishe</u>
<u>oshama</u> 'kakebeen'	<	* <u>onishama</u>
<u>oxuxwa</u> 'hoender'	<	* <u>onixuxwa</u>
<u>oxwiki</u> 'enkele kophaar'	<	* <u>onixwiki</u>
<u>oxulo</u> 'eindpunt, terminus'	<	* <u>onixulo</u>

Daar kon net een voorbeeld gevind word waar -n- ook voor -b- weggeval het, nl.

<u>obofi</u> 'dikmelk van bokmelk'	<	* <u>onibofi</u>
---------------------------------------	---	------------------

(iii) Die homorgane nasaal.

Voor die alveolêre konsonante d en t bly die nasaal alveolêr, d.w.s. [n]; voor die labiale konsonante b en p is die nasaal bilabiaal, d.w.s. [m] en voor die velêre konsonante g en k is die nasaal velêr, d.w.s. [ŋ]. Met ander woorde, dieselfde oorspronklike nasaal van die prefiks is dentaal, labiaal of velêr na gelang van die konsonant wat op hom volg. [n], [m] en [ŋ] is dus variante van mekaar en om hulle met een simbool voor te stel, word die hoofletter N gebruik.

Op hierdie stadium kan die prefiks van klas 9 soos volg opgesom word:

o(N)- < *oni-:

(a) Die vokaal *-i- is slegs naspeurbaar in gepalataliseerde [ɲ] < *ni in enkele woorde.

(b) (i) N : verteenwoordig die homorgane nasaal.

(ii) (N): die nasaal val weg voor stamme wat op d, f, h, m, n, sh en x begin.

(c) o- : die aanvangsvokaal.

Fonologiese veranderinge.

1.50 Die nasaal N veroorsaak 'n reeks fonetiese veranderinge van 'n aantal daaropvolgende aanvangskonsonante van stamme. Die veranderinge is die volgende:

(a) N + v > mb
N + l > nd
N + *ɣ of *g > ng [ŋg]
N + y > ndj [ɲdʒ]

(b) N + p > mh
N + t > nh
N + k > ngh [ŋh]

(a) Voorbeelde van veranderinge na mb, nd, ng en ndj:

*ni + v > mb:

*oNve > ombe 'wilde dadel' vgl. omve 3
'wildedadelboom'

*oNvandje > ombadje 'jakkals' vgl.
okavandje 12 'jakkalsie'

*oNvelela > ombelela 'vleis' vgl. -velela
'pap in vleissous doop'

*ni + l > nd:

*oNlaka > ondaka 'stem' vgl. elaka 5 'tong'

*oNlondo > ondodo 'n trappie' vgl. -londa 'klim'

*oNlunga > ondunga 'palmappel' vgl. o~~n~~lunga 3
'palmboom'

*ni + *ɟ of *g > [ŋ]:

in KWANYAMA ontbreek n foneem g of ɟ, maar in Kwangali kry ons g en in Ndonga en Mbukushu ɟ.

In hierdie tale bestaan die klankreël

N + g of ɟ > ng [ŋ].

Waar in die genoemde tale -g- of -ɟ- voorkom, het dit in die ekwivalente voorbeelde in KWANYAMA weggeval (voorbeelde hiervan volg hierna). Hipoteties kan dus vir KWANYAMA die reël

N + *g of *ɟ > ng [ŋ]

geformuleer word.¹⁾ Voorbeelde:

*oNenda > ongedi 'pelgrim' vgl. Kw. -genda
en B. ɟenda 'gaan, reis'

*oNumba > ongubu 'heining' vgl. Nd. -ɟumba en
Kw. -gumba 'heining plant'

*oNunda > ongudo 'suurdeeg' vgl. Nd. -ɟunda
'suurdeeg byvoeg'

*oNongolola > ongongolola 'duisendpoot' vgl.
Kw. -gongonoka en Mb. -ɟongoroka 'wyse waarop
n duisendpoot beweeg'. 28/....

1) Dit is duidelik dat ons te doen het met Kw. [ŋ] < B. niɟ-. Die hipotese [ŋ] < N + *g of *ɟ, is egter vanuit n sinchronies-vergelykende benadering verklaar, en wel binne die raamwerk van die Bantoetale van Suidwes-Afrika.

*oNovolola > ongovololo 'vanghout' vgl. Nd. -oolola
en Kwg. -gova 'met vanghout vang'

*oNongo > ongongo 'maroela', vgl. Nd omYongo 3,
Kwg. u-gongo 14 'mangettiboom' en Mb. YuYongo 14
'mangettiboom' 1)

*ni + y>ndj [ndz]:

*oNyasha > ondjashe 'gewonde' vgl. -yasha 'verwond'

*oNyaa > ondjao 'soort beitel' vgl. -yaa 'skerpmaak'

*oNyela > ondjelo 'mooi van aansien' vgl. -yela
'helder word'

*oNyola > ondjola 'gelag' vgl. -yola 'lag'

Deverbatiewe in klas 9 van werkwoordstamme wat op vokale
begin:

Sinchronies gesien, bestaan in KWANYAMA n aantal werk-
woordstamme wat, wannecr deverbatiewe daarvan in klas
9 gevorm word, dit die volgende klankreël voortbring:

N voor vokale > mb, ng of ndj.

Voorbeelde:

mb : *oNola > ombolo 'vrot hout' vgl. -ola 'vrot
word'

*oNulula > ombululu 'gat' vgl. -ulula 'deur-
boor' 2)

ng : *oNumba > ongubu 'heining' vgl. -umba
'heining plant'

*oNunda > ongudo 'suurdeeg' vgl. -unda
'suurdeeg byvoeg'

ndj: *oNikilila > ondjikilile 'akklimatisering'
vgl. -ika 'gewoond raak' 29/...

-
- 1) Die feit dat dieselfde stam, nl -Ygongo in die
WAMBO-tale vir 'maroela' gebruik word en in die
KAVANGO-tale vir 'mangetti', dui heelwaarskynlik
op n betekenisomruiling.
- 2) Die stam -ulula 'deurboor' is verouderd en word
deur die meeste sprekers vervang met -tjuula. In
Ndonga egter, is -ulula die enigste gebruiklike vorm.

*oNuluma > ondjulume 'haas' vgl. -uluma 'haastig wees'.

Op grond van die reeds bekende klankreëls van die vorige bladsye, kan n mens aflei dat die aanvangskonsonante van die betrokke stamme vroeër respt.

*v, *g of *ɣ en *y kon gewees het.

(b) Voorbeelde van veranderings na mh, nh en ngh:

*ni + p > mh:

*oNpepa > omhepo 'wind' vgl. -pepa 'waai'

*oNpinda > omhindo 'skeepding' vgl. -pinda 'skep'

*oNpita > omhito 'deurgang' vgl. -pita 'deurgaang'

*ni + t > nh:

*oNtana > onhana 'kalf' vgl. okatana 12 'kalfie'

*oNtungwa > onhungwa 'mandjie' vgl. -tungwa 'vleg'

*oNtondoka > onhondoki 'hardlooper' vgl. -tondoka
'hardloop'

*ni + k > ngh [ɲh]:

*oNkwata > onghwate 'krygsgevangene' vgl. -kwata
'gryp'

*oNkambe > onghambe 'perd' vgl. okakanbe 12 'perd'

*oNkuwa > onghuwo 'geskree om hulp' vgl. -kuwa
'om hulp skree'

Alle voorbeelde wat tot dusver gegee is om die fonologiese veranderings te illustreer, is so gekies dat hulle stamme bevat waarvan die onderskeie aanvangskonsonante onder ander grammatiese of fonologiese omstandighede in die taal in sy onveranderde vorm bestaan. (Behalwe die stamme met hipotetiese aanvangskonsonante.) In n groot aantal woorde (waarskynlik die meeste) bestaan die oorspronklike onveranderde aanvangskonsonante van die stamme nêrens in die taal nie.

Om te illustreer: ombadja 'bors': Om op grond van die "lewende" voorbeelde in die voorafgaande paragrafe aan te neem dat 'ombadja' saamgestel is uit *oNvandja, bly 'n hipotese. Nog 'n voorbeeld: omho 'volstruis' < *oNpo; die stam *-po is hipoteties en kom nêrens voor nie.

In die lig hiervan is dit interessant om te let op woorde waarvan die aanvangskonsonante van stamme slegs na analogie van die klankreëls N + t > nh en N + k > ngh, nh of ngh is, bv.

oneka of onheka 'blikbeker'
onani of onhani 'trekos'
one of onhee 'n vier'
-nuka of -nhuka 'spring'
manga of mangha 'terwyl'
omhaka of omnghaka 'wors'
ouhamhele of ouhamnghele 'naaktheid'
omhama of omnghama 'bloedvrugboom', ens..

-n- en -nh- asook -ng- en -ngh- kan in baie woorde vryelik varieer.

Die dissimilasiewet van KWANYAMA.

1.51 "Wanneer twee opeenvolgende lettergrepe albei 'n nasaalverbinding bevat, val die nasaal van die tweede verbinding weg." (Meinhof, 1932, p.184). By die s.nw. is die eerste verbinding die verbinding van die klas-prefiks (o(N)-) en die aanvangskonsonant van die stam. Deur 'n vergelyking met Ndonga en Herero blyk die dissimilasie duidelik:

<u>Kwanyama</u>	<u>Ndonga/Herero</u>
<u>ongobe</u> 'bees'	<u>ongombe</u>
<u>ombabi</u> 'duiker'	<u>ombambi</u>
<u>ondado</u> 'prys'	<u>ondando</u>
<u>ondodo</u> 'n trappie'	<u>ondondo</u>
<u>ongadu</u> 'krokodil'	<u>ongandu</u>
<u>ongudo</u> 'suurdeeg'	<u>ongundo</u> (Nd. alleenlik)
<u>ombadje</u> 'jakkals'	<u>ombandje</u>

Kwanyama

ondjabi 'beloning'

ondjebo 'geweer'

Ndonga/Herero

ondjambi

ondjembo

Wanneer die verbinding -ng- die kombinasie van die tweede lettergreep vorm, is die dissimilasiewet nie van toepassing nie, bv.

ombinga 'kant', ondenge 'jonger broer of suster',
ongenge 'kaal kol op die kop'¹⁾

Die wet is ook nie van toepassing nie as die eerste nasaalverbinding uit die stemlose -mh-, -nh- en -ngh- verbindings bestaan, bv.

onghambe 'perd', onghanda 'wit velletjie van 'n kalfie'
onhumba 'vleis aan 'n been', onhundo 'boggel', omhumba
'blaarpens', omhunda 'berg', omhendu 'kam'.

Wanneer 'n stam in 'n ander klas geplaas word en die oorspronklike aanvangskonsonant van daardie stam keer terug, verskyn ook weer die nasaal van die tweede verbinding, bv.

ombadje 'jakkals' > okavandje 12 'jakkalsie'
ondodo 'n trappie' > elondo 5 'n groot trappie'
ondiba 'haas' > okalimba 12 'hasie'

Morfologiese afleidings.

1.52 Skakelmorfeme.

afgeleide klas- prefiksmorfem.	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met dekte, werkwoorde	
<u>i</u> (<* <u>oni-</u>)	<u>-i-</u>	<u>-ya-</u> (<u>-ye-</u>)	<u>-i-</u>	<u>-i-</u>

1) Interessant is die feit dat in ander Wambo-dialekte, bv. Mbadja, die dissimilasie ook in hierdie geval deurgevoer word, bv. ngege i.p.v. ngenge.

1.53 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>i</u> (<*oni-)	*yo < */i/o/	*ei < */a/i/	*oyo < */o/i/o/	*inya < */i/inya/

KLAS 10/(9). prefiks ee(N)-, soms oyo(N)-.

Prefiks ee(N)-:

1.54 Klas 10 se prefiks vorm die reëlmatige meervoude van woorde in klas 9. Die nasaal van klas 9 se prefiks (N) bly in die meervoud behoue in alle gevalle waar die nasaal in die enkelvoudsvorme voorkom. Of andersom: waar die nasaal in die enkelvoud weggeval het, verskyn dit ook nie in die ooreenstemmende meervoudsvorme nie, voorbeelde:

Prefiks ee-:

enkelvoud

odila
ohamba
oshi

meervoud

eedila 'voëls'
eehamba 'kapteins'
eeshi 'visse', ens.

Prefiks eeN-:

ombwa
onyati
onduda
ongwe
onhana
omho

eembwa 'honde'
eenyati 'buffels'
eenduda 'hutte'
eengwe 'luipeerds'
eenhana 'kalwers'
eemho 'volstruise', ens.

1.55 Dit lyk waarskynlik dat die prefiks ee- vroeër *adi- (<B./a li) gelui het en dat die klasprefiksmorfeem, nl. di, hiervan afgelei is. Die huidige vorm ee- < *adi- kon op een van twee maniere ontwikkel het:

- (i) *adi- > *a-i- > *e- > ee-
 ↓ *ei- > ee-
(ii) *adi > *edi- > *ei > ee-

Foneties is ee- 'n langvokaal [ε :]

Prefiks oyo(N)-.

1.56 oyo(N) tree by n aantal sprekers as wisselvorm vir ee(N)- op, d.w.s.

- oyongobe naas eengobe 'beeste'
- oyongwe naas eengwe 'luiperds'
- oyodila naas eedila 'voëls'
- oyomho naas eemho 'volstruise', ens..

Die prefiks oyo(N)- toon, wat vorm betref, groter ooreenkoms met die klas 10- prefikse van ander Suidwestale, vgl.

- Herero [ɔðɔ(N)-]
- Ndonga oo(N)-

Of die -y- van die KWANYAMA-prefiks n ontwikkeling van die vroeëre konsonant d (<*adi- of [* ɔð i-]) is, en of dit n glyklank is, kan nie met sekerheid bepaal word nie. Dit is egter duidelik dat die aanvangsvokaal o- n rol in die vorming van die prefiks gespeel het.

Morfologiese afleidings.

1.57 Skakelmorfeme

afgeleide klas-prefiksmorfeem	onderwerpskakels			Voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkt. werkwoorde	
<u>di</u> (<*adi)	<u>-di-</u>	<u>-da-</u> (<u>-de-</u>)	<u>-di-</u>	<u>-di-</u>

1.58 Pronomina

afgeleide klas-prefiksmorfeem	abs.vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>di</u> (<*adi-):	<u>-do</u> < */DI/o/	<u>edi</u> < */a/DI/	<u>-odo</u> < */o/DI/o/	<u>-dinya</u> < */DI/inya/

KLAS 11, prefiks olu-, olw-:

1.59 olu- verskyn voor stamme wat op konsonante begin:

<u>olufindo</u> 'lepel'	<u>olutu</u> 'liggaam'
<u>oluhepo</u> 'gebrek'	<u>olupati</u> 'rib'
<u>olukoolo</u> 'hark'	<u>olundjedi</u> 'baardhaar'

1.60 olw- verskyn voor stamme wat op vokale begin, buiten -u-:

<u>olwenya</u> 'veer'	<u>olwiidi</u> 'koors'
<u>olwoodi</u> 'geveg'	<u>olweendo</u> 'n wandeling'

Konsonantalisasie van die vokaal -u- van die prefiks na die semivokaal -w- vind plaas wanneer die stamme op vokale (buiten -u-) begin. In enkele gevalle verleng die aanvangsvokaal van die stam na die halfvokaal.

olu- gevolg deur stamme wat op -u- begin:

1.61 Net soos in vorige gevalle, assimileer die -u- van die prefiks met n daaropvolgende -u- van die stam tot n langvokaal:

[ɔ́lú:dì] <	* <u>ɔ́lúúdí</u> 'reënstrepe'
[ɔ́lú:lì] <	* <u>ɔ́lúúlí</u> 'houtjie wat deur n os se neusbeen gesteek word'
[ɔ́lú:ngù] <	* <u>ɔ́lúúngù</u> 'ystermondstuk van n pypsteel'
[ɔ́lú:mbò] <	* <u>ɔ́lúúmbò</u> 'n rondze van 25 patrone'

Morfologiese afleidings.

1.62 Skakelmorfeme

afgeleide klas-prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte. werkwoorde	
<u>lu</u>	<u>-lu-</u>	<u>-la-</u> (<u>-le-</u>)	<u>-lu-</u>	<u>-lu-</u>

1.63 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>lu</u>	<u>lo</u> < */LÜ/o/	<u>olu</u> < */a/LÜ/	<u>olo</u> < */o/LÜ/o/	<u>linya</u> < */LÜ/inya/

Dis opmerklik dat die vokaal u van die afgeleide prefiks-
morfeem in sommige morfologiese afleidings verlore ge-
raak het. Dit het die gevolg dat die betrokke aflei-
dings met dié van klas 5 identies is. Die afleidings
is:

besitskakel :	<u>-la-</u>	i.p.v.	<u>-lwa-</u>
abs. vnw. :	<u>lo</u>	i.p.v.	<u>-lwo</u>
dem. II :	<u>olo</u>	i.p.v.	<u>olwo</u>
dem.III :	<u>linya</u>	i.p.v.	<u>lwinya</u>
onderwerpskakel: (verlede tyd)	<u>-la-</u>	i.p.v.	<u>-lwa-</u>

Die vorms met -w- < -u- word egter nog by ouer persone
gehoor.

KLAS 12, prefiks oka-:

Morfologiese afleidings.

1.64 Skakelmorfeme

afgeleide klas- prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte. werkwoorde	
<u>ka</u>	<u>-ka-</u> (<u>-ke-</u>)	<u>-ka-</u> (<u>-ke-</u>)	<u>-ke-</u>	<u>-ka-</u> (<u>-ke-</u>)

1.65 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>ka</u>	<u>ko</u> < */a/KA/	<u>aka</u> < */a/KA/	<u>oko</u> < */o/KA/o/	<u>kenya</u> < */KA/inya/

KLAS 14, prefiks ou-, ow-:

1.66 ou- verskyn voor stamme wat op konsonante begin:

<u>oufiku</u> 'nag'	<u>oumbada</u> 'lafhartigheid'
<u>ounongo</u> 'wysheid'	<u>oudiyo</u> 'gif'
<u>ouluvi</u> 'harsings'	<u>oushilo</u> 'die ooste'

1.67 ow- verskyn voor stamme wat op vokale begin:

<u>owii</u> 'slegtheid/boosheid'	<u>owishi</u> 'heuning'
<u>owengo</u> 'pypolie'	<u>owiinga</u> 'armoede'
<u>oweenda</u> 'n kuierreis'	<u>owaanga</u> 'toorbevoegdheid'

Konsonantalisasie van die prefiks -u- tot die semivokaal -w- vind plaas voor stamme wat op vokale begin (behalwe -u-). Die tiperende verlenging van die aanvangsvokaal van die stam na die semivokaal kom by sommige stamme voor.

ou- gevolg deur stamme wat op u begin.

1.68 Assimilasie van die vokaal -u- van die prefiks en die -u- van daaropvolgende stamme tot 'n langvokaal vind plaas:

[ǃú:mbwà]	<	* ǃúúmbwà 'voorwerpe waarmee gegooi of geskiet word'
[ǃú:ndwà]	<	* ǃúúndwà 'iets wat gestrooi kan word, "strooibaarheid"
[ǃú:lùminǃ]	<	* ǃúúlùminǃ 'haastigheid'
[ǃú:ndùllǃ]	<	* ǃúúndùllǃ 'iets wat gestamp kan word, "stampbaarheid"'. ¹⁾

Die vokaal -u- van die klasprefiks neem dieselfde toon as die daaropvolgende aanvangs- -u- van die stam, maar wanneer die stamme op konsonante begin, neem die prefiks die toon van die aanvangsvokaal o-.¹⁾

1) Vergelyk par. 1.6 en 1.12

Morfologiese afleidings.

1.69 ou-, ow- dien eerstens as enkelvoudsprefiks hoofsaaklik vir abstrakte s.nwe. en tweedens as meervoudsprefiks vir woorde in klas 12.

ou-, ow- as enkelvoudsprefiks:

1.70 Skakelmorfeme

afgeleide klas- prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defekte werkwoorde	
<u>u</u>	<u>-u-</u>	<u>-wa-</u> (<u>-we-</u>)	<u>-u-</u>	<u>-u-</u>

1.71 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>u</u>	wo < */U/o/	ou < */a/U/	owo < */o/U/o/	winya < */U/inya/

ou-, ow- as meervoudsprefiks

1.72 Wanneer ou- as meervoudsprefiks optree, gebruik sulke woorde die skakels van klas 2 ova-. Ook alle pronomina is dié van klas 2. Daar word gevolglik na die morfologiese afleidings van klas 2 in par. 1.18 verwys.

KLAS 15 en 15a, prefiks oku-, okw-:

1.73 Vormlik is daar geen onderskeid tussen die prefiks van klas 15 en 15a nie. Die motivering vir 'n afsonderlike subklas 15a word in par. 2.72 gegee.

1.74 oku- verskyn voor stamme wat op konsonante begin:

<u>okutuma</u> 'om te stuur'	<u>okufuta</u> 'om te betaal'
<u>okuhumbata</u> 'om te dra'	<u>okushanga</u> 'om te skryf'
<u>okunangala</u> 'om te lê'	<u>okubafula</u> 'om te slaan'

1.75 okw- verskyn voor stamme wat op vokale begin
(behalwe -u-):

<u>okwiimba</u> 'om te sing'	<u>okweenda</u> 'om te reis'
<u>okwaamena</u> 'om te beskerm'	<u>okwooko</u> 'arm'
<u>okwoona</u> 'om te snork'	<u>okwiima</u> 'om vrug te dra'

Die voorbeelde illustreer die verskynsel van konsonantalisasie van die uitgangsvokaal van die prefiks en gevolglike verlenging van die aanvangsvokaal van die stam.

oku- gevolg deur stamme wat op -u- begin:

1.76 Assimilasie tot n langvokaal vind plaas tussen die -u- van die prefiks en die stamvokaal -u-:

[ɔkú:dà] < *ɔkúúdà 'om te hoor'
 [ɔkú:mbà] < *ɔkúúmbà 'om te skiet'
 [ɔkú:jà] < *ɔkúúyà 'om te kom'
 [ɔkú:likà] < *ɔkúúlikà 'om te wys'

Morfologiese afleidings.

1.77 Skakelmorfeme.

afgeleide klas- prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp- skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte. werkwoorde	
<u>ku</u>	<u>-ku</u>	<u>-kwa-</u> (<u>-kwe-</u>)	<u>-ku-</u>	<u>-ku-</u>

1.78 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>ku</u>	$\frac{ko}{*/KU/o/}$	$\frac{oku}{*/a/KU/}$	$\frac{oko}{*/o/KU/o}$	$\frac{kwinya}{*/KU/inya/}$

Soos in die geval van die afleidings van klas 11 (olu-), doen die verskynsel hom ook hier voor dat die vokaal -u- van die morfeem /ku/ in sommige vorme wegval, bv.

abs. vnw. : ko i.p.v. *kwo
 dem.II : oko i.p.v. *okwo

LOKATIEFKLASSE 16, 17 en 18, prefikse pu-, pw-; ku-, kw- en mu-, mw- respektiewelik.

1.79 Die volgende is tiperend van hierdie prefikse:

- (i) Die aanvangsvokaal o- ontbreek. Die identifiserende kopula, nl. o- kan egter vooraangevoeg word ¹⁾
- (ii) Die vokaal van die prefikse val weg wanneer hulle vooraan s.nw. (of ander woordsoorte) gevoeg word wat op vokale begin.
- (iii) Die prefikse kom nooit voor s.nw. stamme te staan nie (uitgesonderd voor woorde in klas 1a).

1.80 Die realisasies pu-, ku-, mu- verskyn voor woorde wat op konsonante begin:

<u>pumeme</u> 'by moeder'	<u>kutate</u> 'na vader toe'
<u>pukaume</u> 'by my vriend'	<u>kumwene</u> 'na die eienaar toe'

40/.....

¹⁾ Vergelyk bv. par. 1.107 en 1.109

muye 'in hom/haar'

muina 'in sy/haar moeder'¹⁾

1.81 Voorbeelde van elisie van die vokaal -u- van die prefikse:

ponti 'by die boom'

peumbo 'by die huis'

koshilongo 'na die land toe'

kOndangwa 'na Ondangwa toe'

monduda 'in die hut'

mounyuni 'in die wêreld'

1.82 Die realisasies pw-, kw-, mw- kom voor wanneer die prefikse voor woorde gevoeg word wat op vokale begin. Sulke woorde is beperk tot die voornaamwoorde ame 'ek' ove 'jy' en demonstratiewe wat op vokale begin, bv.

/pw/oove/ < /pu/ove 'by jou'

/kw/aame/ < /ku/ame 'na my toe'

/mw/aame < /mu/ame/ 'in my'

/kw/aashi/ < /ku/eshi/ 'na hierdie (een) toe'

/pw/aashi/ < /pu/eshi/ 'by hierdie (een)'

/pw/aali/ < /mu/eli/ 'in hierdie (een)'

Konsonantalisasie van die vokaal (-u-) van die prefikse na die semivokaal -w- en die verlenging van die daaropvolgende aanvangsvokale vind plaas.²⁾ Vir skryfdoelendes word beide die gekonsonantalseerde en nie-gekonsonantalseerde vorms erken (Dept. van Onderwys, S.W.A., 1966, p.18); in die gesproke taal oorweeg die gekonsonantalseerde voorbeelde.

41/.....

1) muina: vorm in die groep voorbeelde die uitsondering deurdat dit die enigste s.nw. in klas 1a is wat op 'n vokaal begin.

2) Die verandering van -e- in kueshi na -aa- in kwaashi, het waarskynlik na analogie van pwaame, kwaame en mwaame plaasgevind.

Morfologiese afleidings.KLAS 16, prefiks pu-, pw-:

1.83 Skakelmorfeme

afgeleide klas- Prefiksmorfem	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd ind.	verlede tyd	met defkte. werkwoorde	
<u>pa</u> , <u>pu</u>	<u>-pa-</u> (<u>-pe-</u>) <u>-pu-</u>	<u>-pa-</u> (<u>-pe-</u>) <u>-pwa-</u>	<u>-pa-</u> (<u>-pe-</u>)	<u>po</u>

Die klasprefiksmorfeme pa en pu:

1.84 Die prefiks van klas 16 het volgens Oer-Bantoe pa-geheet (Meinhof, 1948, p.55). Die vorm pu- het moontlik ontstaan na analogie van die ander lokatiefprefikse, nl. ku- en mu-.

Ter vorming van die skakels en pronomina word die stammorfeme -pa- sowel as -pu- gebruik. Die volgende is n poging om te bepaal wanneer die een of die ander gebruik word:

- (i) Wanneer klas 16 die onderwerp van n sin is, kan die onderwerpskakels met -pu- of -pa- wees, bv.

peumbo letu otapa/otapumene omahangu
'by ons huis groei mahangu'

ponti wetu opwa/opamena omwiidi
'by ons boom het gras gegroei'

- (ii) Saam met defektiewe werkwoorde word slegs van -pa- gebruik gemaak:

poskola opena onunona¹⁾

'by die skool is daar kinders'

(iii) Wanneer die demonstratiewe van klas 16 n sin. inlui, is die onderwerpskakel slegs met -pa-, bv.

dem.I : apa itapamene sha
'hier groei niks nie'

dem.II : opo opali ovanhu vahapu
'daar was baie mense'

dem.III: penya otapatomwa
'doer word geslag'

Die verlede tyd kan egter steeds van beide vorme gebruik maak, bv.

opo opa/opwamenene omwiidi
'daar het gras gegroei'

(iv) Alle pronomina word met behulp van die morfeem -pa- gevorm:

1.85 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
<u>pa</u>	* /p̄a/ o/ <	* /a/ p̄a/ <	* /o/ p̄a/ o/ <	* /p̄a/ inya/ <

43/....

1) Die o/sk. opa- verander volgens die reël na ope- voor defektiewe werkwoorde; in hierdie geval voor die werkwoord -na 'besit'.

KLASSE 17 en 18, prefikse ku-, kw-; mu-, mw-:

1.86 Skakelmorfeme

afgeleide klas- prefiksmorfeem	onderwerpskakels			voorwerp skakel
	teenw. tyd	verlede tyd	met defkte. werkwoorde	
Klas 17: <u>ku</u>	<u>-ku-</u>	<u>-kwa-</u> (<u>-kwe-</u>)	<u>-ku-</u>	<u>-ko-</u>
Klas 18: <u>mu</u>	<u>-mu-</u>	<u>-mwa-</u> (<u>-mwe-</u>)	<u>-mu-</u>	<u>-mo-</u>

1.87 Pronomina

afgeleide klas- prefiksmorfeem	abs. vnw.	demonstratiewe		
		dem.I	dem.II	dem.III
Klas 17: <u>ku</u>	<u>ko</u> < */KU/o/	<u>oku</u> < */a/KU/	<u>oko</u> < */o/KU/o/	<u>kwinya</u> < */KU/inya
Klas 18: <u>mu</u>	<u>mo</u> < */MU/o/	<u>omu</u> < */a/MU/	<u>omo</u> < */o/MU/o/	<u>mwinya</u> < */MU/inya/

Enklitiese vorme po, ko, mo:

1.88 Ofskoon hierdie vorme enklitika is en as sodanig buite die studieveld val, het ons vir sover belang daarby dat hulle ooreenstemmende korrelasie met die onderskeie lokatiewe klasprefikse toon. Dit wil ook voorkom asof die afgeleide klasprefiksmorfeem n rol in hul vorming speel:

	<u>klas</u>		<u>enklitikum</u>
16	<u>mu-</u> :	<u>po</u> <	*/PU/o/
17	<u>ku-</u> :	<u>ko</u> <	*/KU/o/
18	<u>mu-</u> :	<u>mo</u> <	*/MU/o/

1.89 Hieruit kan die volgende observasies gemaak word:

- (i) Morfologies is daar geen verskil tussen die enklitika, die voorwerpskakels en die absolute vnwe. van elke ooreenstemmende klas nie.
- (ii) Hul vorming geskied oënskynlik op dieselfde wyse as die van die vnwe.
- (iii) Wat hul enklitiese aard en posisie na die werkwoord betref, kom dit ooreen met die van die voorwerpskakel van die 1ste pers. ekv., nl. nge 'my'.
- (iv) Dit lyk vreemd dat, in teenstelling met die voorwerpskakels van alle ander klasse, die voorwerpskakels van die lokatiefklasse saamgestelde morfeme is.

Slotsom:

- (a) Sintakties en funksioneel lyk dit asof die enklitika en die voorwerpskakels n enge ooreenkoms toon, indien hulle nie inderwaarheid dieselfde morfeme is nie.
- (b) As saamgestelde morfeme lyk hulle weer na die ooreenstemmende voornaamwoorde.

Kombinasies van klasprefikse.

1.90 Die verskynsel van dubbele of driedubbele klasprefikse is algemeen, veral by meervoudsvormings. Die operatiewe prefiks, d.w.s. die prefiks waarvolgens die skakels en pronomina hulle rig, is altyd die eerste een. Inderwaarheid word die tweede of soms derde prefiks dikwels as deel van die stam gesien. Daar moet in gedagte gehou word dat die prefiks wat in n kombinasie nie eerste staan nie, sy aanvangsvokaal (o-) verloor..

Prefikse egter wat deur n lokatiefprefiks voorafgegaan word, behou hulle aanvangsvokaal.¹⁾

Kombinasie 10/3:

1.91 Sommige woorde in klas 3 vorm hul meervoude in klas 10 i.p.v. die gebruikelike klas 4 waarby die prefiks van klas 3 in die meervoud behou word, bv.

<u>omw/andi</u>	mv.	<u>ee/mw/andi</u> 'jakkals-
		<u>bessiebome</u> '
<u>omw/enyo</u>	mv.	<u>ee/mw/enyo</u> 'siele'
<u>omw/iya</u>	mv.	<u>ee/mw/iya</u> 'gordels'
<u>om/ti</u>	mv.	<u>ee/n/ti</u> 'bome' ²⁾
<u>om/ndilo</u>	mv.	<u>ee/n/ndilo</u> 'vure' ²⁾

Kombinasie 10/9:

1.92 <u>ony/ofi</u>	mv.	<u>ee/ny/ofi</u> 'sterre'
<u>on/daka</u>	mv.	<u>ee/n/daka</u> 'stemme'
<u>on/(g)obe</u>	mv.	<u>ee/n/(g)obe</u> 'beeste'
<u>on/hana</u>	mv.	<u>ee/n/hana</u> 'kalwers'
<u>on/be</u>	mv.	<u>ee/n/be</u> 'wildedadels'

Kombinasie 6/11:

1.93 <u>olu/kaku</u>	mv.	<u>oma/lu/kaku</u> 'skoene'
<u>olu/di</u>	mv.	<u>oma/lu/di</u> 'soorte'
<u>olw/enya</u>	mv.	<u>oma/lw/enya</u> 'vere'
<u>olw/eendo</u>	mv.	<u>oma/lw/eendo</u> 'reise'

1) Vergelyk par. 1.81

2) Meervoudsvorming met kombinasie 10/3 is minder gebruiklik by stamme wat op konsonante begin.

Kombinasie 6/14:

1.94	<u>ou/fiku</u>	mv.	<u>oma/u/fiku</u> 'nagte'
	<u>ou/dano</u>	mv.	<u>oma/u/dano</u> 'speletjies'
	<u>ow/engo</u>	mv.	<u>oma/w/engo</u> 'pypolie'
	<u>ow/iinga</u>	mv.	<u>oma/w/iinga</u> 'armoede'

Kombinasie 6/15a:

1.95	<u>oku/twi</u>	mv.	<u>oma/ku/twi</u> 'ore'
	<u>oku/fu</u>	mv.	<u>oma/ku/fu</u> 'winters'
	<u>okw/ena</u>	mv.	<u>oma/kw/ena</u> 'grotte'
	<u>okw/enya</u>	mv.	<u>oma/kw/enye</u> 'somers'

Kombinasie 5/3:

1.96	<u>om/ti</u>	<u>e/n/ti</u> 'n reusagtige boom'
	<u>om/ndilo</u>	<u>e/n/ndilo</u> 'n enorme vuur'
	<u>om/tyuula</u>	<u>e/n/tyuula</u> 'n groot soetdoringboom'
	<u>omw/enge</u>	<u>e/mw/enge</u> 'n yslike soetriet'

Kombinasies 12/~ en 14/~:

1.97 Die verkleiningsprefiks oka- en sy meervoud ou- kan haas voor enige ander prefiks of stam verskyn, bv.

12/1	: <u>oka/n/nhu</u> 'mensie'	mv.	14/1	: <u>ou/n/nhu</u>
12/3	: <u>oka/n/ti</u> 'boompie'	mv.	14/3	: <u>ou/n/ti</u>
12/7	: <u>oka/sh/ana</u> 'reus- agtige "oshana"'	mv.	14/7	: <u>ou/sh/ana</u>
12/11	: <u>oka/lu/tu</u> 'liggaam- pie'	mv.	14/11	: <u>ou/lu/tu</u>
12/15a	: <u>oka/ku/twi</u> 'oortjie'	mv.	14/15a	: <u>ou/ku/twi</u> , ens..

Kombinasie 2a/~:

1.98 Teoreties is dit moontlik om byna enige s.nw. in subklas 1a te plaas deur die aanvangsvokaal o- van die prefikse weg te laat. Die meervoude van sulke woorde word dan met oo- (klas 2a) gevorm waarby die prefiks van die oorspronklike woord in die meervoud behoue bly, bv. ...

(a) Persoonsname:

- 2a/5 : oo/N/e/umbo 'Neumbo-hulle'
<*/oo/na¹)/e/umbo/
2a/7 : oo/Shi/kongo 'Shikongo-hulle'
2a/9 : oo/Na/n/(g)ole 'Nangolo-hulle'
<*/oo/na¹)/N/*)olo/
2a/12 : oo/Ka/imbi 'Kainbi-hulle'
2a/14 : oo/Ha/u/fiku 'Haufiku-hulle'
<*/oo/ha¹)/ou/fiku/

(b) Personifikasie:

- 2a/3 : oo/Mw/andi 'Jakkalsbessieboom-hulle'
2a/7/9 : oo/Shi/m/bungu 'Shimbungu-hulle' ..
2a/12 : oo/Ka/vandje 'Jakkals-hulle', ens..

Kombinasies 16, 17 18/2:

1.99 Die lokatiefprefikse tree voor s.nwe. uit enige ander klas op, bv.

- 16/1 : p/om/nhu 'by die mens'
17/2 : k/ova/nhu 'na die mense toe'
18/3 : m/om/ti 'in, onder die boom'
16/4 : p/omi/ti 'by die bome'
17/5 : k/e/pya 'na die saailand toe' ..
18/6 : m/oma/pya 'in die saailande', ens..

Kombinasies van drie klasprefikse:

1.100 Enkele voorbeelde word gegee:

- 16/10/3 : p/ee/mw/andi 'by die jakkalsbessiebome'
17/6/11 : k/oma/lu/kaku 'na die skoene toe'
18/6/14 : m/oma/u/fiku 'in die nagte'
16/2a/5 : p/oo/N/e/umbo 'by Neumbo-hulle'
17/2a/7 : k/oo/Shi/kongo 'na Shikongo-hulle toe' ..
5/3/9 : e/p/n/(g)obe 'groot, slegte bees!', ens..

48/...

1) Heel dikwels word die formatief -na- gebruik vir vroulike en -ha- vir manlike name.

1.101 Slegs een voorbeeld van n 2a/2 prefikskombinasie kon gevind word, nl.

oo/v/ene 'eienaars, base' < */oo/va/ene/

Die aanvangsvokaal o- en dié se verband met die kopula.

1.102 Oor die ontstaan of herkoms van die aanvangsvokaal by klasprefikse, word na par. 1.3 verwys. Ofskoon dit geen rol speel in die bepaling van skakels of vorming van pronomina nie, en as sodanig geen verband met die klasprefikse hou nie, vorm die aanvangsvokaal tog n deel van die morfologie van die s.nw. en moet dit om hierdie rede kortliks behandel word.

1.103 In baie gevalle in die taal is die identifiserende kopula nie van die aanvangsvokaal te onderskei nie. n Mens kry selfs die indruk dat dit een en dieselfde morfeem is. Daar sal in hierdie studie geen poging aangewend word om absolute helderheid hieroor te verskaf nie, maar volstaan word met enkele voorbeelde en gebruike.

1.104 Gerieflikheidshalwe kan die volgende indeling gemaak word:

- (a) Die kopulatiewe vorme van naamwoorde met n aanvangsvokaal.
- (b) Die kopulatiewe vorme van nomina wat geen aanvangsvokaal het nie.
- (c) Die kopulatiewe morfeem o- as infiks saam met prenominale morfeme.

Die kopulatiewe vorme van nomina met n aanvangsvokaal:

1.105 Morfologies kan geen onderskeid gemaak word tussen die kopulatiewe en nie-kopulatiewe vorme van die s.nw nie. Daar is egter toonverskille. Die s.nw as onder-

werp van die sin word gekies om 'n teenstellende toonpatroon te illustreer.

<u>kopulatief</u>	<u>onderwerp</u>
<u>ònhù</u> 'dit is n mens'	<u>ònhù</u> 'mens'
<u>ònfítà</u> 'dit is n herder'	<u>ònfítà</u> 'herder'
<u>òngòbè</u> 'dis n bees'	<u>òngòbè</u> 'bees'
<u>òufíkù</u> 'dis nag'	<u>òufíkù</u> 'nag'
<u>òmlàulè</u> 'dis n swarte'	<u>òmlàulé</u> 'n swarte'
<u>ònnéné</u> 'dis n grote'	<u>ònnéné</u> 'n grote'
<u>éumbò</u> 'dis n huis, werf'	<u>éumbò</u> 'werf, huis'
<u>ètétà</u> 'dis n mier'	<u>ètétà</u> 'mier'
<u>èengòbè</u> 'dis beeste'	<u>èengòbè</u> 'beeste'
<u>èemhèpò</u> 'dis geeste'	<u>èemhèpó</u> 'geeste' 1)

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- (i) Die s.nw. in sy kopulatiewe vorm het sy eie toonpatroon.
- (ii) Die aanvangsvokaal o- in die kopulatief het altyd laagtoon.
- (iii) Dit lyk asof die aanvangsvokaal met laagtoon die kopulatiewe morfeem is.

Die kopulatiewe vorme van naamwoorde wat geen aanvangsvokaal het nie:

1.106 Vergelyk die voorbeelde:

50/...

1) Die aanvangsvokaal o- van prefikse van klasse 5 en 10 is nie herkenbaar nie a.g.v. fonologiese veranderings. Vergelyk in dié verband par. 1.30 en 1.55 onderskeidelik.

<u>Nie-kopulatief</u>	<u>kopulatief</u>
Klas 1a: <u>meme</u> 'moeder'	<u>omeme</u> 'dis moeder'
<u>kaume</u> 'vriend'	<u>okaume</u> 'dis my vriend'
<u>mwene</u> 'eienaar'	<u>omwene</u> 'dis die eienaar'
<u>Shikongo</u> 'Shikongo'	<u>oShikongo</u> 'dis Shikongo'
<u>Kola</u> 'Kraai'	<u>oKola</u> 'dis Kraai' ¹⁾

Ons herken n afsonderlike kopulatiewe morfeem, nl. o-:

→ Die kopulatiewe o- as infiks saam met preminale morfeme:

1.107 Wanneer die bindmorfeem na- 'en', die besitskakels en die lokatiewe klasprefikse vooraan nomina gevoeg word, tree n element in die verbindings op wat heelwaarskynlik die kopulatiewe o- is, vergelyk die voorbeelde:

ovanhu vokOndangwa (< b/sk. ya- + o + lok. prefiks ku- + die pleknaam Ondangwa) - 'mense van Ondangwa = vandaar af afkomstig'.

n Mens sou egter kon verwag: ovanhu *yakOndangwa. Indien die o- na die besitskakel kopulatief van aard is, lui die letterlike vertaling so: 'mense van dit is by Ondangwa'

Hierdie o- kan óf die kopulatief wees óf die -a- < ya- wat met die daaropvolgende o- van Ondangwa geassimileer het óf gevorm wees volgens analogie...

51/...

¹⁾ Die kopulatiewe morfeem is ook duidelik herkenbaar voor ander woordsoorte wat op konsonante begin.

1.108 Laasgenoemde voorbeelde sou geïllustreer kon word op grond daarvan dat die vokale van die prenominale morfeme weggelaat word wanneer hulle voor die aanvangsvokale van nomina te staan kom, bv.

ovanhu vohamba (< va + ohamba) - 'mense van die kaptein'
.... nohamba (< na + ohamba) - 'en, ook die kaptein'
.... kohamba (< ku + ohamba) - 'na die kaptein toe'

1.109 Die eerste van die bg. moontlikhede lyk die aanneemlikste omdat dit in die struktuur van die taal pas: 'n Kopulatief kan na willekeur voor enige morfeem gevoeg word soos die geval dit mag vereis, vergelyk:

vOndangwa 'van Ondangwa, d.i. die mense'
> ovOndangwa 'dit is van Ondangwa'

kOndangwa 'na Ondangwa'
> okOndangwa 'dit is by Ondangwa'

vokOndangwa 'van by Ondangwa'
> ovokOndangwa 'dit is van by Ondangwa'

omai eedila 'die eiers van die voëls'
< besitsk. a- + eedila > noeedila 'en, ook is dit van voëls'.

Uit die voorafgaande vloei voort dat KWANYAMA by opeenhoping van morfeme vooraan nomina, telkens die kopulatiewe o- byvoeg.

Weglatings van die aanvangsvokaal o-:

1.110 Die weglating van die aanvangsvokaal hou semantiese implikasies in en geskied in die volgende gevalle:

(a) Die vokatief:

mmati! (< om/mati) - 'seun!'
unona (< ou/nona) nye! - 'julle kinders'
kanimaave! (< oka/nima + ove) - 'jy dingetjie!'
mmhwoove! (< om/nhu + ove) - 'jy mens!'
kahauulwoove! (< oka- + infiks -ha- +
ouulu + ove) - 'jy (ou) beentjies!'

Soms word meer as die aanvangsvokaal weggelaat:

menhwoove! (< om/lumenhu + ove) - 'jy kêrel!'

(b) Personifikasie:

Kavandje (< okavandje) - 'Jakkals'
Shimbungu (< oshimbungu) - 'Wolf'
Kashima (< okashima) - 'Skilpad'

Somtyds word ook die prefiks weggelaat:

Kola (< ekola) - 'Kraai'
Ndiba (< okandiba) - 'Haas'

(c) Persoonsname:

Dit is gebruik om vroulike name deur prefigering van die morfeem na- en manlike name deur ha- te vorm:

Naufiku (< na- + oufiku) - 'naam van 'n vroulike persoon wat in die nag gebore is.'

Haufiku (< ha- + oufiku) - 'n manlike naam'

Naukongo (< na- + oukongo) - 'die naam van 'n vroulike persoon wat tydens 'n jagtog gebore is.'

Haukongo (< ha- + oukongo) - 'n manlike naam'

(d) Bywoorde:

Wanneer die prefiks van enkele naamwoorde in klas 5 weggelaat word, ontstaan bywoorde:

lao 'gelukkig' < e/lao 'geluk'

fiku limwe 'op 'n dag' < e/fiku limwe 'een dag'

fimbo 'wanneer, terwyl' < e/fimbo 'tyd'.

HOOFSTUK II.

DIE INHOUD VAN DIE KLASSE

Inleiding.

2.1 In hoofstuk I, par.1.1, is reeds 'n opsomming van die klasse met hul prefikse gegee. Hulle is paarsgewys gerangskik om die enkel- en ooreenstemmende meervoudsvorme aan te toon soos hulle in die taal gebruik word.

2.2 Pogings om die presiese inhoud van elke klas te bepaal, lewer soms probleme, soos dit trouens op elke terrein van die linguistiek gebeur. Die kernprobleem is seker om die naamwoorde met gemeenskaplike inhoudsbetekenis te groepeer en dan aan 'n bepaalde klas toe te skryf. Dit lyk logies dat Bantoetaale ook in dié opsig onderling van mekaar sal verskil.

2.3 In Xhosa word bv. 'n kakebeen (unhlati) met iets hols geassosieer en derhalwe die plasing van die woord in klas 3 (Louw, 1968). Maar in KWANYAMA is 'n kakebeen in klas 9 (oshama). In Sotho is 'n muskiet in klas 3. monang, maar in KWANYAMA in klas 9 en Herero klas 11. Onder andere behoort "kruipende gediertes" in klas 5 (KWANYAMA): Die woord vir slang, eyoka, pas gevolglik hier. Maar in Herero is 'n slang in klas 9 (onyoka). Dit mag natuurlik wees dat vir die KWANYAMA die "kruipende gedierte-assosiasie" oorheersend is (klas 5) en vir die Herero die assosiasie met "diere" (klas 9).

2.4 Daar is seker nog baie ander faktore wat die plasing van woorde in bepaalde klasse mag beïnvloed, soos bv. die spesifieke kulturele kenmerke van 'n volk en die rol wat bome, plante, gebruiksartikels, diere, ens. in die volkekundige verband speel. (Trouens, hierdie aspekte het aanleidings gegee tot nuwe vertakkinge in die wetenskap soos "etnobotanika" en "volkstaksonomie"). Die feit dat daar klasse is wat in sommige tale wegval en gevolglik verskuiwings van woorde na ander klasse, moet ook 'n invloed op die inhoud van klasse hê.

2.5 'n Mens kan dus verwag dat daar soms woorde in 'n klas gevind sal word waarvan die etimologie nie meer duidelik is nie en dat hulle moeilik groepeerbaar is.

2.6 Ons benadering is dus 'n algemene een: soveel woorde moontlik in 'n klas word bestudeer om dan te probeer vasstel watter gemeenskaplike inhoudsbetekenis daarin voorkom. Op die wyse kan klasse tipeer word.

2.7 Dit is opvallend dat die inhoud van sommige klasse duidelik omlin en bepaald is terwyl ander weer ruimte vir wyer inhoudsbegrippe laat.

Klasse met duidelik omlinde inhoudsbegrippe:

Klasse 1/2 (nense),

Klasse 1a/2a (verwantskapsbenaminge en personifieerde vorme),

Klasse 12/14 (verkleiningsvorme)

Klas 14 (abstrakte s.nwe.)

Klas 15 (infiniteewe)

Klasse 16, 17 en 18 (plekaanduidende klasse)

Klas 11 is ook redelik bepaald:
(lang en dun voorwerpe en abstrakte begrippe).

Klasse 3/4, 5/6, 7/8 en 9/10 is meer omvattend met elk n verskeidenheid onderwerpe. Dit is veral hier waar baie woorde hulle nie in groepe laat forseer nie.

2.8 Daar is drie elemente wat die betekenis van n s.nw. kan bepaal of beïnvloed, nl.

- (i) die stan van n s.nw. (die grondbetekenis)
- (ii) die klasprefiks kan dit wysig
- (iii) die uitgangsvokaal bring soms n aspekverskil mee.

2.9 Met die stamme as uitgangspunt, kan twee hoofgroepe s.nwe. onderskei word:

- (a) Naamwoorde wat van ander woordsoorte afgelei is.
- (b) Naamwoorde wat nie van ander woordsoorte afgelei is nie.

Wat naamwoorde in (a) betref, stel ons veral belang in deverbatiwe omdat dit die elemente wat die grondbetekenis van stamme beïnvloed, doeltreffend illustreer, veral t.o.v. die semantiese implikasies van die uitgangsvokale. Omdat deverbatiwe breedvoerig in hoofstuk III behandel word, en om oorvleueling te vermy, sal in hierdie deel slegs daarna verwys word.

2.10 Ons merk dat die betekenis van stamme konstant is en dat dit juis die klasprefikse is wat die s.nwe. volgens betekenis-inhoud in klasse kategoriseer (afgesien van kategorisering op morfologiese gronde). Dit vorm die basiese uitgangspunt vir hierdie hoofstuk.

KLAS 1, prefiks om-, omw- (<*omu-):

2.11 Die prefiks dui enkelvoudsvorme aan en slegs mense val in hierdie klas:

Die sleutelwoord blyk omnhu 'mens' te wees.

<u>ommati</u> 'seun'	<u>omkulunhu</u> 'ouer'
<u>omwalikadi</u> 'vrou'	<u>omlumenhu</u> 'man'
<u>omyamba</u> 'rykman'	<u>omfifi</u> 'kunstenaar, slimme'
<u>omshiinda</u> 'buurman'	<u>omhongi</u> 'onderwyser'

KLAS 1a, - :

2.12 Die s.nwe. is enkelvoudsvorme. Die mense in hierdie klas dui meesal persoonlike verhoudings aan soos

(i) Verwantskapsbenaminge:

<u>tate</u> 'vader'	<u>xo, sho</u> 'jou vader'
<u>mene</u> 'moeder'	<u>nyoko</u> 'jou moeder'
<u>xe, she</u> 'sy, haar vader'	<u>ina</u> 'sy, haar moeder'

Ander verwantskapsaanduidings bestaan uit samestellings van bg.:

<u>xomweno</u> 'jou skoonvader'	<u>xenweno</u> 'sy skoonvader'
<u>xokulu</u> 'jou oupa, oom'	<u>xekulu</u> 'sy oupa, oom'

(ii) Persoonsname:

Mfeti, Kautwina, Haufiku, Nangolo,
Johanesa, Petrusa.

(iii) Name van diere wat personifiseer word:

Shimbungu 'Wolf, Hiëna' < oshimbungu 'hiëna'
vgl. embungu 'hiëna'.

Kola 'Kraai' < ekola 'kraai'

Kavandje 'Jakkals' < okavandje 'jakkals'
vgl. ombadje 'jakkals'

2.13 Baie diere verskyn alleenlik in klas 1a al sou die bedoeling nie personifisering wees nie¹⁾, bv.

<u>halunhi</u> 'meerkat'	<u>finba</u> 'muskeltaatkat'
<u>nikifa</u> 'krimpvarkie'	<u>manghwe</u> 'kwêvoël'
<u>halilo</u> 'vuurvlieger'	<u>finbi</u> 'trapsuutjie'
<u>kakulu</u> 'bosuil'	<u>lukenghe</u> 'kiewiet'

KLAS 2, prefiks ova-:

2.14 Die ova-klas vorm reëlmatig die meervoud van woorde in klas 1, enkele voorbeelde:

<u>ovanhu</u> 'nense'	<u>ovanati</u> 'seuns'
<u>ovakulunhu</u> 'ouers'	<u>ovalikadi</u> 'vrouens'
<u>ovayamba</u> 'rykmans'	<u>ovashiinda</u> 'bure'

KLAS 2a, prefiks oo-:

2.15 Klas 2a vorm die meervoud vir woorde in klas 1a en is ook t.o.v. sy inhoud met hom identies:

59/....

¹⁾ Vergelyk vir verdere toeligting par. 2.60, (ii).

<u>ootate</u> 'vader-hulle' ¹⁾	<u>ooxo</u> , <u>oosho</u> 'jou vader-hulle'
<u>oomeme</u> 'moeder-hulle'	<u>oonyoko</u> 'jou moeder-hulle'
<u>oomfeti</u> 'Mfeti-hulle'	<u>ooJohanesa</u> 'Johannes-hulle'
<u>ooShimbunga</u> 'Wolf-hulle'	<u>ooKavandje</u> 'Jakkals-hulle'

KLAS 3, prefiks om-, omw- (< *omu-):

2.16 Die prefiks dui enkelvoudsvorme aan. Die inhoud behels die volgende:

- (i) Uitgeholde of hol dinge en aanverwante assosiatiewe begrippe²⁾. Die sleutelwoord mag moontlik ontutu 'uitgeholde ruimte of binnenste holte' wees. Uitgeholde bome, veral kremetarte, word ook so genoem. Baie liggaamsdele vind hul tuiste hier:

<u>omkati</u> 'slurp'	<u>omfina</u> 'put'
<u>omlonga</u> 'rivier'	<u>omlola</u> 'klein "oshana"'
<u>omkangha</u> 'sloot'	<u>omkala</u> 'gang in die werfstruktuur'
<u>omngome</u> 'brood'	
<u>omlele</u> 'plek, holte waar gelê of geslaap is'	
<u>omtwe</u> 'kop'	<u>omtima</u> 'hart'
<u>omnino</u> 'keel'	<u>omkonghani</u> 'stuitjie'

60/...

1) In 'n engere verwantskapsin behoort bv. ootate vertaal te word met 'my vaders', d.w.s. my vader in geselskap van sy broers en ooms aan vaderskant, maar wat almal ouer as eksel self is. In ander gevalle mag my vader se geselskap uit familie van beide geslagte bestaan in welke geval dit dan met vader-hulle vertaalbaar is. Dieselfde beginsel geld vir oomeme, ooxo, oosho, oonyoko en ooxo.

2) Die gedagte is aan prof. J.A.Louw ontleen: "LIMI" 1968, no.5 pp. 21 - 22.

(ii) Opvallend baie voorwerpe is lank, smal en rond:

<u>ontili</u> 'dun pypie, bv. n pypsteel'	<u>onwenge</u> 'soetriet'
<u>onpolo</u> 'neusbrug'	<u>onnwe</u> 'vinger'
<u>onfipa</u> 'aar, sening'	<u>omshila</u> 'stert'
<u>onfuula</u> 'boontjiepeule'	<u>omshindi</u> 'voëlstert'
<u>onfya</u> 'skeur, spleet, bars'	
<u>onkweyo</u> 'n streep, laag, ry, bv. n ry stene'	

(iii) Enkele woorde (waarvan sommige hierbo genoem is) verteenwoordig in n figuurlike sin begrippe soos "die middelpunt", "hoofsaak", "grondbeginsel" van iets, vergelyk:

<u>ontina</u> 'hart; of inhoud, hoofsaak, middelpunt van iets'
<u>ondi</u> 'wortel; of kern, basis, grondbeginsel wortel van n saak'

(iv) In dieselfde oordragtlike sin is verder:

<u>onwonyo</u> 'lewe, siel'	<u>onngo</u> 'beenmurg, murg'
<u>onnu</u> 'kierplantjie'	<u>optwe</u> 'kop'
<u>ompondo</u> 'waarde'	

2.17 Verskynsels in die natuur (of natuurlike verskynsels). Dis opmerklik dat die begrippe nie hanteerbaar of tasbaar is nie.

<u>ondo</u> 'jaar'	<u>onfilo</u> 'afneem van die maan'
<u>onlsulu</u> 'donkerte'	<u>ondimbi</u> 'aanhoudende, sagte reëns'
<u>onwaanba</u> 'wolkbanke op die horison as teken van komende reëns'	<u>onfinda</u> 'n merk in die sand, lyn, streep, spoor'
<u>ondile</u> 'skaduwee'	
<u>onku</u> 'steen'	

<u>omndilo</u> 'vuur'	<u>omdidimbe</u> 'skaduwee van 'n mens'
<u>omwifi</u> 'rook'	<u>opteno</u> 'vlam'
<u>optenya</u> 'middaghitte'	<u>omdjene</u> 'hitte van n vuur'
<u>omlalavili</u> 'melkweg'	<u>omwedi</u> 'maan, as natuur- like verskynsel, daarvan maand'
<u>omke</u> 'droogte'	<u>omfitu</u> 'bos'
<u>omfenu</u> 'glyerigheid, gladheid'	
<u>omnoko</u> 'modder, klei'	

2.18 Die meeste bome, struik en sommige plante kom in klas 3 voor:

- (i) In die eerste plek het dit weer met die natuur te doen. Dis twyfelagtig of bome en plante met die "holte-begrip" assosieerbaar is - die stamme is kliphard; tensy die verband gesoek word in die feit dat die bas die binneste omhul. Bome bestaan egter nie net uit stamme nie en by baie plante is hulle afwesig. Ons noem die algemene woord vir boom, opti, as uitgangspunt:

<u>omwoongo</u> 'maroela'	<u>omng hete</u> 'mangetti'
<u>omwoonde</u> 'kaneel- doring'	<u>omve</u> 'wildedadel'
<u>omlunga</u> 'palmboom'	<u>omfyati</u> 'mopani'
<u>ombyupeke</u> 'suurpruim'	<u>ompalala</u> 'huilboom'
<u>omwiidi</u> 'gras'	<u>omdjulu</u> 'plantsoort'
<u>omkonati</u> 'plantsoort'	<u>omfifimano</u> 'rankplant'

- (ii) Allerlei gebruiksartikels (hoofsaaklik van plantaardige oorsprong). Vergelyk die woord omshingo 'vervaardigingstechniek, bouwyse, styl'. Baie van hierdie artikels is ook langwerpig of rond of albei, bv.

<u>omshi</u> 'stamper'	<u>oppini</u> 'steel'
<u>onpeno</u> 'blaasbalk'	<u>onkonda</u> 'dolk'
<u>omfuva</u> 'bastou, g - stroopte bas'	<u>omwiya</u> 'gordel, riem'
<u>onfingo</u> 'dwarshout om die ingang tot die werf te verseël'	<u>Omshikilo</u> 'raamwerk waar- aan die karringkalbas hang'
<u>onhongo</u> 'soort pyl'	<u>onkuto</u> 'grasbundels vir dokdoeleindes'
<u>onkove</u> 'soort werp- spies'	<u>onkalongo</u> 'n gepleisterde plek'
<u>omwiyo</u> 'wip'	<u>onti</u> 'medisyne'
<u>omxu</u> 'poeier'	<u>ontala</u> 'bed'

2.19 Liggaanshouding, lewenswyse, manier, gedardheid:

<u>ontunba</u> 'sittende houding'	<u>onfika</u> 'staande houding, hoogte'
<u>ontjonhe</u> 'hurkende posisie	<u>onlalo</u> 'lê-houding, slaap'
<u>onvao</u> 'die sweef van 'n voël'	<u>onhanga</u> 'geneenskaplike besit'
<u>onkongho</u> , saam met <u>-nwa</u> , 'drink' 'om water sommer uit bv. n sommer te drink - iemand wat daardie slegte manier het'	<u>onkalo</u> 'lewenswyse'
<u>onkuku</u> , saam met <u>-lishila</u> , 'trek', 'die rek van lede- mate'	<u>onpopyo</u> 'manier van praat'
<u>onpya</u> 'teëspoed	
<u>omshango</u> 'skryfwyse'	

Vergelyk verder die deverbatiwe in klas 3 in par.3.10

2.20 Assosiasies met slagte dinge en onbruikbaarheid:

- (i) omngongo 'karkoer'
ompandela 'bitter suurmilk'
omdinba 'ontbinde lyk'
omhapo 'jok, met die doel om die gek te skeer'
omfufyo 'leuen'
omfu 'windlating'
- (ii) Enkele siektes en ongesteldhede kom in klas 3 voor:
- omkolo 'hoes'
omtilo 'trekkings'
ompanu 'maagwerking'
ompusa 'onverwagse, skielike dood, waarskynlik a.g.v. n hartaanval'
omkota 'neusbloei, purperkoors'
omkifi 'epidemiese siekte'
- (iii) Wanneer *omu- voor staam uit ander klasse optree, kan dit veragtelikheid aandui. Gewoonlik is so n ding ook groot, bv.
- omngobe 'slegte bees' vgl. ongobe 9
omhauto 'slegte motor' vgl. oshihauto 7
onyoka 'slegte slang' vgl. eyoka 5
omlukaku 'slegte skoens' vgl. olukaku 11, ens..

2.21 Opmerkings:

- (a) Klasse 5 en 7 dui ook vorms van veragtelikheid aan. In die meeste gevalle bly die oorspronklike klasprefiks (sonder die aanvangsvokaal o-) in die derogatiewe vorm behoue.
- (b) Klasse 1 en 3 gaan vir derogatiewe vormings na klas 5 en 7.
- (c) n Soort dubbele derogatief kan gevorm word deur die prefikskombinasie 5/3, bv.

o/m/ngobe 'groot, wilde, slagte bees' vgl.
ongobe 9

Daar is wynig en soms geen verskil in betekenis tussen emngobe en omngobe hierbo nis.

2.22 Rund, kant en naat:

<u>omhondjo</u> 'naat	<u>omngenge</u> 'kant, rand,
<u>omnghulo</u> 'oewer, wal,	bv. van n plank'
rand van n bos'	<u>omwoyo</u> 'soom'

2.23 Enkele kossoorte en maaltye wat moontlik as "artikels" gesien word:

opwisha 'middagmaaltyd'
omhoka 'vleissous of -sop'
omkeshe 'vel wat vir n vleiskos gekook word'
omkaa 'gebrek aan bykos'. Hierdie woord
skakel moontlik ook by par. 2.19 hierbo in.

KLAS 4, prefiks omi-:

2.24 Dit vorm reëlmatig die meervoude vir woorde in klas 3. Vergelyk egter par. 1.90.

KLAS 5, prefiks e-:

2.25 Meinhof (1948, p.36) gee n globale waergawe van die inhoud van hierdie klas. n Posing tot n ander benadering word egter gevolg: Die inhoud van hierdie klas dek n wye veld. Dit kom voor asof alles wat opvallend en uitstaande, belangrik en waardevol is, in n negatiewe of positiewe sin, die basis van die inhoud vorm. Klas 5 is vergrotingsklas of die klas vir groot dinge. Positiewe eienskappe sluit begrippe in soos oppervlakte en die gesteldheid daarvan, en in bg. verband veral rondvormigheid en ronde dinge; sintuiglike waarnemings soos reuk en kleure; enkele voëls, vloeistowwe; sommige vrugte, kossoorte en vervaardigde artikels wat as opvallend of belangrik beskou word;

mate, hoeveelhede, tyd en ouderdom; mense met uitstaande kenmerke maar ook andersins woorde wat sterk karaktertrekke of omosies beskryf. Negatief-opvallend is dinge wat weersin, veragtelikheid of minderwaardigheid opwek, soos kruipende gediertes en slange. Verder mense met afkeuronswaardige eienskappe maar ook andersins woorde met sterk negatiewe beskrywings - indordad die "sterk" klas.

2.26 Aardoppervlaktes, plekke, grond en die gesteldheid daarvan:

<u>edu</u> 'aarde, grond'	<u>efuta</u> 'see'
<u>eulu</u> 'hemel'	<u>ehenene</u> 'groot oop, sanderige kol'
<u>epya</u> 'saailand'	<u>eheke</u> 'rooi sandgrond'
<u>ediva</u> 'natuurlike watergat'	<u>elova</u> 'klei'
<u>efululu</u> 'swaar, los sand'	<u>etale</u> 'gronddam'
<u>ehenge</u> 'plek waar die klipbanke aan die oppervlakte kom en die water gevolglik vlak is sodat die grond altyd klam is.'	<u>enenge</u> 'riete'
<u>etunda</u> 'houwel'	<u>ediko</u> 'vuurmaakplek, stoof'
<u>elonbo</u> 'pop beesmis in 'n kraal a.g.v. reëns'	<u>okulo</u> 'n begroeide rivierwal'
<u>ekelo</u> 'vanggat'	<u>ekuma</u> 'n stuk klei, kleimuur'
<u>engade</u> 'ruigte'	<u>elanbo</u> 'n gat in die grond'
	<u>opata</u> 'kombuis'

Reeds hier is die assosiasies met rondvormigheid en holtes duidelik.

2.27 Ronde voorwerpe, knolle en bolle, enkele vrugte:

(i) (a) Ronde vorms:

<u>etwatwa</u> 'ronde vorm'
<u>ekonbo</u> 'halwe sirkel'
<u>evongo</u> 'geboë vorm'
<u>etwali</u> 'Boesman-hut'
<u>enghondi</u> 'kronning, kronkels'

(b) Ronde voorwerpe:

ei 'eier'
epalu 'bles op n man se kop'
efiya 'ronde kleisteen waarop gekook word'
ekunde 'beontjie'
evanda 'groentokoek'
emanya 'klip'

(c) Knolle en bolle:

enova 'groot, waterige knol'
enyangwa 'pampoens'
enyanga 'ui'
etanga 'waatlomoen'
edo 'waterleliebol'
embo 'plant wat knolle onder die grond vorm'
etindi 'knolsoort'

(d) Enkele vrugte:

epwaka 'suurklapper'
ekwa 'krometart'
euni 'botterklapper'
ekwakwa 'groente, soort "narog"

Die meeste plante en vrugte is eetbaar.

In teenstelling met die maan(ohann), ster(onyofi) wat beide in klas 9 is, verskyn die son(etango) in klas 3 waarskynlik omdat hy die vernaamste, opvallendste en grootste hemelliggaam is (die woord vir "dag" = efiku)

- (ii) Organe van die liggaam, enkele ledemate: Die assosiasie met rondvormigheid en derhalwe met prominensie en van wat as "belangrike" organe gesien word, is duidelik:

<u>eisho</u> 'oog'	<u>eyulu</u> 'neus'
<u>evele</u> 'vrouebors'	<u>etako</u> 'boud, sitvlak'
<u>eyoo</u> 'tand'	<u>edimo</u> 'maag'
<u>ekolo</u> 'skoot'	<u>elaka</u> 'tong'
<u>etondo</u> 'testikel'	<u>epunga</u> 'long'
<u>exuli</u> 'lewer'	<u>ekato</u> 'naeltjie'
<u>epepe</u> 'skouer'	<u>etundji</u> 'bobeen'
<u>ekofi</u> 'nek'	<u>eke</u> 'hand'
<u>evava</u> 'vlerk'	<u>ekasha</u> 'poot van roof-
<u>ekondo</u> 'klou, hoef'	dier'
	<u>etende</u> 'olifantspoot'

2.28 Sintuiglike waarnemings:

(i) soos reuk, geluid en kleur, bv.

<u>edinba</u> 'reuk'	<u>onyiko</u> 'reuk, geur,
<u>ewi</u> 'klank, geluid'	stank'
<u>ekuno</u> 'gevoel, tassin'	<u>eudito</u> 'gehoor'
<u>emono</u> 'gesig, sienvermoë'	

kleure van diere:

<u>ediya</u> 'bruinkleur'	<u>evala</u> 'bont'
<u>ekonda</u> 'groot strepe'	<u>eluwa</u> 'dier met 'n wit
<u>epolo</u> 'bles'	rug'

(ii) Smaak en tekstuur, bv.

<u>elolo, emakelo</u> 'smaak'	<u>enghwanya</u> 'dik keelslym'
<u>enghulya</u> 'frank-suur	<u>eka</u> 'boomgom'
smaak van onryp vrugte'	<u>etepi</u> 'slap pap'
<u>ekoko</u> 'growwe kors,	<u>elonga</u> 'soort heuning'
soos van brood'	

(iii) Tekstuur van stowwe en ander sintuiglike waarnemings soos ligtheid, broosheid, ens..

<u>ekende</u> 'glas'	<u>ekerya</u> 'rubber'
<u>etutu</u> 'skuim van vloeistowwe; fyn, wit as'	<u>efe</u> 'blaar'
<u>efudi</u> 'skuim van varsmelk'	<u>etwafu</u> 'slapte, bv. van n draad'
<u>efita</u> 'bymeekaargehakte strooiopies'	<u>ekala</u> 'glaciende koeltjie'
<u>eye</u> 'veref vuurskynsel'	<u>cloto</u> 'die stilte na n storm'

(iv) Vloeistowwe, meentlik in assosiasie met tekstuur, smaak en kleur:

<u>eta</u> 'druppel'	<u>ehodi</u> 'traan'
<u>chenga</u> 'biesmelk'	<u>chete</u> 'bierafsaksels'
<u>epalu</u> 'eerste better na die reëns'	<u>ekufikufi</u> 'golf'

(Vloeistowwe verskyn hoofsaaklik in die meervoudsvorm ona-, kyk par. 2.33)

(v) Die meeste voëls word tussen klasse 5 en 9 verdeel. Die plasing van voëls in klas 5 geskied miskien op grond van een of ander besonderheid soos vorm, kleur, gebruikswaarde, karaktertrek of gewoonte:

<u>epumhuhu</u> 'bronvoël'	<u>ekokwe</u> 'neushoringvoël'
<u>ekodi</u> 'valk'	<u>elyamono</u> 'bosduif'
<u>exuvi</u> 'uil'	<u>ekulu</u> 'bosuil'
<u>ekonghola</u> 'fisantsoort'	<u>epamha</u> 'korhaan'
<u>ekondobolo</u> 'hoenderhaan'	<u>ekola</u> 'witborskraai'

2.29 Mate, tyd, hoeveelheid, getalle:

<u>eyeleko</u> 'maat'	<u>etole</u> 'lengte, grootte van mense'
<u>etata</u> 'half, helfte'	<u>efimbo</u> 'tyd'
<u>elala</u> 'tydsverloop, duurte, afstand'	<u>efiku</u> 'dag'
<u>evalo</u> 'aantal, getal'	<u>efele</u> 'honderd'
<u>eyuvi</u> 'duisend'	<u>epata</u> 'sibbe, verwantskap'
<u>epupi</u> 'ouderdomsgenoet'	

(Ander mate, getalle en tydvorme verskyn in klas 9.)

2.30 Allerlei gebruiksartikels:

Gebruiksartikels en soortgelyke voorwerpe kom verspreid voor in klasse 3/4, 5/6, 7/8, 9/10 en enkele in 11 en 14. Normaalweg is "a ding waarmee iets gedoen word" tipies vir klas 7/8. Hiervolgens sou n mens verwag om bv. "die byl" (ekuva) of "die skoffelpik" (eteno) in klas 7 te vind. Die artikels in klas 5 is daar geplaas vanweë die belangrike en onmisbare rol wat hulle in die alledaagse lewe speel. Die werf of woning (eumbo) en saailand (epya) kan nie gebou of bewerk word sonder die hoofgereedskap nie. Dis die basiese dinge wat elke man moet hê. Verder vereis die maak van die artikels in klas 5 n besondere vaardigheid, nl. die kuns om te kan vleg of snee.

Voorbeelde:

<u>eteno</u> 'skoffelpik'	<u>ekuva</u> 'byl'
<u>etemba</u> 'wa'	<u>olyenge</u> 'dik tou, ketting'
<u>clima</u> 'vyl'	<u>ekutu</u> 'sak'
<u>clilo</u> 'plat mandjie'	<u>embale</u> 'gevlegde hoed vir mans'
<u>etiti</u> 'bak vir vleis'	<u>colongo</u> 'gifpyl met n woerhaak'
<u>eonga</u> 'worpspies'	<u>epando</u> 'plat gevlegte tou of draad'
<u>elulo</u> 'die lus van n wip'	
<u>epango</u> 'skerpuntpaal wat in vanggato geplant word'	
<u>enghuna</u> 'koedoehoring wat as blaasinstrument gebruik word'	

2.31 Kruipende gediertes met negatiewe assosiasies soos grillerigheid, giftigheid, harigheid en glyerigheid.

Baie hiervan het n ronde voorkoms.

<u>edivedivo</u> 'paddavissie'	<u>efuna</u> 'eetbare brulpadda'
<u>eyula</u> 'padda'	<u>ehandja</u> 'eetbare miswurm'
<u>einyo</u> 'soort maaier'	<u>eyaaya</u> 'soort insek - onomatopeïes'

<u>elole</u> 'groot, vaal bosluis'	<u>eungu</u> 'eetbare-ruspe'
<u>ekelengenyé</u> 'oogpister'	<u>embodwe</u> 'wesp'
<u>engo</u> 'eetbare kewertjie'	<u>ewashe</u> 'steekvlieg'
<u>enyeu</u> 'groot swartuiers wat n stank afgee'	<u>eyoka</u> 'slang'
<u>embalangadja</u> 'oorkruiper'	<u>efu</u> 'rinkhals'
<u>euta</u> 'pofadder'	<u>eluviluvi</u> 'spinnepkop'
	<u>ekakala</u> 'likkewaan'
	<u>ekoko</u> 'skurwejantjie'

2.32 Aan die begin is genoem dat klas 5 tiperend vir uitstaande en opvallende kenmerke is. Dit geld ook vir mense. Maar ook andersins is daar woorde wat kragtige beskrywings gee wat veral by deverbatiwe opvallend is. Uit die aard van die saak sal die oorvloedige meerderheid van die voorbeelde abstrakte begrippe wees.

(i) Mense met uitstaande, positiewe kenmerke:

<u>elonga</u> 'vooraanstaande, belangrike persoon'
<u>ekena</u> 'kunstige, waardige persoon'
<u>epongo</u> 'brandara persoon; ellendeling'
<u>enyakwa</u> 'n persoon wat instrumente goed kan bespeel'
<u>ehelende</u> 'hubare meisie'

Mense met uitstaande negatiewe kenmerke:

<u>exuhuki</u> 'oujongkêrel'	<u>evaya</u> 'bang, lafhartige' persoon
<u>elai</u> 'dwaas'	<u>eume</u> 'boesemvriend'
<u>eshenge</u> 'homoseksualis'	<u>ehangu</u> 'dogter wat n ongoorloofde baba verwag'
<u>ekishi</u> 'albino'	

(ii) Naamwoorde (nie-mense) wat sterk positiewe eienskappe of verwendheid beskryf. Hieronder ressorteer belangrike gebeurtenisse:

Belangrike gebeurtenisse:

<u>ekulilo</u> 'verlossing'	<u>ehombolo</u> 'troue'
<u>efundula</u> 'inisiastiefees vir dogters'	<u>eyelu</u> 'groot vloed'
<u>efundja</u> 'die afken van vloedwaters gepaard met volop vis'	

Verhewenheid en sterk eienskappe:

<u>oitavolo</u> 'geloof'	<u>eyayuko</u> 'afsondering, heiligheid'
<u>eilikano</u> 'bede, smeking'	<u>ehalo</u> 'wil'
<u>ehafo</u> 'vrougde'	<u>ekaka</u> 'flinkheid t.o.v. werkverrigting'
<u>efimanku</u> 'oor, respekt'	<u>epata</u> 'n besondere groot vis'
<u>epasha</u> 'geboorte van n tweeling - word as iets bonatuurliks beskou'	
<u>epangelo</u> 'regering, besluit'	

(iii) Naamwoorde met negatiewe strekkinge:

<u>etafi</u> 'babelas'	<u>ekonda</u> 'bedrog'
<u>ehandu</u> 'woede'	<u>efindako</u> 'beskuldiging'
<u>efukulune</u> 'vraatsigheid'	<u>efupa</u> 'jaloesie'
<u>efu</u> 'misgunning'	<u>etimba</u> 'bloedskuld, sonde'
<u>edite</u> 'wederstrewigheid, koprigheid'	<u>ekumba</u> 'maerte, honger- snoed'
<u>ehongaifo</u> 'opstoking'	

(iv) Na aanleiding van tallo voorbeelde hierbo, lê dit in die wese van klas 5 dat die prefiks as vergrotingsprefiks dien, bv.

<u>euno</u> 'boesenvriend' vgl. <u>kano</u> 'vriend' 1a < * <u>okano</u> 14
<u>edi</u> 'groot steekvlieg' vgl. <u>odi</u> 'vlieg' 9
<u>einbilo</u> 'besinging, gesang' vgl. <u>eshimbo</u> 'lied' 7
<u>ekwiyu</u> 'groot wildeveeboor' vgl. <u>onkwiyu</u> 'wildevee- boom' 3
<u>endjila</u> 'grootpad' vgl. <u>ondjila</u> 'pad, voetpaadjie' 9
<u>edila</u> 'groot voël, vliegtuig' vgl. <u>odila</u> 'voël' 9

- (v) Na aanleiding van (ii), (iii) en (iv) hierbo, verleen die prefiks ook derogatief-augmentatiewe inhoud aan woorde:

Ekwanyana 'groot, slegte Kwanyana' vgl. Oukwanyana 1
epofi 'n blinde, met veragtelike betekenis' vgl.
onpofi 'n blinde' 1
engobe 'groot, slegte bees' vgl. ongobe 'bees' 9
epundi 'groot stoel' vgl. oshipundi 'stoel' 7
enghoshi 'groot, slegte leeu' vgl. onghoshi 'leeu' 9
efina 'groot, nuttelose kloap pap' vgl. oshifina
'pap' 7 ens..

KLAS 6, prefiks ona-:

2.33 Klas 6 vorm die reëlmatige meervoude vir woorde in klas 5. Daar is egter n aantal benaminge vir vloei-stowwe in klas 5 waarvoor daar geen ooreenstemmende enkelvoudsvorme bestaan nie, bv.

<u>omeva</u> < * <u>omaiya</u> 'water'	<u>omashini</u> 'melk'
<u>omaeofi</u> 'dikmelk'	<u>omalodu</u> 'bier'
<u>omaadi</u> 'vet'	<u>omahoeeli</u> 'lampolie'
<u>omanene</u> 'modderwater'	<u>omaxu</u> 'urine'
<u>omashikwa</u> 'karringmelk'	<u>omate</u> 'spoeg'

2.34 ona- dien ook as meervoudsprefiks vir klasse 11, 14, 15a en in uitsonderlike gevalle vir klas 12 waarby egter die onderskeie enkelvoudsprefikse (sonder die aanvangsvokaal) in die meervoudsvorme behoue bly.

Voorbeelde:

<u>enkelvoud</u>	<u>meervoud</u>
<u>olufindo</u> 'lepel' 11	<u>oma/lufindo</u> 6/11 ens.
<u>oufiku</u> 'nag' 14	<u>oma/ufiku</u> 6/14 ens..
<u>okutwi</u> 'oor' 15a	<u>oma/kutwi</u> 6/15a ens.
<u>okanya</u> 'mond' 12	<u>oma/kanya</u> 6/12
<u>okaanda</u> 'koringaandjie' 12	<u>omaanda</u> 6

KLAS 7, prefiks oshi-:

2.35 Aan die eenkant bevat klas 7 woorde wat werktuie, gereedskap en ander artikels beskryf, d.w.s. voorwerpe wat nuttig is en 'n bepaalde werk moet verrig of 'n spesifieke doel moet dien. Aan die anderkant weer sluit klas 7 nuttelose, onbruikbare en selfs potensieel skadelike dinge in. Dit is duidelik dat die prefiks positiewe sowel as negatiewe semantiese implikasies het waarvan die verskil in uiterstes intenser is as in die geval van klas 5.

Enkele nense kom in albei pole voor terwyl sommige siektes en diere in 'n derogatiewe lig gesien word.

- (i) Voorwerpe wat 'n bepaalde doel dien en vervaardigde artikels soos werktuie en gereedskap. Laasgenoemde moet gesien word as hantoorbare instrumente. Vergelyk die woord oshinina 'ding', en verder:

oshinamwonyo 'ding of dit wat lewe het = lewendige wese'

oshifitukuti 'ding of dit in die bos = wilde dier'

oshinene 'ding of dit wat groei = plant'

oshikalino 'dit wat binne is = inhoudsopgawe'

- (ii) Dinge met eienskappe van nuttigheid en bruikbaarheid:

oshikuni 'stuk brandhout'

oshiinati 'vrug'

oshilafu 'lekplek vir vee; skaaf'

oshihadi 'voëlneus'

oshana 'wye, vlak bedding waarin eSundja-waters afkom'

oshidudu 'flinkheid, bv. van 'n perd wat flink gallop of 'n motor wat goed trek'

oshidalelo 'baarmoeder'
oshiinano 'stingel van vrugte'
oshilaye 'afspraak'
oshiyelekifo 'maat om see te meet'
oshilya 'graanplant'
oshiengalele 'vergadering' vgl. hiermee eengale
'versameling van mense, gemeente'
oshilongo 'land'
oshinge 'prag, skoonheid, versiering'

(iii) Vervaardigde artikels en dinge wat uit die aard
van die seak nuttig is:

<u>oshifilo</u> 'staapblok'	<u>oshikombe</u> 'beson'
<u>oshifini</u> 'hout wat as raamwerk vir die buite- wande van 'n hut dien'	<u>oshiliva</u> 'muisval'
<u>oshikonde</u> 'skêr, dakkap'	<u>oshidinba</u> 'parfuum' vgl. <u>edimba</u> 'reuk'
<u>oshikongo</u> 'handvatsel'	<u>oshipundi</u> 'stoel'
<u>oshikweyo</u> 'slinger, meule'	<u>oshimbi</u> 'lemmetjie'
<u>oshilondelo</u> 'n leer, trap' vgl. <u>olendo</u> 'n trappie'	<u>oshituviko</u> 'deksel'
<u>oshikalo</u> 'aanbeeld'	<u>oshiyavo</u> 'spons; takkies van stronke wat verhinder dat die water uit die water- potte stort.'
<u>oshini</u> 'staapblok'	<u>oshihaye</u> 'soort erdepot'
<u>oshihauto</u> 'motor'	<u>oshikutu</u> 'kledingstuk'
<u>oshiyata</u> 'materiaal'	
<u>oshikumbafa</u> 'kometers'	
<u>oshiyapuki</u> 'heilige ding'	

(iv) Metale (wat as "vervaardigingsmateriaal" beskou
word):

<u>oshivela</u> 'yster'	<u>oshikushu</u> 'koper'
<u>oshingoli</u> 'goud'	<u>oshishiliveli</u> 'silver'
<u>oshikeshe</u> 'brons- of koperplaat'	<u>oshipa</u> 'huid'
<u>oshiyata</u> 'materiaal'	<u>oshiti</u> 'n blok hout'

(v) Tale (wat as kommunikasiedium gesien kan word):

Oshikwanyana 'die KWAITYAMA-taal'

Oshierero 'die Herero-taal'

Oshisutu 'die Sotho-taal'

Oshimbulu of Oshiafrikansa 'die Afrikaanse taal'

Oshindowishi 'die Duitse taal'¹⁾, ens..

Vergelyk ook oshiwana 'volk, nasie' en oshilongo 'land'

(vi) Struik en plante waarvan die meeste eetbare vrugte of bessies dra of een of ander nut mag hê of vir een of ander doel gebruik word:

oshixwa 'bessie, struik'

oshipeke 'suurpruimstruik'

oshihanuuya 'eetbare

paddastoel'

oshimumu 'struik waarvan die wortels gekou word en die tande mee skoon te hou'

oshinanganuwali 'asgeny-bessie wat n sereroniële rol speel by die inbesitting van n nuwe woning'

oshivale 'palmboom in n struikstadium'

oshilya 'graanplant'

oshimbu 'struik met eetbare vrugte'

oshihakantu 'aartappel'

oshifiku 'struik waarvan die bessies vir krale gebruik word, harpuijsbos'

oshihenda 'waatlemoene, marakkas, komkommers, pampoene, ens. wat in stukke gesny is'

2.36 Naamwoorde wat afsku verwek. Hierdie gevoel word dikwels versterk deur vreesaanjaende, potensieël skadelike en verbode dinge. Onbruikbare en nuttelose artikels kom ook dikwels voor.

76/...

¹⁾ Dat die hoofletter die eerste letter van die prefiks is en nie die eerste letter van die stam nie, is in navolging van die amptelike spelreëls.

- (i) oshiponga 'ongeluk, gevaar, teëspoed'
oshidya 'lelike uitgroeiende of luttelike'
oshikungulu 'kwaai reënstorm'
oshihomo 'windvlaag of enige skielike toesakking'
oshilambu 'hongersnood'
oshidila 'verbode dinge, taboe'
oshipo 'voorteken, meesal n slegte een'
oshipumbu 'onheilspellende, onnatuurlike verskynsel'
oshilulu 'spook'
- (ii) Nuttelose en onbruikbare voorwerpe wat blykbaar met "n ding" geassosieer word, bv.

oshinhoko 'stukkie tou'
oshikambi 'uitspoeg-koutjie'
oshikilyoo 'stomp werktuig of gereedskap'
oshikelokofya 'leë skulp'
oshileele 'hulpeloos bly lê = hulpelose posisie'
oshinyanyu 'verflenterde ding'
oshipenye 'die eienskap om nooit ordentlike werk te kan doen nie'
oshifidi 'boomstomp'
oshiputu 'verlate woning'
oshinhu 'lyk'
oshilonda 'veestelery'

- (iii) Sommige siektes, enkele liggaansdele en organe:

Siektes en ongesteldhede:

oshinona 'druiper'
oshidinda 'sweer, bv. n pitsweer'
oshiketaketa 'blaasmedilikeid, rooiwater'
oshinghalola 'kesslyn'
oshitoma 'longontsteking'
oshinhona 'vallende siekte'
oshikwatenbu 'siekte onder kleinvee'

oshiwiwili 'nagblindheid'
oshisho 'wond wat nie wil genees nie'
oshipute 'wond'

Liggaamsdele:

oshifi 'hakskeen'
oshipala 'gesig'
oshinane 'uitsteeksel aan die hand, 6de vinger'
oshilyo 'ledemaat, fig. lidmaat'
oshixuxwilo 'blaas'
oshinena 'onderste buikholte'
oshindiba 'maag van voëls, ook van pluimvee'
oshitungwa 'nageboorte'
oshingheno 'binneste vetlae'
oshiwa 'uier'
oshikoko 'pols'

(iv) Enkele diere en insekte, meesal van minderwaardige en soms skadelike aard:

<u>oshenye</u> 'soort ^{vrug} draak '	<u>oshipaxu</u> 'sprinkaanswerm'
<u>oshihenene</u> 'soort mier'	<u>oshivanavana</u> 'slak'
<u>oshinghili</u> 'stinkgogga'	<u>oshikoko</u> 'skurwejantjie, draak'
<u>oshingulu</u> 'vark'	
<u>oshixwe</u> 'muskeljaatkat'	

2.37 Mense en enkele kossoorte wat goeie of slegte hoedanighede kan hê:

(i) Mense met "goeie hoedanighede":

<u>oshipuna</u> 'n rykman'	<u>oshiveli</u> 'eersgeborene'
<u>oshidale</u> 'edelman'	<u>oshiahumba</u> 'neef of niggie'

(ii) Mense met "slagte hoodanighede":

<u>oshinfa</u> 'ormens'	<u>oshilangalanga</u> 'deugniet'
<u>oshikulo</u> 'vreesaanjaende, gevaarlike persoon = terroris'	<u>oshinbudi</u> 'rondloper'; leeglêer'
<u>oshinghelwe</u> 'dronkaard'	<u>oshingudu</u> 'kreupel'
<u>oshikulukazi</u> 'slagte vrou, as skeldwoord bedoel'	<u>oshihambanhoka</u> 'verbanne 'captain'
	<u>oshikumbu</u> 'oujongnaoi'

(iii) Kossoorte (genietbaar):

<u>oshingali</u> 'bykos van bone berei'
<u>oshifina</u> 'mahangupap'
<u>oshitaka</u> 'pap met melk ingeroer'
<u>oshimhyanhya</u> 'bykos van sardientjies berei'

(iv) Kossoorte (ongenietbaar):

<u>oshinjja</u> 'kos wat vergif is'
<u>oshingadja</u> 'minderwaardige kos' (die meervoud <u>oingadja</u> is meer gebruiklik)

2.38 Plekname word dikwels in klas 7 geplaas:

<u>Oshikango</u> vgl. <u>ekango</u> 'vlei-agtige wêreld' 5
<u>Oshivele</u> vgl. <u>orvele</u> 'deur' 3
<u>Oshiwalonge</u> < * <u>oshi/wa/oshilongo</u> 'mooi land'
<u>Oshimanya</u> vgl. <u>omanya</u> 'klip, erts' 5
<u>Oshihedi</u> vgl. <u>chedi</u> 'rysmiere' 5

Dit is moontlik dat daar 'n verband is tussen die plek-
name en die woord vir land, nl. oshilongo. Die naam
Oshikango sou as 'n verkorting van

oshilongo shekango 'land van vleie'

gesien kon word.

2.39 Uit die voorafgaande is dit begryplik dat die oshi- prefiks sterk derogatiewe funksies kan hê. Wanneer oshi- voor woorde uit ander klasse gevoeg word, bly die onderkeie klasprefikse (sonder die aanvangsvokaal o- behoud, bv.

oshingobe 'slegte bees'vgl.ongobe 9
oshindjaba 'slegte olifant'vgl.ondjaba 9
oshilufindo 'slegte lepel'vgl.olufindo 11
oshilukaku 'slegte skoen'vgl.elukaku 11
oshinvelo 'slegte deur'vgl.onvelo 3
oshinbo 'slegte boek'vgl.embo 5

In par. 2.20 (iii) is genoem dat die prefiks van klas 3, nl. *onu-, o.a. veragting kan aanlui. Daar is n geringe verskil in dié opsig tussen klasse 3 en 7. Klas 3 verteenwoordig die idee van onbruikbaarheid, onhanteerbaarheid, terwyl klas 7 eerder minderwaardigheid, slegtheid weergee, bv.

klas 3: ongobe 'wilde, kwaai en dus onhanteerbare bees'vgl.ongobe 9

klas 7: oshingobe 'slegte, lolike minderwaardige bees'vgl.ongobe 9.

KLAS 8, prefiks oi-, oy-:

2.40 oi-, oy- tree as meervoudsprefiks op vir s.nwe in klas 7 en is gevolglik t.o.v. die inhoud daaraan identies.

2.41 Enkele woorde wat kollektief van aard is, verskyn slegs in die meervoudsvorm. In ander gevalle is die meervoudsvorm meer gebruiklik, bv.

<u>oipumbu</u> 'onsiende dinge of wesens'	<u>oinaliwa</u> 'geld'
<u>oipupulu</u> 'leuns'	<u>oikuni</u> 'brandhout'
<u>oikulya</u> 'kos'	<u>oilyavala</u> 'kafferkring'
<u>oilya</u> 'graan'	<u>oita</u> 'oorlog'
<u>oixuna</u> 'wonders, fig. teÿspoed'	<u>oixuna</u> 'vee'
	<u>oingadja</u> 'slegte kos'
	<u>oihati</u> 'strooi'

KLAS 9, prefiks o(N)-:

2.42 Om die inhoud van klas 9 in perspektief te sien, moet eers weer kortliks op sommige aspekte van die ander klasse gewys word: Ons merk dat die prefikse van klasse 3/4 *omu-/omi-, 5/6 o-/oma- en 7/8 eshi-/oi-, oy- redelik vrylik (d.w.s. oral waar dit sinvol is) voor stamme uit ander klasse gevoeg kan word waardeur telkens n vorm van derogatiwiteit, augmentatiwiteit of n kombinasie van albei aan die betrokke woord verleen word. Dat sulke woorde sekondêre afleidings is, val in die oog. Tweedens is dit opmerklik dat, veral klasse 5/6 en 7/8, duidelik sowel positiewe as negatiewe begrippe bevat.

2.43 Hierdie kenmerke is by klas 9 afwesig, d.w.s. daar kan nie een of ander betekenis soos derogatiwiteit, augmentatiwiteit, verkleining, ens. aan die prefiks toegeskryf word nie.

2.44 In teenstelling verder met die prefikse van klasse 3/4, 5/6, 7/8, 12/14 en 14¹⁾, is die prefiks van klas 9 nie redelik vrylik varieerbaar of "omruilbaar" (behalwe in die geval van deverbatiwe, maar waar dit ook relatief beperk is.) Die prefiks van klas 11 varieer beperkend en dié van 15 verskyn slegs voor werkwoordstamme.

81/...

¹⁾ Omdat die lokatiefklasse nie hul "eie stamme" het nie, word hulle vir die argument buite rekening gelaat.

2.45 Die enigste ander klas wat t.o.v. hierdie eienskappe n ooreenkoms met klas 9 teen, is klas 1/2, die mensklas. n Enkele voorbeeld hier illustrasie: Die stam -nhu < oanh 'mens' kan vir afleidings in ander klasse voorkom, bv. oshinhu 7, enhu 5, okanhu 12, maar die oageteerde is nie moontlik nie, nl. om die prefiks van die mensklas voor stamme uit ander klasse te plaas nie (klas 15 uitgesonderd). Dieselfde geld in n groot mate vir klas 9.

2.46 Op grond hiervan kan afgelei word dat klasse 1/2 en 9/10 "basiese" klasse is. Die een bevat net mense terwyl die ander die noem-klas vir nie-menslike dinge is. Die mense in klas 1/2 is net mense en niks meer nie. Daarby word bedoel dat daar nie een of ander uiteonderlike of opvallende kenmerk of karaktertrek aan hulle gekoppel word nie, want sodra dit die geval is, verskyn mense in ander klasse. Dieselfde geld in n mindere of meerdere mate vir die dinge in klas 9. Dit is die klas van algemene name vir dinge. Die uitsondering word deur die mense in klas 9 gevorm en is juis hier geplaas vanweë die een of ander besonderheid.

2.47 Die gedagte van n basiese noemklas word onderskryf deur die verskynsel dat die oorgrote meerderheid woorde van vreemde herkoms summier in klas 9 geplaas word - n vreemde ding moet n naam kry. Vergelyk:

- (i) oskola, ofikola < skool
- ondana < dan
- ostora, ofitola < Eng. "store" 'winkel'
- ohenā < hemp
- oradio < radio
- ombike < pik
- ondokotola < dokter
- ongeshefa < Duits "Geschäft" 'besigheid, winkel'
- onbelowa < Duits "Büro" 'kantoor'
- ombulau < Duits "blau" 'blou kleur'

ombaikifa < baadjie

oterorisa < terroris

opena < pen

onaila 'nyl'

oshilei < lei

okilometeli < kilometer

oshikuluve < skroef

oshange < Duits "Zange" 'tang'

ovinyu < Port. "vinho" 'wyn' ens..

- (ii) Algemene benamings van dinge kan om begryplike redes 'n groot verskeidenheid onderwerpe bevat. Enkele voorbeelde behoort volgende te wees:

ondjila 'pad' vgl. endjila 5 'groot-, hoofpad'
okandjila 12 'padjie'

odila 'voël' vgl. die gespesialiseerde name in die ander klasse.

oshi 'naam vir enige vis' vgl. bv. eshale 5
'sardientjiesoort'

onhuka 'enige nier, rymiere uitgesonderd'

onhupa 'bosluis' maar elolo 5 'groot, vaal bosluis'
eshe, mv. eesho 'bessies'

onhumbulu 'grasbundel' vgl. ombuto 3 'versameling
van genoemde bundels = groot grasbundel'

ongholwe 'n dronk persoon' vgl. oshingholwe
'dronkaard = gewoontedrinker' < -kelwa
'dronk wees'

onhungwa 'mandjie of enige gevlegte artikel' <
-tungwa 'word gevleg' vgl. elilo 5 'gevlegte
bord', okaanda 12 'graammandjie' en oshuungu 7
'groot "wasgoedmandjie"'

onghalungu 'kunstige persoon, vaardig met enige
iets' vgl. ekaka 5 'gespesialiseerde vaardige
persoon, bv. in die houtsnEEKUNST'

onghuti 'duif in die algemeen' vgl. elyamono 5
'geoloog besduif'

ondomo 'vet, verf, enige substansie waarmee
gesmeer of geverf word'

(iii) Algemene benaminge uit die natuur:

odula 'reën'

ondwi 'stof'

onhepo 'wind'

onghange 'algenene

ohapo 'bot van die bone'

droogte'

onhile 'veld-, grasbrand'

onhemo 'bleem'

onyofi 'ster'

onhata 'swart turf,

wat oral onder die wit
sand voorkom'

2.48 Nie-gespesialiseerdheid of nie-spesifiekheid lei tot die gedagte van algemeenheid, gemeenskaplikheid, gesamentlikheid, lg. in die sin van samekomste en feesste, groepe of dinge wat gemeensaam benut word of van gemeenskaplike belang is.

(i) Gemeenskaplikheid, gesamentlikheid:

onhito 'deurgang, fig. geleentheid'

onhu 'algemene ingang, hoofingang'

oxangi 'gesamentlike byeenkoms van die gesin na die aandete om die vuur = "storietyd"

onghedi 'gewoonte, manier, sedes'

ongaba 'grens'

ongubu 'omheining'

onhaura 'buitenste omheining van die werf'

oxulo 'einde, grens'

onhandu 'handegeklap'

onhangela 'besluit'

ondjovo 'gesproke woord'

(ii) Samekomste, feestelikhede en speletjies:

- ongudu 'hoop, soort, groep'
ondala 'partytjie, nagswelgery'
onghandeko 'skyngeveg = soort speletjie'
owela 'soort klipspeletjie'
onhingo 'groot, feestelike etc.'
onhoko 'vriendekring van n persoon wat n bruid
by die inisiasie fees vir dogters het'
ondabo 'n kring deur mense gevern, in die
middel van speletjies plaas'
omhola 'n ry mense'
omhandu 'handegeklap'

Die musiekinstrumente ongena 'trom' en ongongi
'konsertina, trekklavier', hoort hier tuis.

(iii) Plekke en plekke van oonthoud:

- | | |
|---|---|
| <u>onduda</u> 'hut, kamer' | <u>ondjuwo</u> 'huis' |
| <u>ohambo</u> 'buitepos' | <u>omhundo</u> 'tydelike |
| <u>ondabo</u> 'leplek van
kleiner diere' | verblyf' terwyl die
werf in aanbou is' |
| <u>onbadwa</u> 'slaapvel of
-mat' | <u>ombila</u> 'graf' |
| <u>ombala</u> 'kaptein se
werf, paleis' | <u>onghofya</u> 'slakkehuis' |

2.49 Enkele mense en eienskaplikhede van mense kom
voor. Die mense in klas 9 besit een of ander belang-
rikheid of status of word deur iets opvallends geken-
merk:

(i) Mense:

- | | |
|--|--|
| <u>ohamba</u> 'kaptein' | <u>ondudu</u> 'toordokter' |
| <u>onbudi</u> 'kwaaddoener' | <u>ofiyo</u> 'weeskind' |
| <u>ondjai</u> 'aanvoerder,
generaal' | <u>onghwate</u> 'gevangene' |
| <u>ondenge</u> 'jonger broer,
suster' | <u>onhendoki</u> 'boodskapper,
naelopper' |

ombuvi 'verlaafde,
sugtige'
odalele 'inboorling'

omhulilo 'iemand wat
deur toordery teen die
wapens van die vyand
beskerm is'

(ii) Eienskaplikhede van mense:

ondjulume 'ywerigheid in
die werk' ombili 'vrede, welstand,
van mense'

onghenda 'jamerte, genade' ondenga 'spoggerigheid'

ohoni 'skaamte' onuno 'die afwag van n

omhata 'twis, argument,
stryery' kans'

ondjadja 'raserigheid' ondubo 'nawywerigheid'

2.50 Liggaamsdele en siektes wat skynbaar nie so opvallend is of as belangrik beskou word nie, verskyn in klas 9. Baie benoemings van oppervlakgedeeltes van die liggaam verskyn hier:

(i) Liggaamsdele, veral oppervlakgedeeltes:

oshana 'kakebeen'

oshedi 'ken'

ombuda 'rug'

omhulo 'bers'

onghomo 'ronde agter-
kopgedeelte'

ombadu 'die slape'

ofingo 'nek'

onho 'heup'

onbwetule 'sagte deel

omhadi 'voet'

bekant die heupe'

ongolo 'knie'

ombeo 'knop van die
skouerblad'

ongonyo 'vuis'

omhunda 'boggel'

onhafaulu 'knieholte'

onghwapa 'armholte'

ondabalamba 'ailt'

ongadji 'plooi, rimpels,
van oumense'

onhafu 'oogwinper'

omhumba 'blaarpens'

onghova 'naelstring'

oda 'manlike orgaan'

oxundu 'vroulike orgaan'

(ii) Siektes:

ongenge 'kaal kol op die kop a.g.v. n siekte'
onge 'bowerasie'
onhekota 'kwaai neusbrand'
onghana 'velsiekte'
onduduba 'swelsel a.g.v. slangbyt'
onyote 'blase a.g.v. te na aan die vuur slaap'
onbokelwa 'sleg voel, siekwording'
onhwelele 'sweer in die waai van die been'

2.51 Verreweg die meeste diere val in klas 9 wat hierdie klas as "noeklas" na vore bring. Enkele voëls en insekte word hierby ingesluit:

(i) Diere.

<u>onghoshi</u> 'leeu'	<u>ondjaba</u> 'olifant'
<u>onhuku</u> 'muis'	<u>onghili</u> 'landskilpad'
<u>onbwa</u> 'hond'	<u>ohelonge</u> 'koedoe'
<u>ongolo</u> 'zebra'	<u>onbabi</u> 'duiker'
<u>onhundja</u> 'steenbok'	<u>ongadu</u> 'krokodil'
<u>onyati</u> 'buffel'	<u>onduli</u> 'kameelperd'
<u>ongwe</u> 'luiperd'	<u>onhe</u> 'volstruis' ¹⁾
<u>onbidi</u> 'wildchond'	<u>onhangu</u> 'sardienssoort'
<u>ondjale</u> 'eckhorinkie'	

(ii) Voëls:

<u>onghanga</u> 'tarentaal'	<u>onhwa</u> 'arend'
<u>onghololo</u> 'rooibek-eendjie'	<u>onghuva</u> 'knobbel-eend'
<u>onghuti</u> 'duif'	<u>ohokwi</u> 'wilde makou'
<u>ombalakadila</u> 'nylgans'	<u>oshikiya</u> 'fluit-eend'
<u>onghata</u> 'geelbek-eend'	

(iii) Insekte:

<u>ongongololo</u> 'duisendpoot'	<u>ona</u> 'luis, alg. naam'
<u>ofa</u> 'soort mier'	<u>ohodi</u> 'termiet'

87/...

1) onhe: 'volstruis': Vanweë sy grote en die feit dat hy nie kan vlieg nie, word die volstruis nie as n voël beskou nie.

odidi 'swart mier'
onyiki 'by'
onheku 'lindwurm'
ofiti 'soort insekspapie'

omhombe 'weeluis'
onghupa 'bosluis'
odi 'huisvlieg'

Dit mag toevallig wees dat baie van die insekte eng met die mens assosieerbaar is.

2.52 Die meeste vrugte kom in klas 9 voor:

<u>onheke</u> 'suurpruin'	<u>ombe</u> 'wildedadel'
<u>ombu</u> 'mispel'	<u>onghwiyu</u> 'wildevy'
<u>ondunga</u> 'palmappel'	<u>ongongo</u> 'maroela'
<u>onghudi</u> 'bessies van die witgatboom'	<u>onyandi</u> 'jakkalsbessie'
<u>ofimba</u> 'soort vrug'	

Die name van vrugte verskyn gewoonlik in die meervoudsvorm nl. ec(N)- 10(9)

2.53 Enkele plante, eetbare plante en kossorte:

<u>onhwelele</u> 'hoë alleenstaande boom, alg. benaming'	<u>onyanga</u> 'alg. benaming vir ui- en bolsoorte'
<u>ombungu</u> 'biesies'	<u>ongwona</u> 'kweek'
<u>omboo</u> 'balsambos'	<u>onbidi</u> 'onkruid, marog'
<u>ongungu</u> 'soort uintjie'	<u>onhanga</u> 'tsama'
<u>onhapa</u> 'knolsoort'	<u>onbutu</u> 'wilde aartappels'
<u>oheva</u> 'uintjie-soort'	<u>ondao</u> 'wilde uintjies, alg. naam'
<u>onhafi</u> 'kafferbier-afsaksel'	<u>onghundu</u> 'semel'
<u>ombelele</u> 'vleis, bykos'	<u>onghuta</u> 'padkos'

2.54 Enkele tydsaanduidings:

<u>otundi</u> 'uur, lesperiode'	<u>ovili</u> 'horlosie'
<u>onghela</u> 'gister'	<u>onguloshi</u> 'aand'
<u>ongula</u> 'oggend'	<u>edula</u> 'jaar'
<u>ohani</u> 'maand'	

KLAS 10 (9), prefiks ee(N)--:

2.55 Klas 10(9) vorm die reëlmatige meervoud vir woorde in klas 9, maar ook vir 'n aantal woorde in klasse 3 (*omu--) en 11 (olw--, olu--)

Prefiks ee- as meervoudsprefiks vir woorde in klas 3:

<u>elv. klas 3</u>	<u>mv. klas 10/3</u>
<u>onwandi</u>	<u>ee/nwandi</u> 'jakkalsbessie-bone'
<u>onwiidi</u>	<u>ee/nwiidi</u> 'gras'
<u>onwifi</u>	<u>ee/nwifi</u> 'rook'
<u>onwiya</u>	<u>ee/nwiya</u> 'gordels'
<u>onwenge</u>	<u>ee/nwenge</u> 'soetriet'
<u>onwenyo</u>	<u>ee/nwenyo</u> 'siele'
<u>onwoongo</u>	<u>ee/nwoongo</u> 'maroelabome'

Opmerkings:

- (i) Die meervoudsvorming met prefiks ee- vind plaas in gevalle waar die stamme van woorde in klas 3 op vokale begin.
- (ii) Indien die aanvangsvokaal van die stam kort is, is dit die enigste moentlike meervoudsvorming. Wanneer die stamvokaal lank is, bestaan normaalweg 'n keuse tussen 'n 10/3 en 'n 4 meervoudsvorming bv.

onwoongo, mv. ee/nwoongo of omyoongo.

- (iii) Onder die invloed van die Kwambi- en ander Wambedislekte, vind 'n mens soms klas 10/3 meervoude by stamme wat op konsonante begin, bv.

onti 'boom' mv. ee/nti.

Prefiks een- as meervoud vir sommige woorde in klas 11:
 In die reël word die meervoud van woorde in klas 11
 (olu-, olw-) in klas 6 (oma-) geplaas. n Hele aantal
 woorde oefen n keuse uit tussen klasse 6 (oma-) en
 10(9) (een-), bv.

<u>enkeltvoud</u>	<u>meervoud.</u>	
klas 11	klas 6/11	of klas 10/(9)
(a) <u>olukaku</u> 'skoel'	<u>oma/lukaku</u>	<u>eenhaku</u>
<u>olupanda</u> 'wang'	<u>oma/lupanda</u>	<u>eenhanda</u>
<u>oluvinga</u> 'horings'	<u>oma/luvinga</u>	<u>eenbinga</u>
(b) <u>olunguto</u> 'lepel'	<u>oma/lunguto</u>	<u>eenguto</u>
<u>oludingu</u> 'biltong'	<u>oma/ludingu</u>	<u>eendingu</u>
<u>olufenga</u> 'stertkwas'	<u>oma/lufenga</u>	<u>eefenga</u>

Wanneer klas 10/(9) as meervoudsprefiks dien, is die-
 selfde klankverandering op die aanvangskonsonante van
 die stam van toepassing soos in klas 9 geïllustreer
 (par. 1.50).

KLAS 11, prefiks olu-, olw-:

2.56 Volgens Meinhof (1948, p.49) bevat hierdie klas
 enkele, isoleerbare dinge wat meesal langwerpige en soms
 bykomend smal en dun is. Dit pas goed vir KWANYAMA.
 In klas 3 kan ook langwerpige en ronde dinge voor maar
 is meesal hard, terwyl klas 11 s'n buigbaar en tingerig
 is.

(i) (a) Liggaamsdele:

<u>olufipa</u> 'sening, gare'	<u>olwenya</u> 'veer'
<u>olutu</u> 'liggaam'	<u>olundjedi</u> 'enkele baard- haar'
<u>olupati</u> 'rib'	<u>olunyala</u> 'vingernael'
<u>olwiinyo</u> 'enkele wit hare op n andersins swart vel'	<u>olududi</u> 'liggaamshare'
<u>oluwewe</u> 'fontanelle'	<u>oluyeye</u> 'kwyl'
<u>olufenga</u> 'stertkwas'	

(b) Plante en artikels:

<u>oluhoni</u> 'n enkele grashalm'	<u>olungu</u> 'graanstingels, stronke'
<u>olunina</u> 'welriekende hol plantstingel - vir die naam van halsnoere'	<u>oluvale</u> 'palmblaar'
<u>oluko</u> 'roerstok'	<u>olukateko</u> - 'handbesem'
<u>oluhati</u> 'dun stokke o.a. vir pyle'	<u>olukaku</u> 'skoel'
<u>olwiishi</u> 'tessel'	<u>oluvala</u> 'ring van latte gebuig waarop die graanman'jie rus'
<u>olufindo</u> 'lepel'	

(c) Ander:

<u>oluvadi</u> 'blits'	<u>olufindja</u> 'barste in die voetsole'
<u>olundi</u> 'regaf reënstrepo van buie wat uitsak'	<u>olundibo</u> 'lengtemaat - vanaf duim en wysvinger na die skouerknop'
<u>olukenge</u> 'die lang, smal kant van iets; skewe posisie, soos bv. van n deur of n persoon wat iets trek en skeef loop'	

(ii) Miskien is die gedagte van (i) hierbo ook in n oordragtlike sin meentlik:

<u>olungano</u> 'storie, fabel'	<u>oludalo</u> 'nakomeling, afhanklike kind'
<u>olukodo</u> 'droefheid'	<u>olweendo</u> 'lang rit, pergrinstog'
<u>olwani</u> 'gistingsproses'	
<u>oluteni</u> 'lang wegbly van reën na die eerste reën' droogte'	

2.57 Vorm, plek en rigting:

(i) Vorm:

<u>olupe</u> 'vorm, gestalte, voorkoms'
<u>olumbuba</u> 'buitenste mate van bv. n hut; breedte, dikte'

(ii) Plekke:

olupale 'ontvangsruiate, "voorportaal"
olundadala 'e baie hurde plek op die grond'
olupanda 'vloer'
olupeya 'afgebrande veld'
oluhaela 'n oop kol in die veld'
oluvanda 'toegang tot die hoofingang van die werf'

(iii) Rigting:

olulye 'regterarm, regs'
olumosho 'linkerarm, links'

2.58 Enkele eienskaplikhede by mense, enkele ongesteldhede, kollektiewe begrippe:

(i) Eienskaplikhede by mense:

<u>olwisho</u> 'hebsug'	<u>olufe</u> 'traagheid,
<u>olwiile</u> 'struikelend,	sloering'
sos om van uitputting	<u>oluxuwa</u> 'wrok, nahouding'
neer te val'	

(ii) Ongesteldhede en siektes:

<u>oluhepo</u> 'gebrek, bv. aan	<u>olwiidi</u> 'malaria, koors'
kos'	<u>olukaka</u> 'bewerigheid'
<u>oludodo</u> 'brandsiekte'	<u>olungonono</u> 'soort siekte
<u>oluyeo</u> 'kwyning onder vee'	onder vee'

(iii) Kollektiewe begrippe:

<u>oludinino</u> 'paddaeiers'	<u>oluyaya</u> 'soort beontjies'
<u>oluxube</u> 'allerlei gevare en	<u>olwishi</u> 'rys'
gebeurtenisse wat oorlewe is'	
<u>oluxwa</u> 'n plaat struik of	
bosse'	

KLAS 12, prefiks oka-:

2.59 Dit is die klas vir klein dingetjies (nie net ter vorming daarvan nie):

- (i) okapuka 'goggatjie, soms spottenderwys gebruik vir enige lewende wese wat baie klein is'
okapa 'vellietjie'
okahanana 'bebatjie'
okabututu 'baie klein graanmandjie of kalfie'
okalili 'bedjie, kotjie'
okapanbu 'stukkie, brokkie'
okanyaanukile 'krummel, broodkrummel'
okataanguda 'pasgebore kalfie'
okakolotimo 'sagte deeltjie onder die borsbeen'
okalinga < Afr. ring
okatunbu 'grondhopie soos dié van 'n mol'
okalume 'seuntjie' vgl. -lume (adj.stam manlik)
okakanga 'wit kolletjie van 'n tarentaal' vgl. onghanga 9 'tarentaal', gevolglik "spikkel" - word vir kleuraanduiding gebruik, "gespikkeld".

- (ii) Vir afleidingsdoeleindes word die prefiks oka- gebruik vir die vorming van verkleinwoorde:

okaana 'kind' vgl. onona < * omuana 'seun'¹⁾
okakadona 'meisie vgl. -kadi (adj.stam, vroulik; en -ona, verkleiningsagtervoegsel)
okatekulu 'neef, niggie, kleinkind' vgl. -tekula 'grootmaak'
okafe 'blaartjie' vgl. efa 5 'blaar'
okanati 'seuntjie' vgl. onati 1 'seun'
okambwa 'hondjie' vgl. onbwa 9 'hond'
okalukaku 'sicoentjie' vgl. olukaku 11 'skoer'
okakutwi 'oortjie' vgl. okutwi 15a 'oor', ens..

93/....

¹⁾ onona 'seun': Die oorspronklike woord vir "kind", nl. onona, word vandag vir "seun" gebruik, okaana is die algemene woord vir "kind".

2.60 Die volgende verskynsel verdien vermelding:

- (i) Daar bestaan enkele diere in klas 12 wat oënskynlik niks met verkleining te make het nie, bv.

okakanbe 'perd'

okafino 'donkie'

okavandje 'jakkals'

okambishi 'kat'

Die verklaring kan die volgende wees: Die woord onbwale beteken "kêrel", en die populêre vorm, nl. okanbwale, "kêreltjie", "mannetjie", "outjie", maar in 'n oordragteliike sin bedoel. Op dié wyse kry ons bv. okanbwale Piti - 'die kêrel Piet' of 'die outjie Piet'. Die semantiese implikasie is duidelik. Die perd, die jakkals, die kat, is populêre diere waarvan sommige oorbekende karakters in fabels is. Die gedagte agter die benaming okakanbe is: 'die kêreltjie wat sy hardloop kan'; okavandje: 'die kêreltjie wat skelm is', ens.. Na analogie hiervan kan baie ander diere in klas 12 voorkom, bv.

okandiba 'heas-kêrel'

okanghima 'bobbejaan-kêrel', ens..

Die arme wolf is die skurk en kan nie anders as om in klas 7 op te tree nie, nl. oshinbunu.

- (ii) 'n Verdere naiging bestaan om in hierdie gevalle oral die aanvangsvokaal o- weg te laat - dit gebeur by persoonifikasie en die vokatief (o.a. in fabels). Gevolglik vind 'n verskuiwing van sulke diere na klas 1a plaas, bv.

kavandje, shinbunu, shinyengu 'ystervark'
anghima, kandiba, ens.

Dit verklaar waarom sommige diere geen ander tuiste het as net in klas 1a nie (vergelyk par. 2.13).

- (iii) kauna 'vriend' < * okauna
kahewa 'vriendin' < * okahewa
hadina 'naamgenoot' < * okadina vgl.
odina 'naam'

Die sterk persoonlike verhouding van bg. woërds nag die verskuiwing na klas 1a verklaar. Vergelyk egter kainbi 'wou, kuikendief' < * okainbi, kakulu 'ooruil' < * okakulu.

- (iv) Saam met die agtervoegsel -ona (of -ena) word die kleintjies van diere aangedui, bv.

okambwena < okambwa + ena 'n jong hondjie,
Eng. "puppy"

okambabyona < okambabi + ona 'jong duikerlam'
okadilona < okadila + ona 'klein voëltjie,
Eng. "fledgling".

okaxuwena < okaxuwa + ena 'kuiken'

2.61 Enkele voëls en insekte:

- (i) Voëls:

okahananeva 'swaelsoort'
okahanbafifi 'soort vink'
okafifi 'n klein voëlsoort'

- (ii) Insekte:

okaruka 'gogga'
okafilengonyo 'kewersoort'
okafanganatondo 'soort vlieënde insek'
okanhekene 'klein paddasoort'
okandiilili 'klein vlermuissort'

2.62 Kollektiewe selfstandige naamwoorde:

- okakungunu 'werkgroep bestaande uit meisies'
- okalyavalyava 'splinter; gesneuweldes op 'n slagveld'
- okashapapa 'swern voetganger-sprinkane'
- okalombo 'n kommande ruspes'
- okambwilo 'n blaarsiekte wat deur knoppies gekenmerk word'
- okanghwenyenyene 'masels'

2.63 Enkele naamwoorde met derogatiewe strekking:

- okakuku 'n baie verslete skoffelpik'
- okambwilo 'sluheid'
- okandongo 'geslagsiekte'
- okahalu 'lus, in 'n negatiewe sin, begeerte'
- okadi-paifa 'opstokery, aanhitsing'
- okakulukadi 'tingerige ou vroujie'

2.64 Enkele verskynsels in die natuur:

- okanhonga 'eenkant, alleen, afgesonderdheid, bv. van 'n boom wat eenkant staan'
- okaungalulu 'stefwolk, stoomwolk'
- okafudaela 'dwarrelwind'
- okalukashe 'luggie, briesie na 'n reën'

2.65 okanya 'mond' (?) mv. in klas 6! onakanya

KLAS 14, prefiks ou-, ow-:

2.66 ou-, ow- kan enkelvouds- of meervoudsprefiks wees. In lg. geval vorm dit die reëlmatige meervoude van die woorde in klas 12.

2.67 Indien klas 14 enkelvoud is, bevat dit oorweldigend baie abstrakte s.n.w. bv.

- (i) ounongo 'wysheid' ounhungo 'verte, distansie'
ounangane 'hoogmoed' oufiku 'nag'
oufudima 'kul, voor- owiinga 'arabede, om
wondsel, gemaaktheid, gaan vee te besit nie'
voorgeëry' oundede 'luiheid'
oufiye 'droefheid' ouluwa 'vreëkigheid,
oulunde 'sonde, boos- swinigheid'
heid' oundele 'luiheid'
ounyuni 'die wêreld' oudu 'siekte'

- (ii) Die meeste abstrakte begrippe is van ander stamme afgelei, bv.

owii 'slegtheid' vgl. -i (adj. stan, sleg)

oululu 'bitterheid' vgl. -lulu (adj. stan, bitter, suur)

ouwa 'goedheid' vgl. -wa (adj. stan, goed, mooi)

oumbwanhu 'vergeetagtigheid' vgl. -diabwa
'vergeet' en -nhu < ounhu 'mens'

oulai 'dwaasheid' vgl. elai 5 'dwaas'

ouladi 'dapperheid, moed' vgl. omladi 1 'dapper
persoon'

ouyololo 'helderheid, lig' vgl. -yela 'helder,
lig wees'

ouyunki 'geroegtheid' vgl. -yuuka 'reguit wees'

oukaune 'vriendskap' vgl. kaune 1a 'vriend'

ouhaku 'verpleging, genesing' vgl. -hakula
'geneses'

owike 'eensaamheid' vgl. -ke 'kwantitatiewe
stan, slegs, alleenlik'

2.68 Enkele kollektiewe selfstandige naamwoorde:

oudiyo 'gif'

owengo 'pypolie'

oufila 'neel'

ouluvi 'harsings'

oukulo 'vleisagtige vlies

ouhanyo 'fynhout'

van 'n vars afgeslagte

owishi 'grond-heining'

vel'

2.69 Windrigtings; vorige jaar, hierdie jaar, volgende jaar.

oushilo 'oste'

oumbuwanhu 'suide'

oushinba 'suide'

kouvale < ku-+ ouvale
'noorde'

oungininino 'weste'

oundonganhu 'suide'

oumbalanganhu 'noorde'

oudwaali 'vorige jaar'

moudwaali < mu-+ oudwaali 'volgende jaar'

neudo < na-+ oudo

'hierdie jaar'

2.70 outa 'boog' (?)

KLAS 15 en 15a, prefiks oku-:

2.71 Klas 15 staan o.a. bekend as die werkwoordklas of infinitiewe klas - enkele voorbeelde:

okulonga 'om te werk, die werkery'

okulilongela 'om self te werk, selfwerksaamheid'

okutala 'om te kyk, die kykery, observasie'

okutalela 'om te kyk na, toesig, inspeksie'

okulifa 'lat. om te laat eet = om te wy, wyding'
ens..

2.72 Klas 15a: Daar is n aantal woorde waarvan die profiks identies is met die profiks van klas 15 maar wat geen infinitiewe is nie. Om hierdie rede, maar ook ter wille van die gerief, is hulle in n. sogenaamde sub-klas van klas 15 geplaas. (Meinhof, 1948, p. 55) Die aantal voorbeelde is uiters beperk. Die woorde bestaan uit 3 liggaansdele, 3 seisoenbenamings en n grot:

okweoko 'arm'

okutwi 'oor'

okulombo 'reëntyd'

okwena 'gat, grot'

okaulu 'been'

okwenye 'warm, droë
tydperk'

okufu 'winter'

LOKATIEFKLASSE 16, 17, 18: prefikse pu-, ku-, mi- respt.

2.73 Die basiese funksie van die lokatiefprefikse t.o.v. inhoudsbepaling is om lokaliteit of plek aan te dui. Daar is n verdere implikasie: Die plekaan- duiding dui n verhouding aan tussen twee (of meer) voorwerpe t.o.v. lokaliteit - derhalwe is daar ook rigtingaanduiding. Hierdie funksie word in die Europese tale deur die voorsetsels verrig en is daar- mee vertaalbaar. Meinhof (1948, pp. 54,55) verklaar dit soos volg:

2.74 Klas 16, prefiks pu-: dui aan dat van twee voorwerpe die een by die ander een is, d.w.s. by n sekere plek. Dis vertaalbaar met "by", "op", "teen- aan", bv.

peumbo letu 'by ons huis'
poshipundi shange 'op my stoel'
poufita 'by die vee'
ponti 'by, teenaan die boom'

2.75 Klas 17, prefiks ku-: dui aan dat van twee voor- werpe die een buite of weg van die ander een is. Ten opsigte van sê maar die spreker is ku- ook rigting- bepalend, d.w.s. dit dui n rigting (of beweging) weg van n betrokke voorwerp af, of juis in daardie rig- ting, of in n rigting afkomstig van n sekere plek, al na gelang die betekenis van die werkwoord dit bepaal. Hierdie verhouding is vertaalbaar met "na ... toe", "na", "van, vanaf", "aan", "teen" en soms ook met "by", "op".

ohandii kOndangwa 'ek gaan na Ondangwa (toe)'
otavadi keumbo 'hulle kom van die huis (af)'
oimati sili konti 'die vrugte is aan die boom'
outa ouli kepepe 'die boog is op, oor die skouer'
otekeuya komatango 'hy sal teen die namiddag kom'
ekwenfipa komilungu 'hy het hom aan die lippe gesuig = op die lippe gesoen'

2.76 Klas 18, prefiks mu-: dui aan dat van twee voorwerpe die een binne die ander een is, d.w.s. in n sekere plek is. Afhangende van die werkwoord wat saam met mu- optree, kan n betrokke komponent in iets gaan of kom of daarvan af uitgaan, bv.

edila edili mopti 'die voëls is in die boom'
menye omuna eemhuka 'in die saailand is diere'
ohandii meumbo 'ek gaan in die huis in'
ohandidi meumbo 'ek kom uit die huis uit'
otavadi kOvenduka 'hulle kom van Windhoek'
mounyuni omuna ombili 'in die wêreld is vrede'

2.77 mu-, ku- en mu- het n hoë gebruiksfrekwensie in die taal en dit is nie verbasend as die lokatiewe funksie nie altyd duidelik herkenbaar is nie a.g.v. die idiomatiese karakter wat hulle soms het, vergelyk:

konyala 'let. teen, by die nael = naelskraap, byna, ongeveer': die bywoordelike funksie is duidelik'

ponima pefike ope 'let. by die plek wat daar reik = onder sulke omstandighede'

otashii noimaliwa ingapi? 'let. dit gaan in die geld hoeveel? = wat kos dit?'

ovenpopile moluwa 'let. hulle het hom in die goeie gepraat = het goed van hom gepraat'

kufilenge kueshi ooyata nhee 'let. neem vir my by dit vier jaart = goe vir vier jaart hiervan'.

HOOPSTUK III.

AFGELEIDE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

Deverbatiewe:

Algemene opmerkings en reëls:

3.1 Selfstandige naamwoorde wat van werkwoordstamme afgelei is, kan in klasse 1/2, 3/4, 5/6, 7/8, 9/10(9) 11 en 14 gevorm word. Omdat klas 15 ook infinitiewe is, word die woorde in hierdie klas nie as deverbatiewe behandel nie. Klas 12 (oka-) kan vir sover dit sinvol is voor stamme en s.nwe. uit enige ander klas behalwe klas 15 verskyn om sodoende reëlmatige verkleining uit te druk. Om hierdie rede word dit as nie nodig beskou om klas 12 te behandel nie.

3.2 Die klasprefikse van elke klas gee aan die deverbatiewe hul spesifieke betekenis-inhoud wat eie is aan elke betrokke klas.heel dikwels is die betekenisverskille tussen die afgeleide naamwoorde slegs n verskil in graad. Om hierdie aspek duideliker uit te bring, word n basiese aantal werkwoordstamme geneem en dan sover moontlik telkens afleidings van dieselfde stamme gevorm. Dit vergemaklik die tref van vergelykings.

3.3 Naamwoorde kan van feitlik enige werkwoordstam afgelei word. As basis vir die afleidings word die werkwoordstamme sonder werkwoordagtervoegsels gebruik. Dit is egter opmerklik dat afleidings in sommige gevalle alleenlik moontlik is wanneer die ww. stam van n werkwoordagtervoegsel vergeselsel is. In n besonder mate geld dit die applikatiewe agtervoegsel -ela. In die hieropvolgende voorbeelde sal sulke gevalle onderstreep word.

3.4 Deverbatiëwe kan op al vyf vokale eindig (a, e, i, o en u). Die eindvokaal -i kom voor in deverbatiëwe van klasse 1/2, 7/8, 14 en in enkele gevalle van klas 9/10(9). Deverbatiëwe in klasse 7/8, 9/10(9) en 14 eindig meereendeel op -o terwyl deverbatiëwe in klasse 3/4, 5/6 en 11 byna uitsluitlik op -o eindig.

3.5 Die eindvokaal -i is gereserveer vir die "doeners" van 'n handeling, wat uit die aard van die saak mense is, behalwe in die geval van klas 14 wat slegs abstrakte vorm. Die eindvokaal -o kenmerk alle afleidings wat een of ander aspek van die handeling self uitdruk, en dus nie-mense is.

3.6 In soldsamer gevalle eindig deverbatiëwe op -a, -e of -u. Dit is gevalle waar

- (i) die werkwoordstaan van ander woordsorte afgelei is.
- (ii) deëktiewe wwe. die stamme vorm
- (iii) die deverbatiëwe nie van die volle werkwoordstaan gebruik maak nie.

KLAS 1, prefiks *omu-:

3.7 Afleidings in hierdie klas is almal persone wat die handeling wat in die werkwoord vervat is, uitvoer. Dit gebeur baie selde dat deverbatiëwe in klas 1 nie op -i eindig nie. Voorbeelde:

om/hondj/i 'naaldwerker' vgl. -hondj-
'naaldwerk doen'

om/li 'eter, groot eter' vgl. -ly- 'eet'

om/deng/i 'slaner' vgl. -deng- 'slaan'

om/danauk/i 'danser, speler' vgl. -dana/uk-
'speel, dans'

on/long/i 'werker, onderwyser' vgl. -long- 'werk'
on/shang/i 'skrywer'¹⁾ vgl. -shang- 'skryf'
on/land/i 'kooper' vgl. -land- 'koop'
onw/eend/i 'loper, reisiger' vgl. -eend- 'loop,
reis'
onw/eehel/i 'bedelaar' vgl. -ehel- 'bedel'
on/fuf/i 'leuenaar' vgl. -fufy- 'lieg'
on/kong/i 'soeker' vgl. -kong- 'soek, jag'
on/kal/el/i 'waghouer' vgl. -kal-el- 'oppas'
on/kulup/i 'oud-wordende persoon' vgl. -kulup-
'oud word'

3.8 Deverbatiëwe in klas 1/2 wat op ander vokale buiten -i uitgaan, is sekondêre afleidings en wel van deverbatiëwe in klas 14. Sulke afleidings dui op beroene, aktiwiteite of eienskaplikhede van mense. Die uitgangsvokale van die afleidings in klas 14 bly in klas 1 onveranderd:

ou/kong/o 'die jag' > on/kong/o 'jagter' vgl.
-kong 'soek, jag'
ow/eend/a 'kuiery, tag, rit' > onw/eend/a 'kuiery,
gas' vgl. -enda 'reis, loop'
ou/kal/el/e 'waghouery' > on/kal/el/e 'bediende'
vgl. -kalela 'oppas'
ou/kul/u/p/e 'ouderdom' > on/kul/u/p/e 'ou
persoon' vgl. -kulupa 'oud word'

3.9 Wanneer werkwoordstamme deur agtervoegsels gevolg word, bly die posisie t.o.v. betekenis-inhoud en die vokaaluitgange by sulke deverbatiëwe onveranderd. Dit geld vir alle klasse. In die geval van klas 1 dus, is die uitgangsvokaal steeds -i. Die uitsondering op hierdie reël word gevorm deur deverbatiëwe wat van stamme afgelei is wat op die passiewe agtervoegsel -wa en in sommige gevalle op die intransitief -ik- uitgaan, vgl.

103/...

1) onshangi 'skrywer': Onder "skrywer" moet in die eerste plek n persoon verstaan word wat die skryf-aktiwiteit beoefen en in die tweede plek n persoon wat n skrywer van beroep is.

werkwoordstam -tunga 'bou, vleg'

kousatief: op/tung/if/i 'iemand wat n werf laat
bou' vgl. -tung/if-

applikatief: op/tung/il/i 'n persoon wat vir iemand
bou' vgl. -tung/el-

passief: op/tung/il/wa 'iemand vir wie gebou
word' vgl. -tung/el/wa

inversief: op/tung/ul/ul/i 'iemand wat afbreek'
vgl. -tung/ul/ul/-

inversief + applikatief + passief:

op/tung/ul/ul/il/wa 'iemand vir wie
afgebreek word' vgl. -tung/ul/el/wa.

defektiewe werkwoordstam -holo 'liefhê'

intransitief: om/hol/ik/e 'n beminde' vgl. -hol/ik-

KLAS 3, prefiks *omu-:

3.10 Deverbative in hierdie klas druk die handelswyse,
hoedanigheid of aard van die handeling uit. Baie woorde
dui ook die produkt of resultaat van die handeling aan.
Die uitgangsvokaal is -o:

om/hondj/o 'maat' vgl. -hondj- 'naaldwerk doen'

op/ly/o 'smaak' vgl. -ly- 'eet'

om/dik/o 'paleplantery' vgl. -dik- 'pale plant'

om/deng/o 'slaenwyse, "slaantuns"' vgl. -deng-
'slaan'

op/dan/o 'die dans' vgl. -dan- 'dans, speel'

om/long/el/o 'iets wat vir iemand gemaak, voor-
berei is = geskenk' vgl. -long/el- 'werk vir'

om/shang/el/o 'skryfwyse, ortografie' vgl.

-shang/el- 'skryf vir'

op/land/o 'koperij' vgl. -land- 'koop'

om/wend/o 'wandelwyse, rit' vgl. -end- 'loop, reis'

om/fufy/o 'liegwyse, lieggewoonte' vgl. -fufy- 'lieg'

om/kong/o 'soekery, uitsoekery' vgl. -kong- 'soek,

om/kal/o 'leuenswyse, gewoonte' vgl. -kal- 'bly'

3.11 Vergelyk ook:

om/djen/e 'warnte' vgl. -djen- 'uitstraal van hitte, verwarm'

om/find/a 'merk op die grond, spoor' vgl. -find- 'merke op die grond maak, strepe trek'

om/find/o 'nadruk, beklemtoning, trapwyse, trappery' vgl. -find- 'merke op die grond maak, strepe trek'

om/fuul/a 'uitdop, afstroop, bv. die kos van peule' vgl. -fuul- 'uitdop'

om/laul/u 'donkerte'¹⁾ vgl. -laul- 'donker word'

om/laul/o 'swartheid' vgl. -laul- 'donker word'

om/djal/o 'aantrekwyse, drag' vgl. -djal- 'aantrek'

om/find/ile 'inseëning, inwyding, instelling' vgl. -find/el- 'inwy, seën'

om/shik/i/le 'dwarsbalkie waaraan die karringkalbas hang' vgl. -shik/el- 'skud, karring'

om/tal/el/s 'werkoms' vgl. -tal/el- 'kyk, kyk na'

om/d/il/il/o 'herkoms' vgl. -dj/el/el- 'vande aan kom, tevoorskyn kom'

KLAS 5, prefiks e-:

3.12 Deverbatiëwe in klas 5 dui nie soseer die handelswyse aan nie, maar eerder die handeling of proses self.

105/...

¹⁾ om/laul/u vgl. -laul/a: Normaalweg is die u-uitgang kenmerkend van adjektiefuitgange wanneer dit van wwe. afgelei is, vgl.: -kukuta 'droog word' > -kukutu 'droog, hard', -kula 'groot word' > -kulu 'oud'. -laula se uitgang as adjektief bly onveranderd, bv. ongobe ilaula 'swart bees'. Dit lyk dus asof die eindvokaal van omlaulu n nominale uitgang is. Dit is egter ook moontlik dat die adjektiefuitgang slegs in die leadjektiewe afleiding voorkom.

Die abstrakte begrippe wat so gevorm word, is terselfdertyd n versterkende of intensiewe weergawe van die handeling. Hierdie eienenskap moet aan die prefiks toegeskryf word. Die uitgangsvokaal is -o-

e/hondj/o 'naaldwerk/ vgl. -hondj- 'naaldwerk doen'

e/ly/o 'die etery' vgl. -ly- 'eet'

o/dik/o 'werfbou' vgl. -dik- 'pale plant, werf bou'

e/deng/o 'die slanery, straf' vgl. -deng- 'slaan'

e/dan/o 'die dans, spel' vgl. -dan- 'dans, speel'

e/long/o 'die werk, onderwys' vgl. -long- 'werk'

e/shang/el/o 'ortografie'¹⁾ vgl. -shang/el- 'skryf, skryf vir'

e/land/o 'die koop, kooptransaksie' vgl. -land- 'koop'

e/end/o 'reis' vgl. -end- 'loop, reis'

e/fufy/o 'leuen' vgl. -fufy- 'lieg'

e/kong/o 'die groot soekery = soektog' vgl. -kong- 'soek, jag'

KLAS 7, prefiks oshi-:

3.13 Deverbatiwe in die oshi- klas wat op -i uitgaan, is in die meeste gevalle sekondêre afleidings van deverbatiwe in klas 1. Sulke woorde is gevolglik ook doeners van n handeling, maar, getrou aan die wese van klas 7, het n derogatiwe betekenisinhoud:

on/hong/i 'leraar' > oshi/hong/i 'slegte leraar'
vgl. -honga 'houtneewerk doen, onderrig'

on/long/li 'werker' > oshi/long/i 'swak werker'
vgl. -longa 'werk'

106/...

1) eshangelo 'ortografie: kan as n sinoniem van onshangele 3 beskou word.

on/shang/i 'skrywer' > oshi/shang/i 'slegte
skrywer' vgl. -shanga 'skryf'
on/tal/i 'kyker' > oshi/tal/i 'iemand wat mense
bekyk of afkyk' vgl. -tala 'kyk'

3.14 Dit is ook moontlik dat dieselfde (of ander) woorde
wat op -i uitgaan n instrumentale betekenis kan hê, bv.

oshi/hong/i 'onderiginstrument, hulpmiddel;
"sendelingtaal" vgl. -hong- 'houtsneewerk
doen, onderrig'.
oshi/land/i 'iets waarmee gekoop kan word' vgl.
-land- 'koop'
oshi/pop/i 'iets wat praat, n praatding' vgl.
-popy- 'praat'
oshi/dan/i 'iets wat neganies dans, bv. n
speelpop' vgl. -dan- 'dans, speel'
oshi/tal/i 'kyk-instrument, bv. n verkyker'
vgl. -tal- 'kyk'

3.15 Deverbatiewe wat op -a uitgaan, dui meesal die blote
handeling aan. Dis dus te wagte dat sommige afleidings
sinonieme of byna sinoniem in bv. klasse 5 of 9 sal hê.
Saam met sekere werkwoordagtervoegsels word instrumente
benoem. Die betekenis van hierdie woorde kan baie
ooreen met deverbatiewe in klas 3 wat die handelswyse
aandui, behalwe dat die handeling in klas 7 dikwels
habitueel van aard is.

oshi/long/if/o 'instrument om mee te werk' vgl.
-long/if-
oshi/dik/o 'paalplantery, werfbouery' vgl.
-dik- 'pale plant'
oshi/dik/il/o 'pasbaarheid van n paal' vgl.
-dik/el- 'plant'
oshi/long/a 'die werk' vgl. -long- 'werk'.
oshi/shang/o 'skryfmanier, handskrif' vgl.
-shang- 'skryf'

oshi/shang/if/o 'skryfinstrument, bv. 'n pen'
vgl. -shang/if- 'laat skryf'

oshi/eend/o 'tog, rit' vgl. -end- 'loop, reis'

oshi/popy/o 'praterij'¹⁾ vgl. -popy- 'praat'

oshi/deng/o 'slanery'¹⁾ vgl. -deng- 'slaan'

oshi/deng/if/o 'slaanding' vgl. -deng/if-
'laat slaan'

oshi/yandj/a 'geeëry' vgl. -yandj- 'gee'

oshi/ongal/el/e 'vergadering' vgl. -ongal/el-
'versamel vir'

(Vir die onderstreepte voorbeelde, kyk par. 3.3)

3.16 Die habituele gedagte slaan duidelik uit in uitdrukkings soos die volgende:

okuna oshidengo 'let. hy het die slanery = hy
hou daarvan om gedurig te slaan'

okuna oshiyandja 'let. hy is met geeëry =
hy gee gedurig weg = is vrygewig'

okuna oshipandule 'let. hy is met dankbaar-
heidsbeluiging = hy sê voortdurend dankie'

okuna oshifufyo 'let. hy is met leuenpraterij
= hy ncig tot hierdie gewoonte'.

KLAS 9, prefiks o(N)-:

3.17 Klas 9 se afleidings onderskei hul van dié van vorige klasse deurdat hulle meer as net die blote resultaat, beoefenaar, proses of wyse van die handeling is. Die feit dat klas 9 benoemingsklas is vir nie-menslike dinge, word duidelik in die deverbatiewe weerspieël - hulle is benaminge vir een of ander doelgerigtheid of nuttigheid. Die eindvokaal is -o, maar enkele voorbeelde gaan op -e of -a uit. Ander voorbeelde van deverbatiewe wat op -e of -i eindig, is sense. In teenstelling met sommige ander klasse, is sekondêre afleidings uit ander klasse nie hier moontlik nie:

108/..

¹⁾n Nadere omskrywing van hierdie woorde sou wees:

die "praterij" is sonder los en vas; die "slanery" is doelloos, rond en bent.

on/ged/a 'spoggerige stap, vertoning' vgl.
-end- 'loop, reis'

o/hang/el/a 'besluit' vgl. -pang/el- 'besluit'
on/ghut/a 'pakkos' vgl. -kut- 'versadig wees'

o/dal/el/e 'inboorling' vgl. -dal/el- 'baar
vir, "in"'

on/h/il/e 'afgebrande veld' vgl. -py/el- 'brand
vir'

on/djash/e 'gewonde' vgl. -yash- 'skiet, verwond'
on/ghwat/e 'krygsgevangene' vgl. -kwat- 'vang,
gryp'

on/hund/e 'besoedeling' vgl. -pund- 'bedoedel'

on/ged/i 'pelgrim' vgl. -end- 'reis, loop'

on/dad/i 'spioen' vgl. -lav- 'spioeneer, verkoni'

on/hondok/i 'boodskapper, naellooper' vgl.
-tandok- 'hardloop'

o/xul/o 'einde, grensgebied' vgl. -xul- 'eindig'

on/ghong/o 'jaghond' vgl. -kong- 'jag, soek'

on/hang/o 'bevel, gebod' vgl. -pang- 'heers,
regeer'

on/hind/o 'skepding' vgl. -pind- 'skiep'

on/hit/e 'deurgang, geleentheid' vgl. -pit-
'deurgaan, uitkon, uitgaan'

o/ndjel/o 'reinheid, sinnedelikhed' vgl. -yel-
'helder word'

on/ghuw/o 'hulproep' vgl. -kuw- 'skree'

on/ghwat/o 'iets om mee te vat, bv. w pinset'
vgl. -lawat- 'vat, gryp'

on/handu¹⁾ 'enkele klap van die hande om dank-
baarheid te betuig' vgl. -pandul- 'die hande
klap.'

109/...

1) on/handu: Wat die uitgangs -u betref, word na reël
(iii) in par. 3.6 verwys. Dit is egter ook moontlik
dat -pandula bestaan uit *-pand- + -ul-.

KLAS 11, prefiks olu-, olw-:

3.18 Behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle, eindig die deverbatiewe in klas 11 almal op -o. Verder onderskei ons tussen afleidings wat net met die applikatiewe agtervoegsel kan verskyn en dié wat sonder werkwoordelike agtervoegsels gevorm kan word. Deverbatiewe wat die applikatiewe agtervoegsel vereis, druk in Afrikaans die uitvoerbaarheid van 'n handeling uit - dit kan met die Afrikaanse agtervoegsels "-baar, -baarheid" vergelyk word. Die deverbatiewe sonder werkwoordelike agtervoegsels druk frequentatiewiteit met habituele strekking uit. Getrou aan die betekenisinhoud van die olu- klas, moet dit ook gesien word in die lig van lang en dun voorwerpe en in 'n abstrakte vorm, in die uitgerektheid van die handeling. Die habituele gedagtes kom baie ooreen met deverbatiewe in die oshi- klas (7) wat eweens habitualiteit uitdruk:

Uitvoerbaarheid van 'n handeling:

olw/iik/il/edi¹⁾ 'aanpasbaarheid, gou gewoond-raking, tuisvoeling' vgl. -ik/el/edi 'gewoond raak aan'

olu/hong/el/o 'skaafbaarheid, skerpmaakbaarheid, bv. van pale' vgl. -hong/el- 'houtsneewerk doen, onderrig'

olu/shang/el/o 'skryfbaarheid' vgl. -shang/el- 'skryf vir'

olu/kal/el/o 'woonbaarheid' vgl. -kal/el- 'bly vir'

olu/kulu/p/il/o 'oud-wordbaarheid, d.w.s. iemand wat gou oud word' vgl. -kulu/p/el- 'oud word vir'

olu/p/il/o 'ontvlambaarheid' vgl. -p/el- 'brand vir'

110/...

1) -edi : naamwoordagtervoegsel, vgl. par. 4.26

olu/kwat/el/o 'verstaanbaarheid' vgl. -kwat/el-
'gryp, vang'

olu/kuw/il/o 'aanhoudende skreëry' vgl. -kuw/el-
'skree vir'

olu/deng/o 'die eienskap om altyd te wil slaan'
vgl. -deng- 'slaan'

olu/shang/o 'skryfmanier, sinonies van eshishango'
vgl. -shang- 'skryf'

olu/popy/o 'gedurige praterij van ander mense,
praatsiek, skinder' vgl. -popy- 'praat'

olu/eend/o 'reis, swerwery' vgl. -eend- 'reis,
loop'

olu/kong/a 'rusie, twis, moeilikheid' vgl. -kong-
'soek, jag'

olu/yash/o 'eienskap om gewoonlik raak te skiet'
vgl. -yash- 'skiet, verwond'

olu/pandu 'dankbaarheid' vgl. -pandul- 'dankbaar-
heid betuig'

KLAS 14, prefiks ou-, ow-:

3.19 Teoreties gesproke kan van alle werkwoorde selfstan-
dige naamwoorde in klas 14 gevorm word om abstrakte begrip-
pe van die handeling uit te druk. Deverbatiëwe kan vry-
lik op -i uitgaan in welke geval die abstraksies op die
handelinge van mense sui. Wanneer die uitgang -o is, kom
die naamwoorde baie ooreen met abstrakte begrippe in die
ander klasse, veral met dié van die plu- klas:

Frekwentatiwiteit met habituele strekking:

ow/eend/a 'kuierery' vgl. -eend- 'reis, loop'

ou/hondj/i 'naaldwerkery' vgl. -hondj- 'naaldwerk
doen'

ou/danauk/i 'spelerigheid' vgl. -dana/uk- 'baie
speel'

ou/long/i 'onderwysing, onderrig, werkery' vgl.
-long- 'werk'

ou/hong/i 'onderwys, houtsnyery' vgl. -hong-
'houtsneewerk doen, onderrig'

ou/shang/i 'skrywery' vgl. -shang- 'skryf'
ou/ond/i 'n tog' vgl. -ond- 'reis, loop'
ou/dik/il/o¹⁾ 'onstandigheid wat n werfbouery
moontlik maak' vgl. -dik/el- 'pale plant'.
ou/hondj/el/o 'naaldwerkdoenbaarheid' vgl.
-hondj/el- 'naaldwerk doen vir'
ou/dan/o 'dansery, spelery' vgl. -dan- 'dans,
speel'
ou/long/el/o 'leerbaarheid' vgl. -long/el-
'leer vir, werk vir'
ou/hong/el/o²⁾ 'skaafbaarheid, skerpmakbaarheid,
bv. van pale' vgl. -hong/el- 'houtsneewerk doen'
ou/kong/o 'die jag' vgl. -kong- 'soek, jag'
ou/haku 'genesing, geneesbaarheid' vgl. -haku-
'genees'
ou/shang/el/o³⁾ 'skryfbaarheid' vgl. -shang/el
'skryf vir'

Deadjektiewe:

- 3.20 Ons onderskei onder hierdie opskrif tussen:
- A. S.nw. wat van adjektiefstamme afgelei is en
 - B. Adjektiewe wat naamwoordelik gebruik kan word.
- 3.21 Adjektiewe as sodanig is klasgebonde, d.w.s. hulle verwys na die gekwalifiseerde s.nw. wat gekwalifiseer word met behulp van die adjektiefskakel. Hulle kan dus slegs naamwoordelik optree indien die betrokke s.nw. waarna verwys word, bekend is. Die voorbeelde onder A het geen sodanige verwysing nodig nie en is in die ware sin "deadjektiewe".

1) oudikilo sinoniem van oludikilo 11.
2) ouhongelo: sinoniem van oluhongelo 11.
3) oushangelo: sinoniem van olushangelo 11

A. Selfstandige naamwoorde wat van adjektiefstamme afgelei is.

3.22 Daar bestaan n aantal werkwoordstamme wat deur n verandering van die uitgangsvokaal ook as adjektiefstamme funksioneer. Van sommige van die adjektiefstamme wat so gevorm is, kan s.n.w.e. gevorm word. Sulke adjektiefstamme eindig op -u of -i. Bv.

ou/kul/u 'volwassene' vgl. -kul/u 'oud, volwasse' < -kul/a 'groot word'

ou/laul/u 'donkerte' vgl. -laul/a¹⁾ 'donker, swart' < -laul/a 'donker word'

ou/kukut/u 'vrek, hardkoppige' vgl. -kukut/u 'hard, droog' < -kukut/a 'droog word, wees'

ou/py/u 'kwaai persoon' of ou/py/u 'hitte' vgl. -py/u 'warm' < -py/a 'brand'

ou/yuuk/i 'regverdige' vgl. -yuuk/i 'reguit' < -yuuk/a 'reguit maak, wees'

ou/yapuk/i 'heilige persoon' of oshi/yapuk/i 'iets heiligs' vgl. -yapuk/i 'heilig' < -vapuk/a 'afsonder, kenkant hou'

ou/koshok/i 'rein, edel persoon' of ou/koshok/i 'reinheid' vgl. -koshok/i 'rein, edel' < -koshok/a 'reinig'

Dit wil voorkom of die eindvokale -u en -i adjektiewiese uitgange is.

3.23 Vergelyk egter gevalle waar die adjektiefstam op -e uitgaan:

ou/tilyaan/e 'blanke, "rooi"' vgl. -tilyaan/e 'rooi' < -tilyaan/a 'rooi word, wees'

ou/hol/ik/e 'beminde, geliefde' vgl. -hol/ik/e 'beminlik' < -hol/ik/a 'word liefgê, minbaar'

113/...

1) -laula vorm in hierdie groep voorbeelde die uitsondering deurdat die adjektiefstam nie op -u of -i uitgaan nie.

ou/yel/ele 'helderheid, netjiesheid van 'n plek'
vgl. -yel/el/e 'aan die kant, opgehelder' <
-yel/el/a 'lig, helder, skaon word'.

Afgesien van ontilyaane, mag die -e uitgang ook die "vokaalharmoniese" vorm van die werkwoord in die teenwoordige tyd wees.

3.24 Afleidings van suiwer adjektiefstamme kan wel gevorm word, maar dan het sulke afleidings 'n figuurlike betekenis, bv.

ovale 'rykes < -le 'lank'

ovanene 'hooggeplaasdes, "groot" mense' < -nene
'groot'

ovaxupi 'armsaliges, gebrekkiges' < -xupi 'kort'

Die oordragtelike betekenis slaan ook in ander gevalle uit - vgl. bv. van die voorbeelde in (i) hierbo. Maar t.o.v. bogenoemde voorbeelde, is dit van groot betekenis dat s.nwe. nie van suiwer adjektiefstamme gevorm kan word nie net behoud van die letterlike (afgeleide) betekenis van die stam nie. Om dit te kan doen, word van ander metodes gebruik gemaak. (Vergelyk (iv) en B.(a) hieronder.) Om te illustreer: ovale, ovanene, ovaxupi kan nooit gebruik word in die sin van "die langes", "die grotes", "die kortes" nie.

3.25 Deadjektiewe kan van alle adjektiefstamme in klas 14 gevorm word:

ounene 'grootheid, grootte' < -nene 'groot'

oupu 'ligtheid, maklikheid' < -pu 'lig, maklik'

oule 'lengte, hoogte' < -le 'lank'

ouwa 'goedheid, mooiheid' < -wa 'goed, mooi'

ouhapu 'hoeveelheid, meervoud' < -hapu 'baie'

3.26 Deadjektiewe word in klasse 1/2 gevorm met behulp van die stam -nhu < omnhu 'mens', wat in hierdie geval as agtervoegsel dien, bv.

om/nene/nhu 'die grote': om- : klasprefiks (1)
-nene : adjektiefstam
-nhu < omnhu : agtervoegsel

Verdere voorbeelde:

om/kulu/nhu 'ou persoon' vgl. -kulu 'oud'
om/djuu/nhu 'moeilike mens; swaar persoon, swanger vrou' vgl. -djuu 'swaar'
ova/kai/nhu 'vroulikes = vrouens' vgl. -kadi 'vroulik'
ova/lune/nhu 'manlikes = mans' vgl. -lune 'manlik'
ova/xupi/nhu 'kortes' vgl. -xupi 'kort'

B. Adjektiewe wat naamwoordelik gebruik word:

3.27 Die vorming van adjektiewe in KWANYAMA volg, veral in vergelyking met die ander Suidwestale, taamlik ingewikkelde reëls. Tot dusver bestaan nog geen finale uitsluiting oor al die aspekte nie. In tale soos Ndonga en Herero kan die adjektiewe morfologies nie van die naamwoorde onderskei word nie. KWANYAMA daarenteen onderskei 'n afsonderlike adjektiewe reeks. Daar is egter uitsonderings. Daarom kan dit op hierdie stadium geen kwaad doen om volledigheidshalwe op die volgende te wys nie:

Adjektiewe funksioneer substantiwies alleenlik wanneer:

3.28 'n Demonstratief voor die adjektief verskyn, bv.

klas 1 : ou pxupi otakwafange - 'hierdie' korte help my '-xupi = kort'

klas 5 : eli linene olange - 'hierdie' grote is myne '-nene = groot'

- klas 6 : aa mapu otaaleshwa - '(hierdie) maklikes word gelees '-pu = lig, maklik'
- klas 8 : oi iwa oinokuliwa - '(hierdie) goeies moet geëet word '-ya = goed, mooi'
- klas 9 : oi ii otaitupiyaaneka ashike - '(hierdie) slegte een hinder ons net '-i = sleg'
- klas 12 : aka katoka otakalotoka nawa - '(hierdie) witte hardloop goed '-toka¹⁾ = wit', ens..

3.29 Die adjektief as voorwerp:

- klas 15a : ondiwete oku kulaula - 'ek sien (hierdie) swarte '-laula = donker, swart'
- klas 7 : ohatukatomo ashi shitilyaane - 'ons sal (hierdie) rooie slag' (-tilyaane = rooi)
- klas 2 : epangolo otaliyakula ava vape - 'die regering verwelkom (hierdie) nuwes' (-pe = nuut)

3.30 Die kopulatiewe morfem o- vooraan die adjektief gevoeg word; met ander woorde, die predikatiewe gebruik van die adjektief kan substantiwies fungeer, bv.

- klas 1 : onnene, otakwafange 'dis die grote, hy help my = die grote help my'
- klas 2 : ovale, otavadulu okuka omti 'dis die langes, hulle kan die boom kap = die langes kan die boom afkap'
- klas 5 : olinene, otalitunge 'die grote stamp my'
- klas 9 : oii, otaitupiyaaneka ashike 'die slegte een pla ons net'

116/...

1)

-toka 'wit' net soos -laula 'donker, swart', fungeer onveranderd as werkwoord- en adjektiefstam.

- klas 10/(9) : odikulu, kadina oluhepo 'die
oues het geen gebrek nie'
klas 11 : oladjuu, ihalidulu okutumbwa
po 'die swaar een kan nie opge-
stel word nie', ens..

3.31 Adjektiewe van die stamme -lune 'manlik',
-kadi 'vroulik' en -ndena 'beskrywing vir vroulike
diere wat nog nooit gedek is of kleintjies gehad het
nie' gevorm word:

Tale soos Herero en Ndonga maak van die klasprefiks,
die aanvangsvokaal o- ingesluit, gebruik om adjek-
tiewe te vorm. Gevolglik kan die adjektiewe reeks
nie morfologies van die s.uwe. onderskei word nie.
KWANYAM. daarenteen het n afsonderlike reeks adjek-
tiefskakels om adjektiewe te vorm. Die drie stamme
hierbo vorm egter die uitsondering deurdat hulle,
net soos in die geval van die genoemde tale, ook van
die klasprefiks + aanvangsvokaal o- gebruik maak, bv.

-ndume < N + -lune 'manlik', -kadi, -nghadi
< N + kadi 'vroulik'

met verwysing na oshikonbo 'bok':

oshindume 'manlike bok, ram' oshikadi 'vrou-
like bok, ooi'

met verwysing na ekonbo 'benaming vir n groot bok':

endume 'manlike bok, ram'
ekadi 'vroulike bok, ooi'

met verwysing na ongobe 'bees':

ondume 'manlike bees; bul, os'
onghadi 'vroulike bees, koei'

met verwysing na eengobe 'beeste':

eendume 'manlike beeste; bulle, osse'
eenghadi 'vroulike beeste, koeie'

met verwysing na okakambe 'perd':

okandume 'manlike perd, hings'

okakadi 'vroulike perd, merrie'

3.32 -ndena 'diere wat nog nie kleintjies gehad het nie':

met verwysing na oshikombo 'bok':

oshindema 'bokkooi wat nog nooit gelan het nie'

met verwysing na ongobe 'bees':

ondema 'koei, vers wat nog nooit gedek is nie',
ens..

Die neiging bestaan vandag om bg. beskrywings met die besitskakels te versterk, bv.

3.33 oshikombo shoshindume 'let. die bok van manlikheid = manlike bok'

ongobe yonghadi 'let. die bees van vroulikheid = vroulike bees'

okakambe kokandume 'manlike perd', ens..

Deïdeofone:

3.34 Naamwoorde kan gevorm word van stamme wat geluide naboots. Gewoonlik is sulke stamme werkwoordstamme. Gevalle van klanknabootsing kom min in KWANYAMA voor.

omnduduno 3 of engungume 5 'donder < -nduduma 'geluid van donder'

ompwalakato 3 'donderslag' < -pwalakata 'geluid van die slag'

ekokwe 5 'neushoringvoël' < -kokwe 'geluid wat die voël maak'

epunhuhuhu 5 'bronvoël' van die geluid van 'n bronvoël

eyaayaa 5 'soort krick' < -yaayaa 'skreegeluid van die krick'

okapakapaka 12 'motorfiets' < -pakapaka 'geraas van 'n motorfiets'

oshifufuta 7 'geweer' < -fufuta 'geluid wat 'n geweer maak'.

HOOFSTUK IV.

AANVOEGSELS VAN DIE S.NW.

4.1 Gerieflikheidsshalwe onderskei ons drie tipes, nl.

- A. voorvoegsels, d.w.s. vormelemente wat vooraan die s.nw. gevoeg word.
- B. agtervoegsels, d.w.s. vormelemente wat agter aan die s.nw. gevoeg word.
- C. invoegsels, d.w.s. vormelemente wat slegs tussen voorafgaande vormelemente en die daaropvolgende s.nw. kan verskyn.

. Voorvoegsels:

4.2 Vooraan die stam van die s.nw kan die volgende vormelemente gevoeg word:

- (a) die klasprefikse
- (b) die aanvangsvokaal o- of die positiewe kopulatiewe o-
- (c) die besitskakels
- (d) die negatiewe kopulatiewe vormelemente ha- en ka-
- (e) die voegwoordelike element na-
- (f) die agentiewe morfem ku- "deur" saam met passiewe
- (g) die formatiewe nga- 'soos, netsoos', molwa- polwa- 'ter wille van' en pa- 'volgens'.

4.3 Die klasprefikse is breedvoerig in hoofstuk I behandel.

4.4 Die aanvangsvokaal o- en dié se verband met die positiewe kopulatief is in hoofstuk I, par. 1.102 - 1.111 bespreek.

Die besitskakels:

Vorming:

4.5 In 'n besitlike konstruksie volg die besitter op die besitting terwyl die genitiewe verhouding bepaal word deur 'n saangestelde morfeem wat na die betrokke klasprefiks van die besitting verwys. Hierdie saangestelde morfeem word die besit- of possessiefskakel genoem. Die besitskakel word gevorm met behulp van die afgeleide klasprefiksmorfeem¹⁾ van die besitting en 'n possessiewe uitgangsvokaal -a. Die besitskakel is dus klaasgebonde en onderskei hom in dié opsig van alle ander voorvoegsels. Hieronder volg 'n opsomming van die reeks:

<u>klas</u>	<u>besitskakel</u>
1 <u>om-</u> , <u>opw-</u> (< * <u>onu-</u>)	<u>wa-</u> < * <u>u/a</u>
2 <u>ova-</u>	<u>va-</u> < * <u>va/a</u>
3 <u>om-</u> , <u>opw-</u> (< * <u>onu-</u>)	<u>wa-</u> < * <u>u/a</u>
4 <u>omi-</u> , <u>omy-</u>	<u>da-</u> < * <u>di/a</u> volgens klas 10 gevorm
5 <u>o-</u>	<u>la-</u> < * <u>li/a</u>
7 <u>oshi-</u>	<u>sha-</u> < * <u>shi/a</u>
8 <u>oi-</u> , <u>oy-</u>	<u>ya-</u> < * <u>i/a</u>
9 <u>o(N)-</u>	<u>ya-</u> < * <u>i/a</u>
10 <u>ee-</u>	<u>da-</u> < * <u>di/a</u>
11 <u>olu-</u> , <u>olw-</u>	<u>la-</u> , soms <u>lwa-</u> < * <u>lu/a</u>
12 <u>oka-</u>	<u>ka-</u> < * <u>ka/a</u>
14 <u>ou-</u> , <u>ow-</u> ,	<u>wa-</u> < * <u>u/a</u> , of / <u>va-</u> volgens klas 2
15 <u>oku-</u> , <u>okw-</u>	<u>kwa-</u> < * <u>ku/a</u>
16 <u>pu-</u> , <u>pw-</u>	<u>pwa-</u> < * <u>pu/a</u>
17 <u>ku-</u> , <u>kw-</u>	<u>kwa-</u> < * <u>ku/a</u>
18 <u>mu-</u> , <u>mw-</u>	<u>mwa-</u> < * <u>mu/a</u>

120/...

1) Afgeleide klasprefiksmorfeem : vgl. par. 1.2

Gebruik:

4.6 Besitskakels tree hoofsaaklik as prefigale morfeme op¹⁾ wat saam met daaropvolgende s.nwe., absolute voornaamwoorde, demonstratiewe en besitlike voornaamwoorde possessiewe konstruksies vorm. Voor s.nwe. wat op vokale begin, val die uitgangsvokaal -a van die besitskakel weg. Voor demonstratiewe wat op vokale begin, bly die uitgangsvokaal behoue terwyl vokaalsamesmelting plaasvind saam met die besitlike voornaamwoordstamme van die 2de pers. ekv. en mv. en die 1ste pers. mv. Ons volstaan met enkele voorbeelde saam met s.nwe. Die syfers daarna dui die klas of klasse aan waarna die besitskakel verwys:-

doshiunda < *da/oshi/und/a 'van die kraal' 4, 10
watate < *wa/tat/o 'van vader' 1, 1a, 3, 14
shonshiinda < *sha/bn/shiind/a 'van die buurman'
vokoyana < *va/o/ku/o/yan/a 'van (by) die
"oshanas" 2
kondjuwo < *ka/o/ndjuwo 'van die huis' 12, ens..

Besitskakels van die lokatiefklasse:

4.7 Die lokatiefklasse gebruik hul eie, d.w.s. klasgebonde besitskakels slegs onder bepaalde grammatiese omstandighede, vgl:-

Klas 16, pu-: poina pwange (< *pwa/nge) - my plek
pombada opwaKalunga (< *o/pwa/Kalung/a)
let. die bokant. is van die Here = dit behoort aan Hom.
pondje opweembwa (< *pwa/ee/nbw/a)
let. die buitekant is van die honde =
buite is die honde (fig. bedoel)
121/...

1) In terme van ons definisie hierbo kan besitskakels soms as tussenvoegsels verskyn. Dit gebeur wanneer die kopulatiewe o- of die voegwoordelike voorlelement na- die besitskakel voorafgaan, bv.: met verwysing na ovanhu 'nense': novomkunda ou < na- + o- + va- + omkunda 'en dit is van hierdie wyk = van hierdie wyk afkomstig'.

Klas 17, ku-:

konima okwoye (< *o/kwa/oye) - let. die agter is van jou = jy behoort agter te bly.

kofuka okweifitukuti (< *o/kwa/oi/fitukut/i)
let. daar in die veld is van die diere = die veld behoort aan die diere.

Klas 18, mu-:

moshiunda omweengobe (< *o/nwa/ee/ngob/e)
let. in die kraal is van die beeste = behoort aan die beeste.

mondjuwo omwohanba (< *o/nwa/o/hamb/a)
- let. in die huis is van die kaptein = die binne-huis is die kaptein s'n, is sy private plek.

Hieruit volg dat bg. besittlike konstruksies altyd die prefigering van die kopulatiewe o- vereis, behalwe in die geval van poina 'plek'.

4.8 Soos reeds genoem, toon die voorbeelde in par. 4.7 hierbo, dat lokatiewe (as besitting) hulle die skakels in 'n konstruksie kan inspan. Maar wanneer dieselfde of ander lokatiewe as bywoorde van plek of tyd fungeer, word die besittkakel van die klasprefiks van die oorspronklike s.n.w. gevorm, voorbeelde:

meni < *mu/eni 'binne' b.sk. la- 5, bv.
meni longulu 'binne die gebou'

konesho < *ku/omesho 'voor, eers' b/sk. a- 6, sens ya- 9 bv.

konesho oshiongalele, sens yoshiongalele 'voor die vergadering'

monbada < *mu/ombada 'bo' b/sk. ya- 9, bv.
monbada yeulu 'bo die hemel'

konima < *ku/onima 'agter' b/sk. ya- 9, bv.
konima yonhunda 'agter die berg'

pondje < *pu/ondje 'buite' b/sk ya- 9, bv.

pondje yondjuwo 'buite die huis'

komatake 'agter' < *ku/omatake 'beude, b/sk. a-

6, bv. komatake ange 'agter my'

koshipala 'voor' < *ku/oshipala 'gesig', b/sk.

sha- 7, bv. koshipala shoye 'voor jou'

kolumosho 'links' < *ku/olumosho 'linkerhand',

b/sk. la-, lwa- 11, bv. kolumosho longulu
'links van die gebou'

pokati < *pu/okati 'middel, tussen', b/sk.

ka- 12, bv. pokati komiti 'tussen die bome'

Die negatiewe kopulatiewe vormelement ha- en ke-:

4.9 Die negatief van die kopulatief word met ha- gevorm:

positief

negatief

ɔnɔnɔhu 'dis n mens'

haɔnɔhu 'dis nie n mens nie'

ɔnɔbo 'dis n boek'

haɔnɔbo 'dis nie n boek nie'

ɔngobe 'dis beeste'

haɔngobe 'dis nie beeste nie'

ɔufiku 'dis nag'

haɔufiku 'dis nie nag nie'

ɔoHaufiku 'dis Haufiku-
mulle'

haɔoHaufiku 'dis nie Haufiku-
mulle nie', ens..

In die geval van die prefiks van klas 5 e-, word die hele prefiks deur ha- vervang.

4.10 Naas ha- maak KWANYAMA ook gebruik van die morfeme ke fi om die negatief van die kopulatief uit te druk; ke- is die verkorte vorm daarvan. Voorbeelde:-

kennhu 'dis nie n mens nie'¹⁾

123/...

1) Die negatief van die kopulatief met ke- het soms n figuurlike betekenis: kennhu mag beteken "dis nie n mens nie" in die sin dat n persoon onmenslike eienskappe openbaar. Hannhu moet in n letterlike sin opgeneem word.

kaengobe 'dis nie beeste nie'¹⁾

kenbo 'dis nie n boek nie'

kaotate 'dis nie vader-hulle nie', ens..

Die voegwoordelike element na- 'en, met':

4.11 Funktioneel kan na- onder twee hoofde behandel wor²⁾, nl. as n nie-verbale morfeem en as n verbale morfeem.

4.12 na- as nie-verbale morfeem:

Ons onderskei verder tussen n voegwoordelike, assosiatiewe en instrumentale funksie van na-.

(i) na- voegwoordelik gebruik:

ongobe noshikombo (< *na/oshikombo) - die bees en die bok.

ane nakaune kange 'ek en my vriend'

needila (< *na/eedila) - en die voëls, ens..

(ii) na- met assosiatiewe betekenis:

ohatuendo neekahewa ketu 'ons stap saam met ons vriendinne'

otakakonga noubwa yave 'hy gaan jag met sy hond'

otavaiubi neongalo 'hulle sing saam met die gemeente, ens..

(iii) na- met instrumentale funksie:

ohandike nekuva 'ek kap met n byl'

ohatushange neepena 'ons skryf met penne' ..

otapopi neenghono 'hy praat met krag', ens..

124/...

¹⁾ Dit wil voorkom asof die vormelement ka is en na ke verander voor die werkw. fi. Dit sou gevolglik n toevoeging kon wees tot die algemene reël soos in par. 1.13 uiteengesit.

4.13 na- as verbale morfeem:

Dat na- inderdaad ook as werkwoord kan fungeer, word bewys deur die feit dat na- o.a. werkwoordelike voor- en agtervoegsels neem, vgl. -nawa (pass.) -nole (appl.) -nenafana (resiprokalis), -lina (refleksief). Onder hierdie opskrif is ook 'n onderverdeling moontlik, nl. na- met 'n werkwoordelike funksie en na- as modusvormende morfeem. Ons het in hierdie studie nie met werkwoorde as sulks te doen nie, maar aan die ander kant tree dit altyd direk voor nomina op in welke geval die uitgangsvokaal -a - soos in die geval van die meeste ander preminale vormelemente - wegvallend voor nomina wat op vokale begin. Ons het dus hier met 'n tweeledigheid te doen. Volledigheidshalwe word enkele voorbeelde gegee. Daarby moet opgemerk word dat na- los van die daaropvolgende geskryf word wat in navolging van die amptelike ortografie is:

ondina embo 'ek het 'n boek'
ovena eengobe dihapu 'hulle het baie beeste'
ya okuna opena nembo 'hy het 'n pen en 'n boek',
ens..

4.14 na- met modusvormende eienskappe:

Omdat daar geen vormlike verskille tussen die verskillende gebruik van na- bestaan nie, is dit moeilik om te bepaal of 'n mens in alle gevalle met die een en dieselfde morfeem te doen het en of daar moontlik meer as een oorsprong is. Volledigheidshalwe word ook die volgende gegee:

Wanneer na- voor woorde in klas 15 te staan kom, d.w.s. voor infinitiewe, druk dit "met" of noodsaaklikheid uit, bv.

ondina okulonga 'ek is met om te werk =
moet werk'
ovena okushifuta 'hulle is met om dit te
betaal = moet dit betaal'
ovena okupwilikina 'hulle moet luister, oplet'
ens..

Die agentiewe morfoem ku- saam met passiewe:

4.15 Met behulp van ku- word passiewe konstruksies gevorm en is dit vertaalbaar met "deur", bv.

ohandidengwa korlongi (< *ku/omlongi) - ek word deur die onderwyser geslaan'

ofikola oyayeululwa kelenga (< *ku/elenga/) - die skool is deur die hooggeplaasde geopen.

oshaningwa kulvelye? 'deur wie is dit gedoen?' ens..

Die volgende vormelemente:

4.16 nga- 'soos, net soos':

nga- is n verkorte vorm van die voegwoord ngaashi 'soos, net soos' met dieselfde betekenis. As gevolg van elisie van die uitgangsvokaal -a voor nomina wat op vokale begin, word dit vas daaraan geskryf en gevolglik soos n prenominaale vormelement behandel. Voorbeelde:

ngomhongi (< *nga/omhongi) - soos, netsoos die sendeling.

otavali ngumuna (< *nga/oimuna) - hulle eet soos vee.

otamuningi ngatate (< *nga/tate) - julle maak soos my pa, ens..

4.17 molwa-, polwa- 'ter wille van':

molwoshiwana (< *molwa/oshiwana) - ter wille van die volk.

molwaneme (< *molwa/meme) - ter wille van my moeder.

molwombili (< *molwa/ombili) - ter wille van die vrede

Vir bykomende illustrasie, vergelyk die volgende:

omolwoye (< *o/pelwa/oye) awene - dit is ter wille van jouself = dis jou die saak
molwashike? (< *molwa/(o)shike) - ter wille van wat = om welke rede?

Daar is geen verskil in betekenis tussen die vorme molwa- en polwa- nie en word vrylik as wisselvorme gebruik, behalwe in die geval van die vraagwoord molwashike?

4.18 pa- 'volgens, ooreenkomstig':

Die daaropvolgende aanvangsvokaal van nomina word deur pa- verdring.

paendjovo (< *pa/eendjovo) daye - volgens sy woorde

paveta (> *pa/oveta) - ooreenkomstig, kragtens die wet.

Evangelii paLukas - die Evangelie volgens Lukas, ens..

Kombinasies van voorvoegsels:

4.19 Nie meer as twee voorvoegsels kan gekombineer word nie (dit is as die klasprefikse en die aanvangsvokaal o- buite rekening gelaat word). Die eerste van die twee voorvoegsels is altyd die voegwoordelike vormelement na-, voorbeelde:-

na- in kombinasie met

(a) besitskakels:

nowatate (< *na/(o)/wa/tate) - en, ook vader s'n.

(b) die agentiewe morfeem ku-:

nokoplongi (< *na/(o)/ku/oplongi) - en, ook deur die onderwyser

- (c) die verkorte voegwoord nga-
nongcuhongi (< *na/(o)/nga/uhongi) - en
ook soos die sendeling.
- (d) die vormelemente molwa-, polwa-:
nomolwashiwana (< *na/(o)/molwa/oshiwana)
- en, ook ter wille van die volk
- (e) die vormelement pa-:
nopaveta (< *na/(o)/pa/eveta) - en, ook
volgens die wet

Vir 'n verklaring vir die verskyning van die vokaal o-
tussen die twee voorvoegsels, vergelyk par. 1.109

B. Agtervoegsels:

4.20 Die intensiewe agtervoegsel -elela:

Die agtervoegsel -elela verleen 'n intensifiserende betekenis aan die betekenis van selfstandige naamwoorde en is vertaalbaar met beskrywende begrippe soos, "opregte", "egte", "ware", "gocie", "werklike", "regte".

enti 'boom' + -elela > entyelela 'n ware boom'
onlongi 'onderwyser' + -elela > onlongyelela
'n regte, gocie onderwyser'
onhunda 'berg' + -elela > onhundelela 'n regte berg'
ondudu 'oordokter' + -elela > ondudwelela 'n op-
regte oordokter', ens..

Konsonantalisasie van die uitgangsvokale -i en -u na
respektiewelik -y- en -w- vind plaas wanneer hulle
deur -elela gevolg word.

4.21 Die diminutiewe agtervoegsel -ona of -ena:

Die agtervoegsel -ona gaan gewoonlik gepaard met woorde
in klas 12 oka-. Wanneer die s.nwe. diere of mense is,
druk dit die jonges of kleintjies daarvan uit. In die
geval van nie-lewende wese is daar sprake van 'n
dubbele verkleining:

okati 'stokkie' + -ona > okatyona 'klein stokkie'
okanyofi 'sterretjie' + -ona > okanyofyona 'klein
sterretjie'
okatana 'kalf' + -ena > okatanwena 'jong, of
klein kalfie'
okambabi 'duikertjie' + -ona > okambabyona
'duikerlam'
okakombo 'bokkie' + -ena < okakombwena 'boklam-
mertjie'

Net soos in die geval van -elela, verander die uitgangsvokale van die naamwoorde -i, -u na respektiewelik -y- en -w- voor -ona of -ena.

4.22 Die persoonlike voornaamwoorde ove 'jy' en nye 'julle' as agtervoegsels:

Dit is algemene gebruik in KWANYAMA om die voornaamwoorde ove en nye in vokatiefvorme as suffikse te gebruik. Daarby vorm hulle met die voorafgaande s.nw. n hegte eenheid sodat hulle vasgeskryf word. Baie vokatiefvorme bestaan nie sonder die voornaamwoorde nie:

omhuove! < *omhu/ove 'jy kêrel!'
ovanhunya! < *ovanhu/nye 'julle kêrels!'
kamenhuove! < *okakumenhu 'mannetjie!' ove
jy kêreltjie, mannetjie!'
vamatinye! < ovamati 'seuns' nye 'julle seuns!'
mlungaave! < omlunga 'dief' ove 'jy skelm'
kakwanauetaave! 'jy van doppies-hebbende!' <
oka- 12, -kwa- (invvoegsel) -na- (invvoegsel,
'besit') oupeta (doppies, verkleinvorm vir
skilpaddop) ove -.verkleinerende aanspreek-
vorn van n skilpad.

4.23 Die agtervoegsel -nhu:

Die stam -nhu < omhu 'mens', het blykbaar ook n plek-aanduiende betekenis. In KWANYAMA kan die stam as nominale agtervoegsel optree in die volgende twee gevalle:

(i) -nhu is rigtingaanduidend:

kombwengenu 'in die rigting van die Kavango' vgl. Onbwenge 'die Kavango'

kondonganhu 'in die rigting van Ndongaland, suidwaarts' vgl. Ondonga 'Ndongaland'

oumbangalanhu 'in 'n westelike rigting, weeswaarts' vgl. Oumbangala

koushimbanhu 'in die rigting van Hereroland, suidwaarts' vgl. Oushimba 'Hereroland'

ombuwanhu 'in die rigting van die woestyn, woestynwaarts' vgl. ombuwa 'woestyn', ens..

Dit lyk aanneemlik dat -nhu na die mense van die landstreek verwys.

(ii) -nhu is hoedanigheid of eienskapaanduidend:

oplonginhu 'n hardwerkende persoon' vgl. oplongi 'werker'

opfukenu 'n gulsige persoon' vgl. opfuke 'n gulsige eter'

ovanenenhu 'groot, belangrike mense' vgl. -nene 'groot' en ovanene 'belangrike mense'

ombodonhu 'slordige persoon' ens..

4.24 Die agtervoegsel edi:-

Soos -nhu, dui -edi ook eienskappe aan met dié verskil dat dit 'n habituele strekking het, bv.

omshangedi 'n persoon wat neig om gedurig te skryf' vgl. omshangi 'skrywer'

oppopyedi 'n persoon wat voortdurend iets te sê het = grootprater' vgl. oppopi 'prater'

onvakwedi 'iemand wat voortdurend onder die indruk verkeer dat hy besteel is' vgl. onvakwa 'berooft' ens..

4.25 Die agtervoegsel -omwa:

Hierdie suffiks druk die resultaat of produk van n handeling uit, bv.

oshilongomwa 'iets wat geproduseer word, produkte' vgl. die werkwoord -longa 'werk'

oshitungomwa 'iets wat gevleg word, bv. mandjies vgl. -tunga 'vleg, bou'

oshipopiwomwa 'dit wat bepraat word, bespreking, wat iets opgelewer het' vgl. -popiwa 'word gepraat'

oshishangomwa 'dit wat geskryf word, soos leesreekse wat opgestel word' vgl. -shanga 'skryf' ens..

4.26 Dit is opvallend dat sommige agtervoegsels hoofsaaklik beperk is tot bepaalde klasse: So verskyn -ona hoofsaaklik met woorde in klas 12, -nhu en edi met woorde in klas 1 en -omwa met woorde in klas 7.. Sommige gevalle vorm ook abstraksies in klas 14, bv.

oudenganhu 'slaanbehepthed, slaangekheid' vgl. -denga 'slaan'

oulonginhu 'eienskap van hardwerkendheid' vgl. -longa 'werk'

oupopyedi 'grootpraterigheid' vgl. -popya 'praat' ens..

C. Invoegsels.

4.27 -na as verbale morfeem ("hê", "besit") word tussen die klasprefiks en n daaropvolgende s.nw. geplaas om sodoende die besitters van eiendom of eienaars van iets uit te druk.. In die proses word die aanvangsvokaal van die s.nw. wat op -na- volg, verdring. Die letterlike vertaling van n voorbeeld soos

onnaengobe < on- (prefiks klas 1) + -na-
'besit' + eengobe 'beeste'

sou kon wees: "persoon hebbende beeste", d.w.s. "beescienaar". Enkele verdere voorbeelde:

onnafitola < on/na/ofitola 'winkelcienaar'

onneumbo¹⁾ < on- + na/eumbo 'huiscienaar, baas van die huis'

onnaendunge < on/na/eendunge 'persoon met verstand, n slimme'

onnaushimba < on/na/ushimba 'kontrakarbeider: ushimba = Hereroland en sinoniem met polisie-sonse waar die Wambo slegs as kontrakarbeiders toegelaat word'

onnailongo < on/-na/oilongo 'persoon wat lande het, d.w.s. iemand wat verskillende lande het, verskillende tuistes, uitlander', ens..

4.28 Die invoegsel -kwa-:

Die vormelement -kwa- dui die groep, volk, stam of sibbe aan waaraan iemand behoort; -kwa- bepaal dus die herkoms van n persoon. Dikwels gaan die gebruik van -kwa- gepaard met die gebruik van -na-. Dit lyk waarskynlik dat -kwa- die besitkakel van klas 17 ku- is - vandaar die aanduiding waar n persoon vandaan kom. Ook die konstruksie is basies dieselfde soos dié van par. 4.27 hierbo, nl.

klasprefiks + -kwa- + (-na-) + s.nw.,

onKwanyana < *on/kwa/onyana²⁾ 'kwanyanaperson'

132/...

1) onneumbo: In klas 5 se geval verloor -na- sy vokaal in plaas daarvan dat die prefiks (e-) verdring word.

2) *onyana 'vleis': Volgens oorlewering is die naam Kwanyana deur die ander Wambo-stamme gegee en is die bedoeling dat die KWANYAMA tot die "vleisgroep" behoort. Eienaardig genoeg word die tipiese Bantoe-woord vir vleis, nl. onyana, nie deur die KWANYAMA gebruik nie (Tönjes, "Ovamboland: Land, Leute, Mission"; Berlin, 1911).

onKwanghala < *on/kwa/onghala 'iemand wat niks besit nie, Boesman'

onKwanbwenge 'iemand van die Kavango afkomstig, Kwengali'

onkwafuka < *on/kwa/ofuka 'iemand van die bos, bosbewoner'

onkwanangobe < *on/kwa/na/engobe 'iemand behorende tot die heessibbe'

onkwanekamba < *on/kwa/na/ekamba¹⁾ 'iemand behorende tot die hiënasibbe'

onkwananghali < *on/kwa/na/eenghali 'iemand wat tot die groep van rouklaers behoort; eenghali = klagliedere', ens..

Vergelyk ook: ove onkwashike? < *on/kwa/(o)shike
'van watter ras, volk, nasie is jy?; shike? = wat?'

1) Slegs die mv. van ekamba, nl. onakamba is in gebruik en beteken "hiëna- of wolfstreke".

HOOFSTUK V

O P S O M M I N G.

Die klasprefikse (Hoofstuk I):

5.1 Die meeste klasprefikse word voorafgegaan deur die aanvangsvokaal o-. By sommige klasse is die o- van B. ʒa- afleibaar. Waarskynlik na analogie hiervan verskyn o- ook voor die ander prefikse (vgl. par. 1.3).

5.2 Die positiewe identifiserende kopula is ook o-.

5.3 By die lokatiewe klasse en klas 1a ontbreek die aanvangsvokaal.

5.4 o- val weg in die vokatief, persoonifieerde vorme, gevalle waar sommige prenominale morfeme optree en in denominatiewe bywoorde.

Verband tussen sommige klasse:

5.5 Die morfologiese afleidings van die klasprefikse bring die verband tussen sommige klasse en neigings tot klasverskuiwings duideliker uit:

(a) Klas 4 het sy eie skakels en pronomina ten gunste van dié van 10 prysgegee.

(b) Klas 14 (as enkelvoudsprefiks) gebruik alle morfologiese afleidings van 2.

(c) Personifikasie van diere in klasse 9 en 12 mag verklaar vir die verskuiwing van baie diere na 1a.

- (d) Klas 11 neem die skakels en pronomina van 5 - die rede.blyk n fonetiese een te wees (vgl. par. 1.63).
- (e) Klas 13 het in die Wambotale weggeval - klas 14 neem sy plek in.

5.6 Die lokatiefklasse.

- (a) Hierdie klasse verskyn nooit voor s.nw. stamme nie (uitgesonderd voor dié in 1a).
- (b) Hulle besit volledige skakel- en pronominale reekse en speel n ten volle benutte rol met n hoë gebruiksfrekwensie.
- (c) Die enklitika po, ko, mo blyk die voorwerp-skakels te wees. Vormlik weer, lyk hulle identies aan die ooreenstemmende absolute voornaamwoorde (vgl. par. 1.89).

Klasprefikskombinasies:

5.7 n Groot aantal klasprefikse kan in verskillende kombinasies voor stamme optree (vgl. par. 1.90 tot 1.101).

Die betekenisinhoud van die klasse (Hoofstuk II):

5.8 n Benadering wat binne die raamwerk van die taal self val, word as uitgangspunt geneem:

5.9 Daar is klasse met duidelike, afgebakende inhoudsbetekenis terwyl ander minder duidelik omlin is met skynbaar n verskeidenheid van onderwerpe (par. 2.7).

5.10 n Basiese indeling bestaan tussen n mensklas en nie-mensklasse. Op sy beurt onderskei die nie-mensklasse n basiese "naamgewingsklas" (9/10) en die beskrywende klasse. Laasgenoemde bevat begrippe wat enersyds positief en andersyds negatief van aard is,

soos bv. uitstaande en opvallend of geringskattend en minderwaardig; verder rond, groot, klein, lank, dun. Klas 14 is vir abstrakta. Die infinitiefklas en lokatiewe klasse is streng vir hul doel gereserveer.

Deverbatiewe (Hoofstuk III):

5.11 Die semantiese implikasies van die uitgangsvokale en die klasprefikse op die inhoudsbetekenis van werkwoordstamme word geïllustreer. Die uitgang i- dui op die beoefenaars van 'n handeling (klas 1), maar -i kom ook voor in klasse 7 en 14. Uitgang -o is nie-mense en dui op aspekte van die handeling self.

Deadjektiewe:

5.12 Wanneer die uitgangsvokaal van baie werkwoorde met -u of -i vervang word, dien hulle as adjektiefstamme.

5.13 S.nwe. kan nie van "suiwer" adjektiefstamme gevorm word nie, tensy dit 'n oordragtlike betekenisverandering ondergaan (vgl. par.3.24). Om substantiwies te kan fungeer, word van ander metodes gebruik gemaak (par. 3.28 tot 3.33).

Aanvoegsels van die naamwoord (Hoofstuk IV):

5.13 Daar word gerieflikheidshalwe onderskei tussen voor-, agter- en invoegsels waarvan die volgende hier behandel word:

5.14 Voorvoegsels, soos

besitskakels

die vormelement na- met sy verskillende gebruike

nga- 'soos'

molwa-, polwa- 'ter wille van'

pa- 'volgens'

5.15 Agtervoegsels soos -elela 'intensief'

-ona, -ena 'diminutief'

-nhu < omnhu 'rigtingaanduidend asook hoedanigheidsaanduidend, ens.'

5.16 Die vorme -na- en -kwa- as invoegsels.

BLADSY 136 BESTAAN NIE


BRONNELYS.

- Anoniem, 1964 The Principles of the International Phonetic Association, London, W.C.I. 53 p.
- Brincker, P.H. 1897 Deutscher Wortführer für die Bantu-Dialekte Otjihérero, Oshindónga und Oshikuanjama. Elberfeld, R.L.Friderichs u. Comp. 662 p.
- Brincker, P.H. 1891 Lehrbuch des Oshikuanjama. Berlin, Spemann, Bd. 8
- Bourquin, W. 1923 Neue Ur-Bantu-Wortstämme. Berlin, Dietrich Reimer. 256 p.
- Cole, D.T. 1955 An introduction to Tswana grammar. Cape Town, Longmans. 473 p.
- Doke, C.M. 1963 Textbook of Zulu grammar. Cape Town, Longmans. 387 p.
- Doke, C.M. 1933 Preliminary investigations into the State of the native languages of South Africa with suggestions as to Research and the development of literature. Bantu Studies. vol.VIII, no.1 1-32.
- Departement van Onderwys, S.W.A.1966 Kwanyama Spelreëls No.1. Windhoek. 47 p.
- Guthrie, M. 1967 Comparative Bantu. Farnborough, Gregg Press Ltd. vol. 1
- Louw, J.A. 1968 The semantic structure of classes 3, 4, 5 and 6 in Xhosa. LIMI, no. 5 15 - 26.
- Louw, J.A. 1969 The semantic structure of classes 3, 4, 5 and 6 in Xhosa. LIMI, no. 7 27 - 55.

- Meinhof, C. 1948 Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen. Hamburg, Von Eckardt & Messtorff. 235 p.
- Meinhof, C.& N.J. van Warmelo, 1932 Introduction to the phonology of the Bantu languages. Berlin, Dietrich Reimer. 248 p.
- Tirronen, T.E. 1960 Praktiese Ndonga. Oniipa, Finse Sendinggenootskap.
- Tobias, G.W.R. & B.C.H.Turvey, 1965 Englich - Kwanyama Dictionary. Johannesburg, Witwatersrand University Press. 199 p.
- Tönjes, H. 1910 Lehrbuch der Ovambo-sprache Osikuanjama. Berlin, Dietrich Reimer. Bd. 24
- Tönjes, H. 1910 Wörterbuch der Ovambo-Sprache - Osikuanjama - Deutsch. Berlin, Dietrich Reimer. Bd. 25.
- Van Eeden, B.I.C.1956 Zoeloe-grammatika. Stellenbosch, Die Universiteitsuitgewers en boekhandelaars. 777 p.
- Volschenk, P.A.1968 Herero, a morphological Survey. Windhoek. Ongepubliseerde M.A. verhandeling.
- Ziervogel, D. 1961 A handbook of the Venda language. Pretoria, University of South Africa. 239 p.

KLANKKAARTE VAN KWANYAMA

VOKAALKAART



OPMERKINGS:

1. Die 5 vokale stem nagenoeg ooreen met die ooreenstemmende kardinale vokale van die I.P.A. vokaalkaart.
2. Die 5 vokale kom distinktief as lank of kort voor.
3. Daar is geen verlenging van vokale op die voorlaaste lettergreep nie.
4. Vir 'n vollediger beskrywing van die vokale, vgl. die "Kwanyama Spelreëls no.1", Windhoek 1966, pp. 10 - 18.

140/...

KONSONANTKAART

A R T I K U L A S T I E P L E K

ARTIKULASIE WYSE	Bilabiaal		Labio-dentaal		Alveolêr		Palato-alveolêr		Palataal		Velêr		Glottaal	
	SH	SL	SH	SL	SH	SL	SH	SL	SH	SL	SH	SL	SH	SL
Eksplosiewe	[b]	[p]			[d]	[t]						[k]		
Frikatiewe			[v]	[f]				[ʃ]				[x]		[h]
Laterale					[l]									
Nasale: Stemloos-geaspireerd	[m]	[mh]			[n]	[nh]			[ɲ]			[ŋ]		
Halfvokale	[w]								[j]					
Affrikate							[dʒ]	[tʃ]						
Nasaal-kombinasies	[mb] [m̥b̥]				[nd]		[ndʒ]							

SH = Stemhebbend

SL = Stemloos

OPMERKINGS :

1. [x] en [h̥] is posisionele variante van een foneem.
2. mh < N + p, nh < N + t, ng < N + k het hulle kombinasie-karakter verloor en is tot stemloosgeaspireerde nasaal-foneme gereduseer.
3. In die meeste gevalle kan die klanke hierbo met die halfvokale y en w kombineer. Die volgende verdien vermelding:

fy [fj ~ f_w ~ s̥] soos in fye 'ons'.
py [pj ~ p_w] soos in epya 'saailand'
vy [vj ~ v_w ~ z̥] soos in vyula 'reguit maak'
ly [lj] soos in olyelye? 'wie?'
tw [tw ~ tp] soos in omtwe 'kop'
3. Sillabiese m[m] : vgl. paragrawe 1.7 en 1.8

Vir verdere beskrywings word na die "KWANYAMA SPELREÛLS NO. 1" verwys, Windhoek 1966, p.20 - 26.

oooo000oooo

O P S O M M I N G

DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN KWANYAMA

deur

W¹olfgang Zimmermann



In Hoofstuk I word die vorme van die klasprefikse van die naamwoord in Kwanyama uiteengesit. Daaruit blyk o.a. dat die meeste van hierdie klasprefikse met die vokaal o- begin. Soos in ander Bantoetale vorm die klasprefiks die basis van alle skakel- en voornaamwoordelike afleidings.

Die lokatiefklasse 16, 17 en 18 vorm n eie groep wat nie n beginvokaal het nie.

Die morfonologiese veranderinge wat in klasse voorkom, word ook behandel. Hier kom die interessante verskynsel voor van assimilasie van die vokaal van die klasprefiks aan dié van n vokaalwerkwoordstam met n gevolglike lang lettergreep.

Die veelvuldige voorkoms van kombinasies van klasprefikse word duidelik aangetoon.

Die weglating van die aanvangsvokaal onder bepaalde omstandighede word uitvoerig verduidelik.

Hoofstuk II behandel die betekenisinhoud van die klasse. Elke klas word hiervolgens in onderafdelings verdeel en word daar aangetoon wat die vernaamste soort naamwoorde in elke klas is.

Hoofstuk III wys hoe naamwoorde van werkwoorde en ander stamme afgelei kan word en veral watter prefikse en vokaaluitgange vir elke soort afleiding gebruik word. Vervolgens word die gebruik van ander vormelemente wat aan volledige naamwoorde gevoeg word, uiteengesit (Hoofstuk IV). Dit sluit o.a. ook agtervoegsels in wat intensiwiteit, bepaalde eienskappe, ensomeer aandui. Ten slotte volg n aantal invoegsels.

In die laaste hoofstuk word die belangrikste gevolgtrekkings opgesom.